DSPACE

https://dspace.org/

n Sosiolinguistiese ondersoek na sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings in die Afrikaans van Xhosas

Kotze, Ernst Frederick

2015-05-18
http://hdl.handle.net/10539/17786

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

'N SOSIOLINGUISTIESE ONDERSOEK NA SINTAKTIESE, MORFOLOGIESE EN LEKSIKALE AFWYKINGS IN DIE AFRIKAANS VAN XHOSAS

Ernst Frederick Kotzé

Dissertasie voorgelê aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van die Witwatersrand, vir die graad M.A. in Afrikaans en Nederlands

Johannesburg 1977

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1 - INLEIDENDE LITERATUURSTUDIE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Enkele opvattings omtrent die sosiolinguistiek 1
1.2 Die Suid-Afrikaanse situasie sosiolinguisties beskou 2
1.3 Verskeie sosiolinguistiese ondersoeke buite Suid-Afrika 5
1.4 Doelwit van die Landstale-ondersoek in Suid-Afrika 11
1.5 Metode van dataverkryging 12

Hoofstuk 2 - OMSKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE MATERIAAL-VERSAMELING

2.1 Die steekproef 15
2.1.1 Verspreiding van die steekproef 16
2.1.2 Verspreiding van Xhosas 17
2.2 Klassifisering volgens taalbedrewenheid 20
2.3 Evaluering van die materiaal 22
2.3.1 Die onderhoudsituasie 25
2.3.2 Die veldwerker 27
2.4 Samevatting 28

Hoofstuk 3 - SINTAKTIESE AFWYKINGS

3.0 Inleiding 29
3.1 Verkeerde gebruik 29
3.1.1 Verbreking van die volgordereëls 29
3.1.2 Nie-inversie van werkwoord en subjek 30
3.1.3 Foutiewe inversie van werkwoord en subjek 31
3.1.4 Volgorde-afwykings by objekvorming, voegwoordkonstruksies en adjektief- en adverbiale bepalings 31
3.2 Kategoriale foute 34
3.2.1 Verkeerde voorsetsels 34
3.2.1.1 Met i.p.v. te 35
3.2.1.2 By i.p.v. na (toe) 35
3.2.1.3 By i.p.v. in 36
3.2.1.4 Minder frekwente voorbeelde 36
3.2.2 Verkeerde voegwoorde 38
3.2.2.1 As i.p.v. toe 38
3.2.2.2 Dan i.p.v. toe 39
3.2.2.3 Soos i.p.v. as 40
3.2.2.4 Minder frekwente voorbeelde 40

3.2.3 Verkeerde hulpwerkwoorde 41
3.2.3.1 Het i.p.v. is 42
3.2.3.2 Is i.p.v. het 42
3.2.3.3 Was i.p.v. het 42
3.2.3.4 Was i.p.v. is 42
3.2.3.5 Minder frekwente voorbeelde 43
3.2.4 Verkeerde lidwoorde 44
3.2.5 Frases buite sintaktiese verband 44
3.3 Weglatings 44
3.3.1 Weglaat van lidwoorde 45
3.3.2 Weglaat van pronomina 45
3.3.3 Weglaat van predikaatvorme 47
3.3.4 Weglaat van eerste of tweede nie by ontkenning 48
3.3.5 Weglaat van voorsetsels 49
3.3.6 Weglaat van voegwoorde 49
3.3.7 Weglaat van bywoorde en adjektiewe 50
3.3.8 Elliptiese sinne 50
3.4 Oorbodige gebruik 51
3.4.1 Persoonlike voornaamwoord in onderwerpsfunksie 51
3.4.1.1 Persoonlike voornaamwoord in voorwerpsfunksie 52
3.4.2 Oorbodige lidwoorde 53
3.4.3 Oorbodige voorsetsels 54
3.4.3.1 Herhaling van voorsetsels 55
3.4.4 Oorbodige werkwoorde 56
3.4.4.1 Herhaling van werkwoorde 57
3.4.5 Oorbodige bywoorde en adjektiewe 57
3.4.5.1 Herhaling van bywoorde en adjektiewe 58
3.4.6 Oorbodige nie by ontkenning 59
3.4.7 Oorbodige voegwoorde 59
3.4.8 Herhaling van substantief as onderwerp of voorwerp 60
3.4.8.1 Herhaling van persoonsvorm 60
3.5 Slotbeskouing 60

Hoofstuk 4 - MORFOLOGIESE AFWYKINGS
4.0 Inleiding 62
4.1 Nominale vorme 62
4.1.1 Verkeerde pronominale vorme 62
4.1.1.1 Persoonlike voornaamwoorde 63

4.1.1.2 Besitlike voornaamwoorde 64
4.1.1.3 Minder frekwente voorbeelde 65
4.1.2 Verkeerde adjektief- en bywoordvorme 65
4.1.2.1 Voorkeur vir versterkte vorme 65
4.1.2.2 Probleme met afleidings en fleksie 66
4.1.2.3 Idiosinkratiese vorme 67
4.1.3 Verkeerde substantiefvorme 67
4.1.3.1 Foutiewe meervoudsvorme 68
4.1.3.2 Adjektiefvorme vir substantiewe 69
4.1.3.3 Foutiewe of geen verbindingsklank 69
4.1.3.4 Omskrywing i.p.v. samestelling 70
4.1.3.5 Idiosinkratiese en minder frekwente vorme 70
4.1.4 Verwarring tussen enkelvouds- en meervoudsvorme 71
4.1.4.1 Meervoud pleks van enkelvoud 71
4.1.4.2 Enkelvoud pleks van meervoud 72
4.2 Verbale vorme 73
4.2.1 Affiks- en ander struktuurprobleme 73
4.2.1.1 Weglaat van affikse en predikaatkomponente 74
4.2.1.2 Oorbodige affikse en predikaatkomponente 74
4.2.1.3 Verkeerde vorme 75
4.2.1.4 Nie-skeiding van skeibare werkwoorde 75
4.2.2 Infinitiefvorme 77
4.2.2.1 Ontbrekings 77
4.2.2.2 Foutiewe gebruik 78
4.2.3 Tydsvorme 80
4.3 Slotbeskouing 80

Hoofstuk 5 - LEKSIKALE AFWYKINGS
5.0 Inleiding 82
5.1 Primêre versteurings 83
5.1.1 Leenwoorde uit Xhosa 83
5.1.2 Direkte vertalings uit Xhosa 83
5.2 Sekondêre versteurings 84
5.2.1 Leenwoorde uit Engels 85
5.2.2 Fonologiese versteurings 86
5.2.3 Semantiese versteurings 86
5.2.4 Morfologiese versteurings 87

5.3 Hibridiese vorme 88
5.3.1 Subs[illegible]tverbindings 88
5.3.2 Kat[illegible]le oorvleuelings 88
5.4 Eie sinonieme en verkeerde vorme wat meermale voorkom ... 89
5.5 Leksikale variante vir begrippe wat gereeld voorkom 90
5.6 Sporadiese vorme 92
5.7 Slotbeskouing 95

Hoofstuk 6 - UITEENSETTING EN INTEGRASIE VAN SOSIOLINGUISTIESE VERANDERLIKES

6.0 Omskrywing van veranderlikes 97
6.1 Sosiologiese veranderlikes 97
6.1.1 Geslag 98
6.1.2 Ouderdom 98
6.1.3 Geografiese verspreiding 99
6.1.4. Ander sosiologiese veranderlikes 99
6.2 Linguistiese veranderlikes 100
6.3 Algemene agtergrond van ondersoekgroep 100
6.4 Uiteensetting van taalagtergronde 103
6.4.1 Afrikaans as skoolvak 104
6.4.2 Aantal tale magtig 104
6.4.2.1. Posisie van Afrikaans 105
6.4.3 Selfgeskatte praatbedrewenheid in Afrikaans 105
6.4.4 Taalgebruikspeil op band 106
6.4.5 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans in verskillende situasies 107
6.4.5.1 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans by die winkel 107
6.4.5.2 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans by die werk 108
6.4.5.3 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans teenoor bure 108
6.4.5.4 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans tuis 109
6.4.6 Selfgeskatte luisterbedrewenheid in Afrikaans 109
6.4.6.1 Frekwensie van respondente wat na radio Afrikaans luister 110
6.4.7 Selfgeskatte skryfvermoë in Afrikaans 110
6.4.7.1 Frekwensie van respondente met skryfervaring in Afrikaans 111
6.4.8 Selfgeskatte leesvermoë in Afrikaans 111

6.4.8.1 Frekwensie van respondente met leeservaring in Afrikaans 112
6.5 Gesindheid teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes 112
6.5.1 Taalmedium vir kinders op skool 113
6.5.1.1 Ouers se taalmedium-voorkeur vir kinders op skool (alle respondente) 113
6.5.1.2 Mans se taalmedium-voorkeur vir kinders op skool .. 114
6.5.1.3 Vroue se taalmedium-voorkeur vir kinders op skool . 115
6.5.1.4 Jonger groep se taalmedium-voorkeur vir kinders op skool 115
6.5.1.5 Ouer groep se taalmedium-voorkeur vir kinders op skool 116
6.5.1.6 Respondente in provinsies se taalmedium-voorkeur .. 117
6.5.1.7 Respondente in tuislande se taalmedium-voorkeur .. 117
6.5.1.8 Respondente in stedelike gebiede se taalmedium-voorkeur 118
6.5.1.9 Respondente in nie-stedelike gebiede se taalmedium-voorkeur 119
6.5.1.10 Respondente in Soweto se taalmediumvoorkeur 119
6.5.2 Respondente se taksering van Afrikaans as skoolvak 120
6.5.2.1 Voorkeur van Afrikaans bo ander sekondêre tale ... 122
6.5.3 Houding van respondente teenoor Afrikaanssprekende werkgewers 123
6.5.3.1 Voorkeur aan Afrikaanssprekendes bo ander werkgewers 124
6.5.4 Houding van respondente teenoor Afrikaanssprekendes as bure 125
6.5.4.1 Voorkeur aan Afrikaanssprekendes bo ander bure ... 126
6.6 Korrelering van praatbedrewenheid met sosiologiese en linguistiese veranderlikes 127
6.6.1 Praatbedrewenheid en ouderdom 127
6.6.2 Praatbedrewenheid en lewenswyse 128
6.6.3 Praatbedrewenheid en inkomste 128
6.6.4 Praatbedrewenheid en opvoedingspeil 129
6.6.5 Praatbedrewenheid en onderrig in Afrikaans 129
6.6.6 Praatbedrewenheid en beroep 130
6.6.7 Praatbedrewenheid en voertaal van blankes in distrik 131
6.6.8 Praatbedrewenheid en meertaligheid 131
6.6.9 Praatbedrewenheid en gebruiksfrekwensie in sekere situasies 132

6.6.10 Praatbedrewenheid en selfbeoordeling 133
6.6.10.1 Luistervaardigheid en ervaring van radio-Afrikaans 134
6.6.10.2 Skryfvermoë en skryfervaring 134
6.6.10.3 Leesvermoë en leeservaring 135
6.6.11 Ouers se taalmediumvoorkeur en hul eie praatbedrewenheid 135
6.6.12 Ouers se keuse t.o.v. Afrikaans as skoolvak en hul eie praatbedrewenheid 136
6.6.13 Praatbedrewenheid en houding teenoor Afrikaanssprekende werkgewers 136
6.6.14 Praatbedrewenheid en houding teenoor Afrikaanssprekendes as bure 137

6.7 Slotbeskouing 137

Hoofstuk 7 - SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

7.0 Inleiding 140
7.1 Sosiolinguistiese bevindings 140
7.2 Suiwer linguistiese bevindings 143

BYLAE I 146
BYLAE II 147
BYLAE III 148
BYLAE IV 149
BYLAE V 150
LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE 161
SUMMARY 166

HOOFSTUK I - INLEIDENDE LITERATUURSTUDIE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Enkele opvattings omtrent die sosiolinguistiek

Oor die afgelope twee dekades was daar 'n groeiende belangstelling in en afbakening van die aanvanklik interdissiplinêre terrein van die sosiolinguistiek, in so 'n mate dat daar deur spesialisasie 'n omvangryke vakliteratuur tot stand gekom het, gebaseer op empiriese studies wat in verskeie wêrelddele uitgevoer is. Terwyl die sosiolinguistiek hom basies toespits op die bestudering van taal in sy sosiale en kulturele konteks, is daar tog verskillende benaderings, afhangende van die agtergrond waarteen linguistiese veranderlikes bestudeer word, sy dit psigologies, etnologies, demografies, antropologies of sosiologies van aard. Aangesien die sosiologie in 'n groot mate 'n oorkoepelende belangstelling in die gedragspatrone van die mens in die gemeenskap toon, en daar by die korrelasie van linguistiese patrone met verskillende soorte maatskaplike veranderlikes deeglik gebruik gemaak is van die tegnieke van dataversameling en -verwerking soos deur die sosiologie toegepas, het die benaming so-io-linguistiek (in vergelyking met benamings soos etnolinguistiek, die sosiologie van taal, ens.) algemeen aanvaarbaar geword. 'n Faktor wat bygedra het tot die bruikbaarheid van hierdie nuwe dissipline is die groot aantal empiriese studies wat ten opsigte van verskeie sosiolinguistiese situasies oraloor uitgevoer is. Op dié wyse kon daar op grond van observasie, opnames en ontleding 'n waardevolle beskrywing gegee word wat beter begrip en beplanning, veral op onderwysgebied, moontlik gemaak het. Joshua A. Fishman (1972:13) sê in hierdie verband:

> As a result of recent studies it is becoming increasingly possible for language planning agencies (e.g. for those seeking to foster the use of recently established national languages for purposes of higher education, government or

> technology) to pinpoint the particular programs, projects or products that are successful with particular target populations and those that are not.

Benewens die feit dat soortgelyke sosiolinguistiese ondersoeke waardevolle studiemateriaal per se oplewer, sodat beide die rol van taal in die gemeenskap en die invloed van sosiologiese faktore op taalgebruik vasgestel kan word, kan 'n beskrywing van die taalsituasie dus die basis vorm van 'n sosiologiese sowel as 'n taalbeplanningspro= jek tot voordeel van die betrokke teikengroep.

1.2 Die Suid-Afrikaanse situasie sosiolinguistiies beskou

'n Beskrywing van die taalsituasie hier te lande in sy geheel lewer, globaal beskou, 'n baie komplekse beeld. 'n Eenvoudige, voorwetenskap= like veralgemening is dat daar vier hooftaalgroepe in die RSA aange= tref word: die Bantoe-, Europese, Indiese en Khoisantale. Die Bantoe= tale bestaan ook uit vier groepe, naamlik die Ngunitale (Zoeloe, Xhosa, Ndebele, Swazi), deur ongeveer nege miljoen mense gebruik, die Sothotale (Suid-Sotho, Sepedi, Tswana), deur ongeveer ses-en-'n-half miljoen mense gebruik, Venda, ongeveer 360 000 sprekers, en die Tsongatale (Shangaan en Tsembe), ongeveer 740 000 sprekers. Xhosa, wat dertien dialekte be= slaan, het omtrent vier miljoen sprekers, dus plus-minus 24% van die Bantoetaalsprekers.

Die belangrikste Europese [1] tale is die amptelike landstale Afrikaans en Engels. In die RSA is Afrikaans die moedertaal van plus-minus 57% van die plus-minus 3 750 000 Blankes, die meeste van die naastenby twee miljoen Kleurlinge en 'n kleiner aantal mense uit ander bevolkingsgroepe. Daar is ook 'n groot aantal mense wat Afrikaans as tweede, derde of selfs vierde taal gebruik.

---

1) Tale wat, diachronies beskou, 'n voorstadium in Europa gehad het.

Volgens die 1970-sensus kan 3 600 000 Swartmense Afrikaans as tweede of derde taal praat. Engels word deur ongeveer 37% van die Blanke bevolking en deur 'n groot aantal Indiërs as huistaal gebruik. Ook is dit die tweede taal van 'n aansienlike deel van die bevolking, veral van die Afrikaanssprekendes en van 2 800 000 van die Bantoes. Die huistaal van omtrent 5% van die Blankes in die Republiek is een van die ander Europese tale, veral Nederlands en Duits, maar onder andere ook Frans, Italiaans, Portugees en Grieks.

Hoewel die gebruik van die Indiese tale as huistaal afneem, is daar nog om en by 30% van die ongeveer 620 000 Indiërs in die RSA wat een of meer van die Indiese tale ken. Dié tale is Hindi, Gujarati en Urdu van die Indo-Germaanse taalstam, en Tamil en Telugu van die Dravidiaanse taalstam.

Die Khoisantale beslaan vyf afsonderlike taalfamilies: die Hottentot=taalfamilie (Nama, Damara, Heikum en Naron) en die vier Boesmantaal=families, te wete die !Xu-taalfamilie, die !O-taalfamilie, Kwi en Kwadi. Van hierdie vyf families is dit egter net Kwi wat in die Republiek self gepraat word (in die omgewing van die Chrissiesmeer) - die oorgrote meerderheid Khoisansprekers woon in Suidwes-Afrika.

Hierdie gegewens, deur middel van die 1970-sensus verkry, gee maar 'n baie oppervlakkige demografiese beeld van die taalsituasie en vorm slegs 'n breë basis vir verdere navorsing. 'n Sosiolinguistiese onder=soek na die posisie van die onderskeie tale sal onder meer behels dat die volgende kwessies ondersoek moet word: die gebruiksfere waarin sekere tale domineer, die invloed wat verskillende tale op mekaar het, die houding van sprekers teenoor hulle eie en ander tale, die mate van taalvaardigheid in tweede en ander tale (met presisering van maat=stawwe), linguistiese eienskappe deur bepaalde kategoreë sprekers ver=toon, tipiese afwykings van die algemeen-beskaafde gebruik deur tweede-

en derdetaalsprekers, die beskrywing, ontleding en verklaring van sulke afwykings, ensovoorts. Relatiewe taalvaardigheid (suiwer linguisties sowel as kommunikatief in die breëre sin van die woord) kan onder andere in verband gebring word met ligging van tuiste, sosiale en opvoedkundige agtergrond, ouderdom, gesindheid ten opsigte van die sekondêre tale,[2] kontak met ander taalgroepe, etniese herkoms van huweliksgenoot of ander naby familie, ensovoorts. Om al hierdie inligting in die hande te kry, verg 'n veelomvattende en doelgerigte ondersoek, gebaseer op wetenskaplik verantwoorde metodes.

Dit is met hierdie soort doelwit voor oë en die opdrag van owerheidsweë om "ondersoek in te stel na die stand van die twee landstale, Afrikaans en Engels" (Schuring 1975:1) dat die Afdeling Sosiolinguistiek van die Instituut vir Taal, Lettere en Kuns van die RGN in 1973/74 'n projek van stapel gestuur het om die verlangde gegewens deur middel van vraelyste en bandopnames onder die Blankes in te samel. Dit is in 1975 opgevolg deur 'n soortgelyke ondersoek onder die Swartmense in die Republiek en in die loop van 1976 is die Swartmense van Suidwes-Afrika ook daarby betrek. Uit die aard van die saak is daar in die laaste twee gevalle ook ondersoek ingestel na die stand van die Bantoetale en die meertaligheidsituasie ten opsigte van Afrikaans en Engels by die Bantoe. Verskeie aspekte van laasgenoemde situasie kom duidelik na vore by 'n nadere beskouing van die sprekers se maatskaplike omstandighede soos gekorreleer met hulle linguisties-kommunikatiewe prestasie, wat deur bandopnames vasgelê is. Hierdie aspekte sluit onder andere in taalgebruiksfere, taalbedrewenheid, houding ten opsigte van ander tale, taalversteurings, die frekwensie van spesifieke verskynsels, en dies meer.

---

2) Alle tale wat die betrokke persoon magtig is benewens sy/haar moedertaal.

1.3 Verskeie sosiolinguistiese ondersoeke buite Suid-Afrika

Op die sosiolinguistiese terrein was die eerste groot baanbreker Uriel Weinreich, wat in 1953 'n monumentale werk oor moeder- en vreemdetaalversteurings die lig laat sien het, gegrond op veldwerk wat gedurende 1949/50 in Switserland gedoen is. Die veldwerk het hoofsaaklik bestaan uit persoonlike navorsing en waarneming, maar ook sy wye teoretiese kennis en insig het 'n belangrike rol gespeel. In dié opsig het hy dus van suiwer tradisionele linguistiese metodes gebruik gemaak, in teenstelling met die latere gebruik van dataversamelingsmetodes soos gebruik in die sosiologie, alhoewel hy duidelik bewus was van sulke moontlikhede. Hy sê in dié verband die volgende (1968:111):

> It is surprising that social scientists concerned with language have done so little to apply the findings and methods in their general field of work to the problems that have been discussed here. (d.i. in verband met taalkontak.)

Hy wys onder andere op die heterogene samestelling van die ideolek, waardeur veralgemenings oor die taalgebruik van taalgemeenskappe in perspektief geplaas word. Benewens 'n studie van die verskynsels van tweetaligheid en versteuring, neem hy ook sosio-kulturele agtergrond met betrekking tot taalkontak onder die loep. Hy bepleit 'n breë benadering ten opsigte van navorsing en dan veral op die terrein van situasies waar daar veelvuldige taalkontak is, in daardie dele van die wêreld "(that) have traditionally formed linguistic whirlpools", waar "some languages have been exposed more than others to linguistic cross currents." As 'n situasie van veelvuldige taalkontak wys hy op die posisie van die immigrant in Amerika (1968:114) wat dosyne Europese en verskeie Asiatiese tale verteenwoordig.

Hierdie moontlikheid is ontgin deur J.A. Fishman (1968b), wat 'n twee-

taligheidsprojek onder Puerto Ricaanse immigrante in New York onder=neem het. Met behulp van sekere fonologiese veranderlikes poog hy om die verband aan te dui tussen die voorkoms al dan nie van sekere variante van hierdie veranderlikes en 'n stel sosiolinguistiese en demografiese faktore. 'n Verteenwoordigende buurt, waaruit vierhonderd een-en-dertig individue (uit neéntig gesinne) van Puerto Ricaanse oorsprong gekies is, is deur 'n span linguiste, psigolinguiste en sosioloë bestudeer. Demografiese data is uit 'n taalsensus verkry, en linguistiese data in die loop van psigolinguistiese onderhoude en toetssessies met 'n lukraak gestratifiseerde monster Puerto Ricane bo dertien jaar wat in die betrokke buurt woonagtig was. Bandopnames is gemaak van spraakmonsters in verskillende kontekste ten opsigte van sewe Spaanse en tien Engelse fonologiese veranderlikes. Hierdeur is 'n ontledingstegniek gedemonstreer wat tot op daardie stadium nog nie in sosiolinguistiese navorsing gebruik is nie. Vier demografiese faktore wat 'n belangrike rol gespeel het, was geslag, ouderdom, opvoeding en geboorteplek. Deur middel van die sogenaamde "multiple regression analysis" is verskille ontleed en kon vrae oor die afsonderlike sowel as die wisselwerkende belangrikheid van verskillende gelyktydige effekte beantwoord word. Sodoende kon byvoorbeeld vasgestel word of gespreks=konteks, geslag, ouderdom, opvoeding of geboorteplek elk <u>afsonderlik</u> van belang is om die voorkoms van 'n bepaalde linguistiese variant te verklaar, en of wisselwerking tussen enige twee (byvoorbeeld konteks en geboorteplek) 'n belangrike rol speel.

Die navorsing in die VSA het egter nie by kontaksituasies tussen verskillende taalgroepe en tweetaligheid gebly het: William A. Labov het ook die substandaard-Engels van Negers in samehang met hulle so=

siale stratifikasie bestudeer. In die baanbrekerstudie The Social Stratification of English in New York City (1966) lê hy die grondslag vir die ontleding van paradigmatiese aspekte van taalgedrag deur middel van sosiolinguistiese veranderlikes. Labov het verskeie groot bydraes gelewer tot die studie van die linguistiese korrelate van sosiale stratifikasie. Die vernaamste was dat hy bewys het dat spraakverskille binne 'n taalgemeenskap, wat dikwels deur linguiste as "vrye variasie" afgemaak is, juis sistematies korreleer met sosiale verskille.

Hierdie voorbeeld van Labov is nagevolg deur Walter A. Wolfram en andere, wat 'n soortgelyke studie onder Negers in 'n ander Amerikaanse stad onderneem het. Hulle bevindings is gepubliseer as A Sociolinguistic Description of Detroit Negro Speech (1969). Daarin verwys hulle na die werk van hulle voorganger (1969:8):

> It was Labov's work on the social stratification of English in New York City more than any other research that combined the insights of linguistics and sociology. He analyzed the speech of over a hundred randomly selected informants. Five different phonological variables ... isolated in four contextual styles (careful speech, casual speech, reading, word lists) were correlated with the social stratification of the informants ... Firstly, he used sociologically valid procedures in selecting the informants for his sample. Also Labov's quantitative measurement of linguistic variables, although not the first, was considerably more extensive than any previous sociolinguistic research.

Wolfram, Shuy en Riley het Labov se insigte ten opsigte van fonologiese veranderlikes uitgebrei om ook grammatikaal-struktureles in te sluit. So het hulle byvoorbeeld ook ondersoek ingestel na frekwensiebepaling van struktuurtipes (byvoorbeeld frase- en bysintipes), meervoudige negering ("He ain't got no money.") en pronominale apposisie. As maatstaf van standaard-Engels het hulle die volgende definisie as uitgangspunt geneem: "A socially acceptable variety of English established by a codified norm of 'correctness'". Nie-standaard-Engels is beskou as

enige vorm van Engels wat afwyk van hierdie vasgestelde norm. Terminologies het hulle ook 'n bydrae gelewer deur te onderskei tussen die basilek (sosiaal ondergeskikte, nie-standaardvorm) en die akrolek (sosiaal hoër staande, standaardvorm), asook tussen die linguistiese variant en veranderlike - laasgenoemde in aansluiting by Labov - in die volgende woorde (1969:42):

> Whereas the linguistic variant is a particular item - a morph or a phone - the variable is a class of variants which are ordered along a continuous dimension and whose position is determined by an independent linguistic or extra-linguistic variable.

Die ondersoekgroep het bestaan uit sestig informante (agt-en-veertig Negers en twaalf hoër-middelklas-blankes) wat eweredig versprei is volgens ouderdom en geslag. Die blanke informante is slegs ingesluit om die spraak van dié Negers wat die naaste is aan standaard-Engels mee te vergelyk. 'n Interessante gevolgtrekking na afloop van die ondersoek was dat 'n breër verteenwoordiging van die bevolking noodsaaklik geag is by verdere navorsing, alhoewel hulle ook meen dat daar genoeg gespreksmateriaal moet wees om 'n redelike verskeidenheid sintaktiese strukture te kan verwag, twee faktore wat om ooglopende praktiese redes nie maklik te balanseer is nie. Deur die aantoon van skerp en geleidelike verskille in die frekwensie van bepaalde variante (sosiologies en linguisties) het hulle onder andere bevind dat grammatikale veranderlikes gewoonlik 'n skerp variasie ten opsigte van korreleerbare sosiale strata vertoon, terwyl die meerderheid fonologiese veranderlikes geleidelike sosiale stratifikasie aandui. As 'n soort praktiese handleiding, voortspruitend uit die ervaring wat hulle gedurende die Detroit-ondersoek opgedoen het, het Wolfram, Shuy en Riley Field Techniques in an Urban Language Study (1967) gepubliseer, 'n logies uiteengesette verslag wat as model kan dien vir dergelike navorsing op die terrein van die sosiolinguistiek.

Uit 'n effens ander oogpunt, en in 'n geografies verskillende milieu, het R.F. Salisbury in 1962 'n studie oor tweetaligheid en linguistiese verandering in Nieu-Guinee die lig laat sien. As antropoloog beskryf hy die verspreiding van tale vanuit 'n antropologiese verdeling van die bevolking. Hy dui dan sekere taalkonvensies in sosiale konteks aan, gegrond op persoonlike waarneming van die taalsituasie. Getalle-gegewens is op klein skaal verkry deur middel van ondervraging. Die aard van sy werksmetodes en benadering het dit natuurlik onmoontlik gemaak om tot enige gevolgtrekkings te kom oor wedersydse taalversteuring, maar sy bevindings, sy dit soms anekdoties van aard, dui tog op sekere universele verskynsels wat simptomaties is van dieperliggende sosiolinguistiese oorsake.

'n Doktorale tesis oor sosiale aspekte van meertaligheid in dieselfde gebied het in 1968 van die hand van G. Sankoff verskyn. Basies word daarin twee sosiolinguistiese tendense aangetref: (1) Pogings tot spesifisering van die konfigurasie van nie-linguistiese veranderlikes wat uitloop op die keuse van bepaalde linguistiese keuses by individuele sprekers, en (2) 'n gedetailleerde ondersoek van linguistiese variasie per se, en die korrelasie daarvan met nie-linguistiese veranderlikes. Sy toon dan ook aan hoe so 'n benadering gebruik kan word in die meertalige gemeenskap van Nieu-Guinee.

Edgar C. Polomé het in 1969/70 'n ondersoekspan gelei om 'n sosiolinguisties-georiënteerde ondersoek in Tanzanië uit te voer. In 'n kort verslag, Problems and Techniques of a Sociolinguistically-oriented Survey: the Case of the Tanzania Survey (1970), wat nogtans die praktiese aspekte van die ondersoek uitvoerig en deeglik bestryk, verstrek hy besonderhede oor sowel die metodes wat gevolg is en vraagstukke wat opgeduik het as bevindings en gevolgtrekkings oor die taalsituasie

in sy geheel. As die drie basiese benaderings tot veldwerk beskou hy: (1) Direkte waarneming van die taalsituasie; (2) onderhoude met sprekers van die onderskeie tale in die gebied; en (3) vraelyste ingestel op die bepaalde groepe wat ondersoek moet word. Spesifieke mikpunte met betrekking tot die ondersoek is onder andere (1) die graad van meertaligheid, (2) die maatskaplike posisies van die betrokke tale (inheemse tale, die landstaal Swahili, en die internasionale taal van wyer kommunikasie, Engels), tesame met 'n gedetailleerde studie van die kovariasie tussen die gebruik van hierdie tale en algemene sosio-ekonomiese faktore, (3) die gesindheid van die Tanzaniërs jeëns die verskillende algemeen gebruikte tale, (4) die nasionale taalbeleid, en (5) die taalbeplanningsmaatreëls wat deur die Tanzaniese regering getref is om Swahili geskik te maak vir doeltreffende gebruik in alle sosiale, ekonomiese en kulturele aktiwiteite. Die versameling van data het geskied deur middel van 'n woordelys, die vertaling van drie stelle Swahili-sinne, 'n vraelys gebaseer op die beginsels van kontrastiewe grammatika, en 'n stel vrae gemik op die onderlinge versteuring van die vernaamste Tanzaniese tale en Swahili op sowel die fonologiese as die grammatikale vlak. Laasgenoemde vraelys is gerig aan Swahili-onderwysers deursdeur die land, met die versoek om die telkens herhaalde "foute" van leerlinge van verskillende etniese agtergronde op te teken. Die hoofvraelys het bestaan uit vrae omtrent die agtergrond van die informant self, vrae omtrent sy sosio-ekonomiese en opvoedingstatus en vrae wat sy taalvaardigheid demonstreer. Aangesien die informante dikwels traag was om hulle name te verstrek, is daar in die meeste gevalle besluit om die vraelys anoniem te hou. Aangepaste vraelyste is ook opgestel vir hoërskoolleerlinge en universiteitstudente. Sekere vrae het linguistiese self-evaluering ten doel gehad, en daar is bevind dat dié in die meeste gevalle eerlik en akku-

raat was. Onderhoude is gevoer in gebiede wat spesifiek vir die doel voorberei is deur besoeke aan die betrokke buurte. Op keper beskou, is die ondersoek met 'n hoë mate van sukses deurgevoer en is 'n groot hoeveelheid sosiolinguistiese data versamel, sodat 'n betroubare beeld van die Tanzaniese situasie gevorm kon word. Geeneen van die benaderings was werklik nuut nie, maar die kombinasie daarvan en aanpassing by 'n spesifieke plaaslike situasie is 'n voorbeeld wat met vrug nagevolg kan word in soortgelyke ondersoeke elders.

1.4 Doelwit van die Landstale-ondersoek in Suid-Afrika.

Die situasie in Tanzanië en elders verskil heelwat van die situasie in Suid-Afrika. Daarom sal die benaderingswyse en doelwitte ook aansienlik verskil. Die breë oogmerke van die Landstale-ondersoek van die RGN as geheel sou natuurlik so talryk wees as wat daar kombinasiemoontlikhede van gegewens en behoeftes van belanghebbende en belangstellende instansies is. Een van die algemene doelstellings is om die taalbedrewenheid van spesifieke bevolkingsgroepe vas te stel, waartoe hierdie verhandeling in sekere opsigte 'n bydrae kan lewer. Omdat die Xhosas ongeveer 'n kwart van die Bantoebevolking van die land uitmaak (vgl. par. 1.2) sal 'n ondersoek na die stand van Afrikaans onder die Xhosasprekendes 'n redelik verteenwoordigende beeld van die Swartman se gebruik van Afrikaans kan gee, en ook daartoe kan bydra, enersyds om tipiese probleme op te spoor vir kennisname deur onderwys-instansies, en andersyds om vas te stel of daar enige patroonmatige korrelasie bestaan tussen sosiologiese veranderlikes en die taalgebruik van sekere groepe. Daar sal dus nagegaan moet word (a) of daar tipiese s'ntaktiese, morfologiese en leksikale afwykings [3] van standaard-Afrikaans by die ondersoekgroep voorkom; (b) watter afwykings die

---

3) Fonologiese afwykings vorm, te oordeel aan die omvang van die beskikbare materiaal, 'n studieveld op sigself en behoort die onderwerp van 'n aparte ondersoek te wees.

hoogste voorkoms toon; (c) watter sosiologiese veranderlikes toepaslik sal wees by korrelasie met linguistiese gegewens; (d) watter sosiolinguistiese gevolgtrekkings op grond van lg. korrelasie gemaak kan word; en (e) watter suiwer linguistiese gevolgtrekkings gemaak kan word op grond van die ontleding van die materiaal. Die toepassing van die sisteemnorme van Xhosa, of selfs Engels, op Afrikaans, d.w.s. taalversteurings, behoort, soos uit die vorige empiriese studies blyk, 'n aansienlike persentasie van die afwykings te bestaan. In dié verband wil ek graag aanhaal uit 'n voordrag deur prof. E.B. van Wyk, Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes (1966:27), waarin hy die volgende sê:

> Die intrinsieke wetenskaplike, en veral taalwetenskaplike, waarde van die studie van versteurings van sekondêre en tersiêre tale spreek sonder meer vanself. Ek mag onder andere daarop wys dat so 'n studie, paradoksaal genoeg, dikwels meewerk om 'n juister insig in die sisteme van die betrokke primêre en sekondêre tale te kry as 'n linguistiese analise van enige van dié sisteme afsonderlik. Ook die praktiese waarde van so 'n studie kan nie oorskat word nie. Veral die onderwyser wat vreemde tale moet doseer, kan oneindig veel hulp daaruit kry vir die uitwerk van sy onderrigmetodes.

1.5 Metode van dataverkryging

Persoonlike besonderhede omtrent die respondent [4] sowel as self-evaluerende inligting met betrekking tot taalvaardigheid is deur middel van 'n vraelys verkry. Voorbeelde van sy spraak is deels as kontrole, deels as ontleedbare data, op band vasgelê. Feitlik aan die einde van die ondervraging is 'n kompakte klein kassetopnemer, toegerus met 'n kondenseermikrofoon, aangeskakel, en is die respondent gevra, in 'n bepaalde volgorde, om (a) die taal of dialek waarin hy gaan praat, by die naam te noem, (b) van een tot tien in daardie taal te tel, (c) enkele eenvoudige vrae te beantwoord, en (d) 'n monoloog van ongeveer vier

---

4) Pleks van die gebruiklike term "informant" gebruik ek "respondent" spesifiek met betrekking tot die onderhoudsituasie, omdat dit hier nie soseer gaan om "informasie" as om 'n reaksie ("response") by die ondervraagde nie.

minute in sy moedertaal en twee minute in alle sekondêre tale oor 'n onderwerp van sy keuse te lewer. Om vrymoedigheid te bevorder, is die naam van die informant nie gevra nie. (Soos uit Polomé se verslag oor die ondersoek in Tanzanië blyk, was dit 'n punt wat soms probleme kan veroorsaak.) Nog 'n faktor wat spontaneïteit in die hand gewerk het, was die afwesigheid van 'n los mikrofoon; want dit sou 'n mate van gespannenheid by die respondent kon veroorsaak het. Verder is daar ook van Swart veldwerkers, waar moontlik van dieselfde taalgroep, wat vooraf gewerf, gekeur en opgelei is, gebruik gemaak om enige vooroordele jeens totale vreemdelinge, veral dan ook van 'n ander ras, uit die weg te probeer ruim. Om as 'n kontrole te dien, en terselfdertyd vooraf 'n globale indruk van die plaaslike taalsituasie te gee, het streeksleiers, wat vooraf toepaslike opleiding by die Hoofkantoor van die RGN ontvang het, en ook die opleiding van die Swart veldwerkers en kontrole van vraelyste behartig het, 'n korter, gekondenseerde vraelys ingevul gedurende onderhoude met gemeenskapsleiers. Dié leiers was gewoonlik landdroste, skoolhoofde, kapteins, mediese dokters, hoofde van polisiestasies, winkel- of hoteleienaars, predikante, priesters of landbouvoorligtingsbeamptes wat goed bekend is met die gebied en sy mense. Behalwe waar die bevolking buitengewoon groot was, en die getal dus pro rata vermeerder is, is twee Swart en een Blanke gemeenskapsleier per distrik ondervra. Hierdie opinievraelyste het uit die aard van die saak nie altyd die ware toedrag van sake weerspieël nie, maar het tog 'n nuttige doel gedien, veral ook omdat dit 'n aanduiding gegee het van die betroubaarheid van subjektiewe veralgemenings en tog wel 'n sekere persentasie van die respondente se eie opi en vaardighede weerspieël het. Die antwoorde in die vraelyste is ná ontvangs deur die streeksleiers gekontroleer en versyfer met die oog

op rekenarisering van die data. Sodoende sou korrelasie van gegewe faktore met ander, sowel as frekwensiebepalings, aansienlik vergemaklik word.

Hierdie hoofstuk het net in breë trekke die terrein aangedui waarop die navorsing in hierdie ondersoek gemik is. In die volgende hoofstuk sal daar meer breedvoerig ingegaan word op die fyner besonderhede van die projek as geheel, met nadere toeligting van die wyse waarop die materiaal ten opsigte van die Xhosas verkry is, en 'n beskouing van die materiaalversameling as sodanig.

HOOFSTUK 2 - OMSKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE MATERIAAL-VERSAMELING

2.1 Die steekproef

Alhoewel bevolkingstatistieke in die loop van vyf jaar enigermate kan verander, is daar vir die doeleindes van die Landstale-ondersoek gebruik gemaak van gegewens verkry uit die 1970-sensus, omdat dit onwaarskynlik is dat die getalleverhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe noemenswaardig sou verskil, en die toename in getalle nie van so 'n omvang sou wees dat dit die waarde van die steekproef wesenlik kon beïnvloed nie. Die verteenwoordigende aard daarvan kan dus, wat die getalleverhouding betref, as bo verdenking beskou word.

Hieruit kan die vraag ontstaan: In watter mate is die steekproef wel verteenwoordigend? Die teikengroep,[5] wat meer as 15 miljoen swartmense sou beslaan, is verminder tot ongeveer 7,5 miljoen deur slegs persone tussen 15 en 54 jaar by die ondersoek te betrek. Sodoende is daar gekonsentreer op die kultureel en ekonomies aktiewe sektor van die bevolking. Uit hierdie getal is vervolgens 'n steekproef van 4 000 persone getrek, sodat die verteenwoordigende verhouding van respondente tot die totale teikengroep op 1:1 875 te staan gekom het. Dis is die mees verteenwoordigende steekproef van dié aard wat tot dusver in Suid-Afrika uitgevoer is. In die verlede is daar al ondersoeke onder die swartmense gedoen met 1 500 respondente, verteenwoordigend van die totale bevolkingstal (m.a.w. 'n verhouding van ongeveer 1 : 10 000), maar die potensiële betroubaarheid van die huidige steekproef is, getallegewys, nog nie op hierdie terrein geëwenaar nie.

---

5) Die "teikengroep" is die totale aantal individue op wie die Landstale-ondersoek toegespits is. Met die "ondersoekgroep" word bedoel die groep respondente wat direk by die huidige ondersoek betrek is.

2.1.1 Verspreiding van die steekproef

Manlike en vroulike respondente binne die bogenoemde ouderdomsperke, wat in stedelike sowel as plattelandse gebiede in die provinsies en tuislande woonagtig is, is by die Landstale-ondersoek betrek. Die verteenwoordigende verspreiding van die 4 000 betrokkenes oor die land is gedoen deur die Instituut vir Statistiese Navorsing by die RGN met behulp van wetenskaplike metodes van gelykkansigheid, en wel in verhouding tot die bevolkingsdigtheid van elke gebied. ‚Gelykkansig' in hierdie verband beteken dat elke streek en elke distrik binne die streke wat gekies is, 'n gelyke kans gehad het om by die steekproef ingesluit te word. Op grond hiervan is daar toe 'n steekproeftabel vir alle betrokke distrikte volgens die parameter tuisland/blanke gebied, stedelik/nie-stedelik, manlik/vroulik, persentatief bereken, opgestel. Die getalleverspreiding oor die 125 distrikte wat ingesluit is, het toe soos volg daar uitgesien:[6]

Westelike Provinsie	2 distrikte	67 persone
Suid-Kaapland	1 distrik	15 persone
Oostelike Provinsie	23 distrikte	707 persone
Noord-wes [7]	15 distrikte	394 persone
Oranje-Vrystaat	15 distrikte	362 persone
Natal	27 distrikte	829 persone
Witwatersrand	10 distrikte	596 persone
Noord-Transvaal	32 distrikte	1 030 persone

Agtien streekleiers (vgl. par. 1.4.1) is gebruik om die veldwerk in die afsonderlike gebiede te behartig. Die streekleier het vir elke distrik self besluit hoe hy die getal respondente oor die distrik sou versprei. Daar is eers vasgestel waar die konsentrasiepunte van die swart bevolking is, byvoorbeeld lokasies, hostelle, kampongs, ensovoorts,

---

6) In hierdie tabel word die Bantoetuislande en Transkei by die betrokke provinsies ingereken.

7) "Noord-wes" omvat die volgende gebiede: Barkly-Wes, Bophuthatswana, De Aar, Hartswater, Kimberley, Klerksdorp, Lichtenburg, Rustenburg, Postmasburg, Potchefstroom, Vryburg, Wolmaransstad. (Schuring 1975:13).

vir die stedelike respondente, en Bantoeplase, trustgebiede, enso= voorts, vir die nie-stedelike respondente. Waar daar nie sulke hoëdigtheidsgebiede was nie, is plase of sakeondernemings met groot getalle swartmense in diens as konsentrasiepunte uitgekies. Nadat die streekleier besluit het watter gebiede in die distrik by die onder= soek betrek moes word, het hy die getal respondente pro rata tot die bevolking verdeel. Elke gebied binne die distrik is ingelyks in wyke verdeel, en binne elke wyk is die verspreiding van wonings of hostelkamers, indien doenlik, ook so eweredig as moontlik uitgevoer. Veral in ylbewoonde nie-stedelike gebiede in tuislanddistrikte moes daar egter soms weens die tydsdruk van laasgenoemde beginsel afgewyk word en is 'n kraal van 'n paar hutte dikwels in sy geheel betrek. Deur middel van 'n gelykkansige tabel op die vraelys moes die veldwerker bepaal watter lid van die gesin as respondent gekies moes word. So= doende is die beg' l van ewe dige verspreiding sover moontlik tot op die laaste v. pas.

2.1.2 Verspreiding van Xhosas

Die werklike verspreiding van Xhosas oor die totale oppervlakte van die Republiek was met die volkstelling in 1970 soos volg:

Transkei	1 650 825
Ciskei	509 607
Ander tuislande	45 750
Totaal vir Bantoegebiede	2 206 182
Kaapprovinsie	1 093 216
Transvaal	367 035
Oranje-Vrystaat	182 976
Natal	80 677
Totaal vir Blanke gebied	1 723 904
Groottotaal vir Republiek en Transkei	3 930 086

Die ouderdomsbeperking bring egter 'n halvering van bogenoemde getalle mee, dus:

Transkei	825 413
Ciskei	254 803
Ander tuislande	22 875
Totaal vir Bantoegebiede	1 103 091
Kaapprovinsie	546 608
Transvaal	183 517
Oranje-Vrystaat	91 488
Natal	40 339
Totaal vir Blanke gebied	861 952
Groottotaal vir Republiek en Transkei	1 965 043

Die betrokke getalle respondente vir elke gebied, bereken volgens die vasgestelde verhouding 1 : 1 875, sien dan soos volg daar uit:

Transkei	455
Ciskei	136
Ander tuislande	24
Totaal vir Bantoegebiede	615
Kaapprovinsie	292
Transvaal	97
Oranje-Vrystaat	49
Natal	22
Totaal vir Blanke gebied	460
Groottotaal vir Republiek en Transkei	1 075

Die verhouding stedelik/nie-stedelik en manlik/vroulik is bepaal deur die individuele verhouding vir elke distrik, sodat die getalle respondente op dié vlak ook so verteenwoordigend moontlik was.

Uit die aard van die ondersoekwyse sou die gehalte van die resultate nie altyd bevredigend wees nie: Sommige opnames was te swak om bruikbaar te wees, sommige vraelyste is onvolledig ingevul, ensovoorts. Sodoende het die uiteindelike totaal respondente nie 100% ooreengestem met die beoogde totaal nie. By die opleiding van veldwerkers is hulle

as deel van die opleiding ondervra soos gewone respondente, en is dieselfde data ook van hulle verkry. Dié vraelyste en bandopnames is toe ingesluit by die totaal, wat op dié wyse verhoog is tot 4 254. [8] Die totaal Xhosas wat ondervra is, is dienooreenkomstig vermeerder en het toe presies op die oorspronklik beoogde 1 075 te staan gekom. So is daar, in elk geval wat die Xhosas betref, ruimskoots vergoed vir die aantal onbruikbare opnames. Die aantal respondente wat uiteindelik die ondersoekgroep gevorm het, is op die volgende wyse bepaal:

Vraag 48 van die vraelys het die bandopname van die respondent se gesproke taalgebruik aangedui, en wel deur middel van 'n eenvoudige stelsel van kodifisering. In die ruimte teenoor elke vraag oor Afrikaans wat aan die respondent gestel is, is daar deur die veldwerker 'n "1" vir 'n beantwoorde vraag of versoek en 'n "0" vir 'n vraag of versoek waarop die verlangde reaksie ontbreek het in die toepaslike ruimte aangebring. Die vrae en versoeke was die volgende:

1) Tel in Afrikaans van 1 tot 10.
2) Hoe kom 'n mens by die stasie/bus van hier af?
3) Wat sal gebeur as 'n mens hierdie kant toe gaan? (Wys in teenoorgestelde rigting.)
4) Wat sal jy maak as jou huis brand?
5) Monoloog (± 2 minute).

Indien die veldwerker 'n "1" teenoor enige van bogenoemde vyf vrae aangeteken het, het die rekenoutomaat die betrokke rekordnommer uitgetik, en op grond van hierdie rekordnommers ('n totaal van 504) is die ondersoekgroep saamgestel en heropnames vanaf die oorspronklike bande gemaak. Die materiaal versameling wat so verkry is, het toe as basis vir die huidige studie gedien. Elke opname is woordeliks

---

8) Die veldwerkers wat by die ondersoek betrek is, is egter nie altyd in dieselfde distrikte gewerf waar onbruikbare opnames gemaak is nie.

uitgetik en in numeriese orde gerangskik. Hiervolgens is die Xhosas wat Afrikaans magtig is (volgens die minimum-maatstaf deur die reken-outomaat gestel), getallegewys oor die betrokke gebiede verspreid: [9]

	Getal respondente	%
Transkei	152	33,4
Ciskei	34	25,0
Ander tuislande	5	20,8
Totaal vir Bantoegebiede	191	31,1
Kaapprovinsie	195	66,8
Transvaal	71	73,2
Oranje-Vrystaat	45	91,8
Natal	2	9,1
Totaal vir Blanke gebiede	313	68,0
Groottotaal vir Republiek en Transkei	504	46,9

2.2 Klassifisering volgens taalbedrewenheid

Die term "taalbedrewenheid" is hoogs omstrede, en heel tereg, want geen konsensus is nog verkry oor watter wetenskaplike maatstawwe by 'n beoordeling neergelê behoort te word nie. Verder bemoeilik die faktor "kommunikatiewe vaardigheid" [10] so 'n oordeel enigsins, aangesien 'n persoon wat linguisties grootliks fouteer, dikwels heeltemal doeltreffend kan kommunikeer, sy dit dan met behulp van gebare, gesigsuitdrukkings en stemtoon, terwyl 'n persoon wat sy gedagtes taalkundig heeltemal korrek formuleer, moeite kan hê om dié vlot oor te dra, iets wat miskien te wyte is aan 'n gebrekkige woordeskat of bloot 'n ontuisheid in die betrokke taal.

Omdat die evaluering van die taalbedrewenheid van respondente berus op bandopnames van onderhoude wat deur veldwerkers elders gevoer is (behalwe in enkele gevalle waar ek die veldwerkers gedurende hulle oplei-

---

9) Die kolom regs verwys na die persentasie van die totale groep respondente in die betrokke gebied.

10) Sien in hierdie verband Lyons (1973), pp. 140, 242, 249, 253, 258, 261 en 287.

ding persoonlik ondervra het), en verskeie belangrike buite-linguistiese faktore dus nie in berekening gebring kon word nie, kon daar nie sprake wees van 'n onfeilbare beoordeling van die kommunikatiewe vaardigheid van informante nie. Verder sou die standaard van verbaliteit in die moedertaal ook 'n belangrike rol speel by so 'n beoordeling, en dit kom in die huidige ondersoek glad nie ter sprake nie.

Terwyl dit teoreties moontlik is, soos ek hierbo aangetoon het, dat die taal van iemand wat vlot kommunikeer, deurspek kan wees van taal-kundige flaters, is dit tog redelik om dit as nie-bewysbare werkshipo-tese te stel dat die taalbedrewenheid van individue, gebaseer op 'n vergelykbare hoeveelheid toetsmateriaal, in ooreenstemming behoort te wees met die korrektheid al dan nie van sy taalgebruik. Die korrekt-heid sou dan beoordeel word deur 'n moedertaalspreker op grond van sy bevoegdheid as sodanig, sowel as ondervinding van taalkundige navorsing.

By die klassifisering van die respondente volgens taalbedrewenheid in Afrikaans is daar van vyf kategoriee gebruik gemaak, naamlik baie goed, goed, redelik, swak, en baie swak. Die gehalte-kontinuüm tussen die twee uiterstes wissel van die taalgebruik van 'n respondent wat baie na aan dié van 'n moedertaalspreker kom tot die uitsluitlike vermoë om (sy dit dan ook maar gebrekkig) in Afrikaans te kan tel. Aanvanklik is daar deur luisterbeoordeling 'n subjektiewe indeling gemaak, met inagneming van bepaalbare situasionele omstandighede. Die is later gekorreleer met die selfbeoordeling van die respondente self. Die ondersoekgroep is ingedeel volgens peil van bedrewenheid, en die ver-spreiding sien persentatief soos volg daar uit:

Baie goed	2,2%	(11 respondente)
Goed	8,5%	(43 respondente)
Redelik	25,4%	(128 respondente)
Swak	29,4%	(148 respondente)
Baie swak	34,5%	(174 respondente)

2.3 Evaluering van die materiaal

Die kwaliteit van die opnames, inhoudelik sowel as klankmatig, is bepaal deur verskeie faktore. Aan die negatiewe kant het sommige veldwerkers probleme ondervind om vrae wat hulle moes stel, te interpreteer, iets wat waarskynlik toe te skryf is aan òf 'n gebrekkige kennis van Afrikaans, òf 'n onvermoë om sekere logiese afleidings te maak, òf 'n dubbelsinnigheid in die vraag self. So het daar verskillende variasies van vraag (2) ontstaan, bv.: "Hoe kom mens by die busstasie van hier af?" Een respondent, goed bedrewe in Afrikaans, het 'n korrekte afleiding gemaak en die veldwerker attent gemaak op die afwykende benaming. Nog 'n voorbeeld is: "Hoe kom mense by die stasie-bus van hierdie af?" 'n vraag wat vanselfsprekend onbeantwoord gebly het. Respondente wat redelik en goed bedrewe was in die taal, het hierdie vraag, wanneer dit korrek gestel is, beantwoord deur die pad na die gevraagde bestemming te beduie, terwyl swak sprekers oor die algemeen geantwoord het deur die vervoermiddel aan te dui. Vraag (3), naamlik "Wat sal gebeur as mens hierdie kant toe gaan?", het ook heelwat probleme veroorsaak. Die oorgrote meerderheid was van oordeel dat niks sou gebeur nie. Sommiges het die veldwerker gewaarsku dat hy sou verdwaal, terwyl andere gesê het 'n ongeluk sou gebeur. 'n Veldwerker wie se kennis van Afrikaans blykbaar beperk was tot die uitspreek van die vrae was tevrede met "Watter kant?" as antwoord en het voortgegaan na die volgende vraag. Verkeerde intonasie van die vrae het dit soms moeilik gemaak vir respondente om 'n

vraag reg te interpreteer. Meer as eens, wanneer die veldwerker te onbeholpe na die respondent se sin was, het laasgenoemde die vraelys self ter hand geneem, en die vrae gelees en beantwoord. Daar moet egter gemeld word dat dié veldwerkers in dele gewerf is waar die omgangstaal onder die Blankes oorwegend Engels is, en dat daar slegs van veldwerkers verwag is om 'n taaltoets in die moedertaal van die swartmense van die streek te slaag en om 'n redelike kennis van een van die twee amptelike tale te hê. Laasgenoemde bepaling is dus ten opsigte van Afrikaans nie so deeglik getoets nie, terwyl die minimum-kwalifikasie, nl. 'n standerd agt-sertifikaat, deurgaans op alle veld-werkers van toepassing was. Hoër vereistes sou, veral in die lig van die tydsbeperking (3 maande), die verkrygbaarheid van veldwerkers drasties ingekort en in sommige distrikte selfs onmoonlik gemaak het.

In gevalle waar die veldwerker al die vrae in Xhosa gestel het, is die luistervaardigheid van die respondent in Afrikaans uiteraard nie getoets nie. In sulke gevalle het dit ook geblyk dat respondente traag was om Afrikaans te gebruik.

Soms het sekere veldwerkers eenvoudig nagelaat om die respondent om 'n monoloog te vra, of die monoloog ná 'n sin of twee beëindig, terwyl dit duidelik was dat die betrokke respondent besliste taalbedrewenheid geopenbaar het en moontlik 'n waardevolle bydrae tot die huidige studie kon gelewer het.

Iets wat ook voorgekom het, was dat die veldwerker soveel hulp verleen het by d'e beantwoording van die vrae, selfs verskeie alternatiewe voorgestel het, dat geen werklike toets aan die luister- en praatvaar-digheid van die respondent gestel is nie.

'n Verdere faktor wat die verteenwoordigende waarde van die ondersoek

nadelig beïnvloed, is die feit dat geen respondente binne die invloed=sfeer van die sendingstasies van veral die N.G. Kerk by die veldwerk betrek is nie. Histories is dit 'n bekende feit dat kloosters en sendingstasies belangrike uitstralingsentra ten opsigte van opvoeding en kultuur in die algemeen is. Deur persoonlike navraag kon ek vasstel dat daar van die sendingstasies van die N.G. Kerk in Transkei en die Ciskei, byvoorbeeld Bambisana, Bizana, Bhofolo, Canzibe, Cofimvaba, Chweba, Decoligny, Dikeni, Gatyana, Isilemela, Komani, Madwaleni, Mbeko, Ncora, Ngqushwa, Qonci, Rietvlei, Sipetu, Tafalofefe, Tekweni en Zithulele, 'n sterk Afrikaanse invloed uitgaan en dat 'n hoë persentasie van die inwoners van die streek binne die invloedsfeer daarvan goed bedrewe is in die gebruik van Afrikaans.

Positief beskou, is die blote verkryging van die materiaal op so 'n skaal baanbrekerswerk en sou daar, met inagneming van bogenoemde faktore, uiters waardevolle gevolgtrekkings ten opsigte van die stan=daard en verspreiding van Afrikaans gemaak kon word. Bloot getallege=wys beskou, is dit ook, soos reeds vermeld, die mees verteenwoordigende steekproef van dié aard wat nog in die Republiek onderneem is. Die feit dat die steekproef berus op sensusgegewens, met ander woorde die werklike demografiese situasie, sy dit dan dié van vyf jaar tevore, ver=leen 'n basis van betroubaarheid aan die berekenings waarsonder geen oorwoë, wetenskaplik verantwoorde gevolgtrekkings gemaak sou kon word nie. Daar is selfs in dié mate by die sensusraamwerk gehou dat die finale verspreiding deur die streeksleiers op die gegewe aantal op=nemersubdistrikte (Schuring 1975:6a) gebaseer is.

Die monoloë van die gewenste duur en volledigheid vorm 'n baie bruikbare bron van ontleding, terwyl die data wat deur middel van die inligtings- en meningsopname op die vraelyste versamel is, 'n hoogs betroubare basis

van vergelyking en korrelasie met linguistiese gegewens verskaf. Deurdat nagegaan kan word hoe betroubaar die self-evaluering van die ondersoekgroep met betrekking tot hulle taalvaardigheid is, kan daar 'n redelik akkurate skatting gemaak word van hierdie aspek van die stand van Afrikaans onder die totale teikengroep, asook die geldigheid van inligting oor taalvaardigheid wat met die sensus-opname verstrek is. Dié skatting kan dan weer gekorreleer word met die globale resultate ten opsigte van die Xhosas se bedrewenheid in Afrikaans soos deur hierdie ondersoek aan die lig gebring.

Myns insiens lê die grootste waarde van die totale korpus daarin dat dit soveel terreine dek wat vir die sosiolinguis van belang is, sodat daar 'n seleksie gemaak kan word van gegewens wat vir 'n bepaalde belange-terrein relevant is. Daarby berus die verwysingsraamwerk ten opsigte van elke respondent en elke item op die statisties verantwoorde grond-slag van die projek as geheel. Dit is dan ook miskien as gevolg van die gevarieerde aard van die gegewens dat die verspreiding van die steekproef nie met inagneming van alle linguistiese invloedsfaktore uitgevoer is nie. Vir die huidige ondersoek, vanweë sy spesifieke aard, is sulke faktore egter wel van belang en sou die waarde van die materiaal eers bo alle twyfel bepaal word wanneer 'n verteenwoordigende beeld ook van die linguistiese uitstralingsentra deur 'n opvolgingsondersoek, uiter-aard van beperkte omvang, verskaf word.

2.3.1 Die onderhoudsituasie

'n Beskouing van die situasie waarin die onderhoud gevoer is, sal vanweë die relevante faktore meer psigolinguisties van aard wees, maar dit sal tog lig kan werp op heelwat vrae omtrent die resultate op die band. So kan oorhaastige gevolgtrekkings, gebaseer op die teks van die onderhoude, voorkóm en die linguistiese prestasie van die respondent in die regte perspektief gestel word.

Enige onderhoud is per definisie 'n 'kunsmatige' gesprek, omdat dit nie in die eerste plek gaan om 'n vrywillige, openhartige uitruil van gedagtes in 'n ontspanne atmosfeer nie, maar eerder om die halsbandjie van spesifieke inligting wat doelbewus aan die respondent ontlok word. Aangesien albei deelnemers bewus is van hierdie oogmerk, sal die respondent op sy hoede wees om hom nie te veel bloot te stel of inligting te verstrek wat hom in die verleentheid kan plaas nie, en sal die bedrewe ondervraer sekere middele aanwend om die respondent op sy gemak te stel. Die situasie as sodanig is dus reeds 'n struikelblok in die weg om 'n verteenwoordigende voorbeeld van die respondent se taalgebruik te verkry. In die onderhoudsituasie wat tussen die veldwerker en die respondent ontstaan het, was daar nog verdere faktore wat 'n invloed uitgeoefen het op die resultaat wat op band vasgelê is: Hier was die respondent deeglik bewus van die feit dat dit gaan om die gehalte van sy taalgebruik, en nie soseer die verskaffing van verlangde inligting aan die ondervraer nie. Daarom sal hy, indien dit moontlik is, 'n voorbeeld van taalgebruik voorhou wat indruk behoort te maak. So het verskeie respondente 'resitasies' voorgedra, of kennelik gememoriseerde voordraggies oor onderwerpe soos 'n reis of 'n besoek aan die dieretuin, of selfs uittreksels uit voorgeskrewe prosawerke. Omdat die voertaal gewoonlik die respondent se tweede taal, en meer dikwels sy derde of vierde taal was, was die voortbring van uitdrukkings selfs in 'n groter mate gedwonge.

Ofskoon soveel moontlik gedoen is om die respondent op sy gemak te stel, byvoorbeeld deur 'n ondervraer van sy eie bevolkings- en taalgroep te gebruik, die opname taamlik na aan die einde van die vraelys te maak en 'n kondenseermikrofoon te gebruik, was sommige respondente tog merkbaar gespanne en kon nie op 'n natuurlike wyse reageer nie. Hierdie feit kan toegeskryf word aan die moontlike vreemdheid van so 'n situasie

vir die respondent wat 'n oorwegend tradisionele lewenswyse het. Die oorsaak kan by sy persoonlikheid lê, moontlik as iemand wat van nature inkennig en sku vir enige vreemdeling is. Die bui of gemoedstemming van die oomblik speel ook soms 'n rol. Die lostongige toestand van 'n respondent (of veldwerker!) wat ligweg aangeklam is, kan daartoe by= dra dat bogenoemde struikelblokke aansienlik makliker oorkom word. Trouens, sommige van die beste opnames is in sulke omstandighede ge= maak. Aan die ander kant kan 'n buierige respondent 'n moontlik bruik= bare monoloog vroegtydig kortknip as hy nie diplomaties genoeg benader word nie, soos wel ook gebeur het.

'n Eksterne faktor wat dikwels die atmosfeer en die sukses of mislukking van die onderhoud bepaal het, was die teenwoordigheid van ander persone in die vertrek. Dié het òf die respondent aangemoedig en die regte (of verkeerde) woorde verstrek wanneer laasgenoemde 'n bietjie gestamel het, òf so 'n kabaal opgeskop dat die gehalte van die opname erg nadelig beïnvloed is. Terloops kan gemeld word dat meganiese defekte en pap batterye soms 'n potensieel suksesvolle opname in die wiele gery het.

2.3.2 Die veldwerker

Dit bring my by die rol wat die veldwerker in die onderhoudsituasie ge= speel het. Die reeds genoemde geval was maar een van vele voorbeelde van 'n ondiplomatiese hantering van die onderhoudsituasie. Meer as een veldwerker het 'n wankelmoedige poging tot 'n monoloog eenvoudig verpletter deur 'n dominerende, barse houding. Die groot sondaar was 'n voormalige hoofman wat gewoonlik met 'n bulderende stem patente medisynes op die busplein van Umtata verkoop en met dieselfde stem skugter en huiwerige skoliere beveel het om te "praat!". Die gevolg was altyd voorspelbaar: Die respondent het in sy dop gekruip en die bietjie praatkennis van Afrikaans wat daar nog oor was, totaal weggeskrik.

By ander veldwerkers weer het volledigheid geen saak gemaak nie en het die beginsel "tyd is geld" waarskynlik 'n oorwegende rol gespeel. [11] Respondente wat die vrae in vlot Afrikaans beantwoord het, is geen kans gegun om 'n monoloog te lewer nie. Die ander uiterste het egter ook voorgekom. Bittereinder-veldwerkers het daarin geslaag om bruikbare voorbeelde te trek uit respondente wat op 'n besliste wyse aangedui het dat hulle geen Afrikaans magtig is nie.

2.4 Samevatting

In die geheel beskou, is daar 'n voldoende aantal suksesvolle opnames gemaak om tot geldige gevolgtrekkings oor 'n wye reeks sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings te geraak, terwyl daar genoeg materiaal beskikbaar is vir 'n selfstandige ondersoek na fonologiese afwykings in die Afrikaans van die ondersoekgroep. In die eersvolgende drie hoofstukke word die mees prominente taalfoute in die e.g. drie kategorieë in volgorde van frekwensie ontleed, gevolg deur 'n hoofstuk waarin die evaluering van die respondente se taalgebruik sosiolinguis= ties gekorreleer word met verbandhoudende faktore wat in die beantwoording van die vraelyste na vore gekom het.

---

11) Die veldwerkers het vergoeding teen R2,00 per korrek ingevulde vraelys ontvang.

HOOFSTUK 3 - SINTAKTIESE AFWYKINGS

3.0 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is 'n bespreking van alle sintaktiese afwykings, wat ook verwysings na semi-morfologiese [12] kwessies insluit. Laasgenoemde sal in die volgende hoofstuk in meer besonderhede bespreek word. Die verskillende kategorieë word in volgorde van frekwensie behandel, maar aangesien die semi-morfologiese kwessies as deel van die groep morfologiese afwykings beskou word, sal daar geen frekwensie-aanduidings, en trouens geen direkte, afsonderlike verwysing na dié soort foute ten opsigte van die groep sintaktiese afwykings wees nie.

By 'n beskouing van die sintaktiese komponent word daar onderskei tussen drie basiese tipes afwykings, nl. weglatings, verkeerde gebruik en oorbodige gebruik. Binne lg. kategorieë vind die ordening volgens frekwensie plaas, maar die kategorieë word self ook volgens belangrikheid binne die groter geheel in elke geval geordend.

Uit die aard van die rangskikking van die verwerkte materiaal is dit ook duidelik dat die sintaktiese komponent die belangrikste soort afwyking verteenwoordig.

3.1 Verkeerd gebruik

Die mees frekwente kategorie sintaktiese afwykings (1 265 of 56,29% uit 'n totaal van 2 252) is dié waar sinsdele verkeerd ingespan word, m.a.w. verbreking van die volgordereëls van Afrikaans, of waar die verkeerde sinsdele ingespan word, m.a.w. kategoriale foute.

3.1.1 Verbreking van die volgo[illegible]ereëls

Onder hierdie subkatagorie word altesaam 688 gevalle aangetref, of

---

12) "Semi-morfologies" dui op gevalle waar daar moeilik tussen morfologiese en sintaktiese afwykings onderskei kan word. Vgl. par. 4.3.

54,4% van alle gevalle van verkeerde gebruik. Die subkategorie kan verder in drie klasse, of tipes volgordeafwykings verdeel word, nl. nie-inversie van werkwoord en subjek, foutiewe inversie van werkwoord en subjek, en volgorde-afwykings by objekvorming, voeg= woordkonstruksies, en adjektief- en adverbiale bepalings.

3.1.2 Nie-inversie van werkwoord en subjek

'n Afwyking wat feitlik deurgaans in die Afrikaans van Xhosas aange= tref word, is die nie-inversie van die werkwoord en subjek wanneer 'n ander sinsdeel as die subjek die sin inlei. Die meeste gevalle kom voor waar die subjek 'n persoonlike of onpersoonlike voornaam= woord is, nl. by ek, jy, hy, sy, ons, hulle, iemand, 'n mens, dit (onpers.), jy (onpers.), en daar.

Julle kom, waarskynlik uit die aard van die onderhoudsituasie, nooit voor nie. Die volgende is voorbeelde van elk:

As my huis brand, ek gooi water op die vuur. (geval 102)
Kyk, nou jy is op die plaas. (geval 483)
Hoe meer tale jy ken, hoe meer jy 'n man is. (geval 336)
As hy dorp toe gaan, hy bring vir ons klere. (geval 61)
En toe eendag het die swerm bye gesien. (geval 40)
In al onse lol ons het busse. (geval 171)
Eendag hulle by die stasie. (geval 431)
Blykbaar iemand het dit gesteel. (geval 80)
Van die stasie af 'n mens moet vir die bus wag. (geval 504)
As jy stasie toe wil gaan, dit kos jy moet.... (geval 334)
As 'n mo an Mdantsane af dorp toe gaan, jy moet 'n bus huur. (geval 421)
Anderkant van die berg daar is 'n plasie. (geval 384)

Ook wanneer die subjek nie 'n pronomen is nie, kom die verskynsel voor, maar dan veel minder frekwent (slegs 30 kere uit die totaal van 392 gevalle, of 7,65%) soos in

As ek daar was, my ma stuur my na my skoonma sy plek. (geval 367)
En toe my sus hy sê... (geval 4)
Elke môre ons seuns melk die koei. (geval 435)

'n Verklaring van hierdie soort verskynsel is waarskynlik te vinde in die

feit dat Xhosa geen inversie van dié aard ken nie, soos blyk uit die volgende voorbeeld:

> Ebusuku ndilala kamnandi
> (In-die-nag ek-slaap lekker.)

Die feit dat hierdie volgorde ook in Engels aangetref word, kan die neiging om dit ook in Afrikaans te gebruik, versterk.

3.1.3 Foutiewe inversie van werkwoord en subjek

Alhoewel foutiewe inversie van die bogenoemde struktuur in slegs 16 gevalle voorkom, dien dit tog m.i. in samehang daarmee vermeld te word. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan hiperkorreksie (sien par. 3.4.6) soos in die volgende sinne:

> Ek het nie 'n skool gekry waarna kan ek nie gaan nie. (geval 454)
> My hart is baie seer van die ding wat maak die tsotsi's by die lokasie. (geval 400)
> Ja, is dit noodsaaklik, ja. (geval 53)

In die laaste voorbeeld is die foutiewe inversie waarskynlik te wyte aan die wyse waarop die vraag gestel is, nl. "Is dit noodsaaklik...?".

Die frekwensieverhouding tussen hierdie twee klasse afwykings toon dat daar by min Xhosasprekendes 'n besef is van die voorkoms van inversie.

3.1.4 Volgordeafwykings by objekvorming, voegwoordkonstruksies en adjektief- en adverbiale bepalings

Hierdie afwykings word as 'n geheel bespreek, omdat daar dikwels oorvleueling van die subkategorieë plaasvind. Dit verteenwoordig ook 'n aansienlike persentasie van die volgorde-oortredings, nl. 45,2% of 311 gevalle.

As 'n afhanklike sin in Afrikaans deur 'n voegwoord ingelei word en 'n adverbiale frase of voorwerp bevat, vereis die volgordereël dat die

werkwoord, enkelvoudig of saamgesteld, aan die einde sal wees (Le Roux 1923 : 180, 222), soos in die sin

Toe hy huis toe is, was dit reeds elfuur.

Net soos in die geval van nie-inversie, word die posisie van die werkwoord in Xhosa, naamlik direk ná (en trouens in verbinding met) die subjek-pronomen, in die volgorde van die Afrikaanse sinne van Xhosas gehandhaaf, soos in

As ek draai regs van die deur af.... (geval 267)
As 'n mens wil by die lokasie kom ... (geval 421)

Vergelyk hiermee die Xhosa-sin

Kodwa yakufika emlanjeni, yabona umfanekiso.
(Maar toe-hy-aankom by-die-rivier, hy-het-gesien die-portret.)

Hierdie soort kombinasie is nie beperk tot die pronomen nie — in enkele gevalle tree 'n substantief as subjek op, soos in

En toe ek hier gekom het, het ek gevind dat dié plek is baie koud. (geval 441)
Ek kan die sand gooi in die vuur in, sodat die vuur mo nie aangaan nie. (geval 35)

'n Moontlike verklaring is dat die Afrikaanse voegwoordsisteem in Xhosa onbekend is en dat 'n newegeskikte sin in die plek daarvan gebruik word, soos 'n mens uit die volgende voorbeeld kan aflei:

Ek het baie mense gesien hulle is gesteek. (geval 14A)

Volgorde-foute kom voor by objekvorming met of sonder adverbiale bepalings, afhangende van die gebruik al dan nie van oorganklike werkwoorde. Die volgende patroon is redelik algemeen:

Ek moet gooi die water. (geval 100)
Jy sal sien die veld hierdie kant. (geval 170)
Ek kan nie praat Afrikaans nie. (geval 120)

Voorbeelde van sulke afwykings by objekvorming met adverbiale bepalings word in dieselfde volgordepatroon aangetref, soos in

My hond kan hardloop vinnig. (geval 264)
Ons gaan by die werk vroeg. (geval 444)

of by vraagsinne volgens die natuurlike inversie, maar dan steeds met die bepaling heel aan die einde van die sin:

Wat kan ek sê nou? Wat kan ek sê tog? (geval 496)

Die indirekte en die direkte objek het dieselfde posisie, nl. ná die werkwoord, soos in

Hy het altyd gesê vir ons... (geval 61)

Uit al die bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat hierdie patroon meestal saam met hulpwerkwoorde van tyd en modaliteit voorkom. Wanneer 'n bywoord sowel as 'n bywoordelike bepaling gebruik word, is die afwyking beperk tot e.g., soos in die volgende sin:

Jy moet gaan regs by die kantoor. (geval 240)

As die sin ingelei word deur die adverbiale bepaling, bly die patroon steeds dieselfde, terwyl in die betrokke geval hieronder die inversie-reël wel nagekom word:

In my "classroom" sal ek lees boeke. (geval 244)

By skeibare werkwoorde waar die aanvangsmorfeem 'n voorsetselkorrelaat het, word die voorsetsel op dieselfde wyse as 'n bywoord gebruik, aangesien dié, net soos die bywoord, in elke geval die werkwoord modifieer. Voorbeelde hiervan is die volgende:

Jy sal gaan uit en kom by 'n stop. (geval 394)
Ek tel op klippe ... (geval 267)

'n Kenmerk van al hierdie voorbeelde van volgordeafwykings is dat die komponente van 'n werkwoordgroep so na as moontlik bymekaar geplaas word. Dit tref 'n mens ook aan by die infinitief, waar daar in etlike gevalle geen skeiding plaasvind nie,[13] soos in

Hy "lyk" baie om te speel saam met mense. (geval 79)
Maar sy moeder het vir hom vertel nie om dit te doen nie. (geval 44)
Die eerste ding is om te bel die mense. (geval 171)
Ek gaan haal die water om te was die klere. (geval 226)

---

13) Die infinitiefvorm word volledig in die hoofstuk oor morfologiese afwykings behandel, maar daar dien tog op gelet te word dat die vormafwyking ook in hierdie geval ooreenstem met die patroon wat by finiete werkwoorde gevolg word.

'n Rede vir hierdie neiging is waarskynlik die feit dat die werkwoord in Xhosa nooit geskei word nie, en eerder agglutinerend van aard is (Riordan 1969 : 146). Die volgende sin gee m.i. 'n goeie aanduiding van die werkwoordkonstruksie in die moedertaal:

> Umfazi wendoda engasebenzanga uzakuyibetha.
> (Die-vrou van-die-man wat-nie-gewerk-het-nie, gaan-hom-slaan.)

Ten slotte wil ek graag wys op 'n voorbeeld waar die volgorde-afwyking benewens die sintaktiese, ook 'n logies-semantiese implikasie tot gevolg het. Die respondent het sy monoloog kennelik uit 'n opstelboek voorgelees, en toe met die volgende sin vorendag gekom:

> Toe ek geskrik het, het ek 'n krapgeluid aan die venster gehoor.
> (geval 102)

Uit 'n oorsigtelike beskouing van alle volgordeafwykings sou 'n mens in die meeste gevalle 'n bepaalde patroonmatigheid kon abstraheer wat terug=gevoer kan word na die algemene struktuureienskappe van Xhosa. Terwyl hierdie verhandeling nie wil voorgee om 'n vergelykende studie te wees nie, is dit tog duidelik dat moedertaalversteuring as 'n faktor by die beskouing van die Afrikaans van Xhosas nie buite rekening gelaat kan word nie.

3.2 Kategoriale foute

Hoewel hierdie subkategorie slegs 45,7% (578 gevalle) van alle gevalle van verkeerde gebruik verteenwoordig, strek dit oor 'n veel wyer spektrum en verskaf dit 'n meer gedetailleerde beskouing van afwykings t.o.v. afsonderlike sinsdele. In volgorde van frekwensie is die volgende soorte verkeerde gebruik te onderskei: Verkeerde voorsetsels, verkeerde voegwoorde, verkeerde hulpwerkwoorde, verkeerde lidwoorde, en frases buite sintaktiese verband.

3.2.1 Verkeerde voorsetsels

'n Totaal van 373 gevalle waar verkeerde voorsetsels gebruik is, is aan=

geteken. Dit verteenwoordig 64,53% van alle kategoriale foute in hierdie subkategorie en speel dus 'n belangrike rol by die ontstaan van gebroke Afrikaans in die mond van Xhosas. Hierdie soort afwyking volg in die oorgrote meerderheid gevalle geen vaste patroon nie – dit is net by enkele voorsetsels waar daar feitlik deurgaans 'n bepaalde (foutiewe) ekwivalent gebruik word.

3.2.1.1 Met i.p.v. te

Aangesien te as voorsetsel wat vervoermiddel aandui, redelik selde in Afrikaans voorkom, is dit verstaanbaar dat Xhosasprekendes daarmee sal fouteer. Daarby is die enigste vervoermiddels in verbinding waarmee hierdie voorsetsel gebruik word, voet en perd. Laasgenoemde kom nooit in die onderhoude voor nie, en dus is die enigste verbinding wat ter sprake is, te voet. Altesame 46 keer is te in die onderhoude vervang deur met, of variasies daarvan. Hieronder volg 'n voorbeeld van elk van die variasies, in die volgorde waarin dit die meeste voorgekom het:

Jy kom mos met die voet hiernatoe. (geval 473)
Jy moet hiervandaan af loop met die voete. (geval 456)
Ek gaan met voete, met pote (!) (geval 175)
Jy moet net met voet loop. (
Ek gaan met my voete. (geval 451)
Hy kom met sy voete, van dié kant toe. (geval 202)
Jy sal daar agtermiddag mette voet kom. (geval 186)
Ek loop so, met myn voet (geval 26)
Ons loop met onse voete. (geval 49)

3.2.1.2 By i.p.v. na (toe)

Van hierdie afwyking is daar 40 voorbeelde aangeteken, waarvan enkeles hieronder volg:

Toe vat ek hom sountoe by die miesies. (geval 189)
Nou, toe moet ek by die huis gaan. (geval 35)
As jy by die dorp wil gaan ... (geval 421)
Jy sal bv die lokasie toe gaan. (geval 452)

3.2.1.3 By i.p.v. 'n

Soos in die geval van die vorige afwyking, kom hierdie een ook feitlik konsekwent voor by plekaanduidings, soos in

Ek het hiersô by dié wêreld grootgeword. (geval 189)
Ek moet dit by die bank gaan sit. (geval 22)
Ek gaan by die veld loop. (geval 495)
Die mooi uitstallings by die vensters trek almal se aandag. (geval 349)

In hierdie stadium kan daar miskien reeds 'n moontlike verklaring vir die verskynsel gegee word. As analitiese vorm het die voorsetselsisteem in Afrikaans geen ekwivalent in Xhosa nie. Byna soos die kasus instrumentalis in Goties, het die substantief 'n plekaanduidende vorm, die lokatief, wat wissel na gelang van die klasprefiks (Du Plessis 1974 : 49). Die funksie van die plekaanduidende vorm word bepaal deur die werkwoord, soos in die volgende gevalle:

Siya esikolweni. (Ons gaan skool toe.)
Sivela esikolweni. (Ons kom van die skool af.)
Uhlala ekhaya. (Jy bly by die huis.)
Niya ekhaya. (Julle gaan huis toe.)

Verwarring by die gebruik van voorsetsels in Afrikaans kan dus teruggevoer word na die feit dat die moedertaal hier 'n enkele vorm vir verskeie funksies gebruik. Dit sou ook die voorkoms van die voorsetselafwykings wat hierná volg, kan verklaar.

3.2.1.4 Minder frekwente voorbeelde

Soos uit die lys hieronder afgelei sal kan word, is dit by die gebruik van die meeste Afrikaanse voorsetsels 'n geval van "soveel hoofde, soveel sinne". Die gebrek aan patroonmatigheid regverdig nie 'n afsonderlike bespreking van elke individuele geval nie – daarom dan slegs 'n lys met frekwensie-aanduidings. Die indeling van die groepe is volgens frekwensie.

op/[14] in (die)...(10)
op/by (die)...(7)
op/deur... (1)
op/vir... (1)
op/ná... (1)
op/na... (1)
op/na .. toe... (1)
op/aan .. die... (1)
op/omdat... (1)
op die/per... (1)
op 'n/per... (1)
op/van... (1)
op/oor... (1)

van/in... (4)
van .. af/by... (3)
van/by... (2)
van/na .. toe... (2)
van/oor... (1)
van .. die/in... (1)
van/op... (1)
van/deur... (1)
van/aan... (1)
van/per... (1)
van/met... (1)

by/op... (10)
by/per... (10)
by/aan... (4)
by/vir... (3)
by/met... (3)
by .. die/toe... (2)
by/van... (2)
by .. die/op... (1)
by/langs... (1)
by/oor... (1)
by/verby... (1)

in/aan... (9)
in/na .. toe... (8)
in/by... (4)
in/op... (3)
in/oor... (1)
in/met... (1)
in/uit... (1)
in/om... (1)
in/na .. toe... (1)
in die/per... (1)

na/vir...(4)
na/aan...(2)
na/in... (1)
na/op... (1)
na/by... (1)
na daar by/na .. toe... (1)
na by/na .. toe... (1)
na/van... (1)
na .. toe/op... (1)

met/in... (6)
met/by .. die...(3)
met/vir... (3)
met/per... (3)
met/van... (2)
met/oor... (1)
met/om (infinitief)... (1)
met/aan... (1)

voor/vir... (3)[15]
voor (vir)/oor... (3)
vir/om... (2)
voor/oor (vanweë)... (1)
voor/by... (1)
vir/met... (1)
vir/van... (1)

aan/na .. toe... (3)
aan/by... (2)
aan/agter... (1)
aan/in... (1)
aan/vir (lief - mekaar)... (1)

oor/na... (2)
oor/anderkant... (1)
oor/in... (1)
oor/ná... (1)
oor 'n/per... (1)

om/op... (1)
om/by... (1)
om/in (- plaas van)... (1)

.. toe/by .. (bv. die stasie toe)(7)
toe/af (van die kant toe)...(2)

te/per... (4)
te/met... (1)

---

14) Die skuinsstrepie (/) word in hierdie lys gebruik vir "i.p.v.".

15) Kan uitspraak wees, maar dit is nie altyd te onderskei nie.

uit/by .. uit (bv. uit die deur) ... (5)

te/per...(4)
te/met... (1)

per/te... (4)

tot/na .. (toe)... (3)
tot af/by die... (1)

af/onder... (1)
af/op... (1)

deur/van (oor)... (1)
deur te/per... (1)

binne/by .. in... (1)
binne-in/by... (1)

agter/na... (1)

soos/as... (1)

tussen/teen... (1)

gedurende/by... (1)

of/na... (1) (Die enigste geval waar 'n ander rededeel as voorsetsel gebruik is.)

3.2.2 Verkeerde voegwoorde

Saamgestelde sinne kom normaalweg nie so dikwels voor in gebroke taal en pidgins nie (Hymes 1971 : 80-83), deels as gevolg van 'n gebrekkige woordeskat, en deels as gevolg van verskille tussen die struktuur van die moedertaal en dié van die 'leen'-taal. Daarom tref dit 'n mens nie as uitsonderlik dat die frekwensie van voegwoordafwykings in die Afrikaans van Xhosas laer is as dié van voorsetsel-afwykings nie, te wete 113 gevalle, of 8,93% van die kategorie 'verkeerde gebruik', terwyl die gebruiksfrekwensie van voegwoorde uit die aard van die saak ook laer is. Daar is egter wel 'n sekere patroonmatigheid by enkele afwykings te bespeur, en dié sal kortliks onder die loep geneem word.

3.2.2.1 As i.p.v. toe

Hierdie afwyking verteenwoordig sowat 17,7% van die subkategorie

'verkeerde voegwoorde', of te wel 20 uit 113 gevalle. 'n Voorbeeld daarvan is

As ek daar was, my ma stuur my na my skoonma sy plek. (geval 367)

Dit is opvallend dat dit nie net by die respondente met 'n beperkte vermoë om Afrikaans te praat, voorkom nie. Net soos die voorsetsel-afwykings met 'n hoë frekwensie, kenmerk die meer algemene voegwoord-afwykings die taalgebruik van respondente met verskillende grade van bedrewenheid. Terwyl 'n mens eintlik sou verwag dat diegene wat Afrikaans redelik vlot praat, ook sintakties meer verwikkelde strukture sal voort-bring, en daarmee gepaardgaande 'n hoër persentasie voegwoorde, het die manier waarop die vrae geformuleer is, heel dikwels ook voegwoorde by die minder bedrewenes ontlok.

'n Verklaring vir bogenoemde afwyking is moontlik dat Xhosa slegs een vorm, nl. xa, in alle gevalle gebruik waar Afrikaans dit nodig vind om te onderskei tussen as, toe en wanneer (Louw 1963: 216). Verder word die gebruik van voegwoorde in Xhosa dikwels vermy deur die gebruik van tydsaanduidende konstruksies, soos in die volgende voorbeelde:

Ndakufika, ndibona inja. (Wan[n]er ek aankom, sien ek 'n hond.)
Ndakufika, ndobona inja (A[s] ek aankom, sal ek 'n hond sien.)
Ndakufika, ndibone inja. ([T]oe ek aankom, het ek 'n hond gesien.)
Akungaculi, bathi uyagul[a]. ([W]oodra hy nie sing nie, sê hulle hy is siek.)

3.2.2.2 Dan i.p.v. toe

As gevolg van die Afrikaanse verledetydsvorming met die voegwoord toe, wat òf saam met 'n werkwoord in die teenwoordige tyd, òf met een in die verlede tyd gebruik kan word, is dit nie verbasend dat daar verwarring by die Xhosasprekende ontstaan nie, veral as daar ook in aanmerking ge-neem word dat Xhosa slegs een vorm, nl. ngoko, vir dieselfde begrip gebruik (Riordan 1969: 360). Engelse invloed d.m.v. then is in som-mige gevalle ook nie uitgesluit nie. Hierdie afwyking het dieselfde frekwensie as die as-vorm wat in die vorige paragraaf bespreek is, nl.

17,7%, en word gebruik in gevalle soos die volgende:

Dan ons het twee poliese gekry. (geval 195)
Dan kry ek een van die tsotsi's. (geval 367)
Dan was daar groot vlamme, tot by die dak. (geval 304)

3.2.2.3 Soos i.p.v. as

Hierdie afwyking word dikwels voorgehou as tipies van Bantoe-Afrikaans, maar dan word dit ook in gespreksituasies met swart= mense deur blankes bestendig. In die onderhoude met respondente het dit 17 maal voorgekom, en dit verteenwoordig dus 15,04% van alle verkeerde voegwoord.. Tipiese voorbeelde is die volgende:

Soos 'n mens dit kant vat, dan sal hy maar net verdwaal. (geval 368)
Soos my huis brand? (geval 475)
Ek slaat hom, soos ek nie helpers het nie. (geval 497)
Dan "squeal" sy soos sy moet beurt kry om te die skottels was. (geval 481)

3.2.2.4 Minder frekwente voorbeelde

Volledigheidshalwe word hieronder 'n lys van gebruiksvoorbeelde verstrek. By dié afwykings waarvan daar meer as een voorbeeld in die onderhoude voorkom, sy dit dan in 'n ander vorm, word die frekwensie aangedui.

Toe i.p.v. as (6 voorbeelde):
Toe ek terugkom, begin ek met die naaldwerk. (geval 91,

Wanneer i.p.v. toe (6 voorbeelde):
Dit was 'n Vrydagoggend wanneer ek deur my broer geroep is. (geval 432)

Wat i.p.v. as (5 voorbeelde):
Wat jy 'n kar het, dan ry jy met hom. (geval 332)

Soos i.p.v. toe (4 voorbeelde):
Soos ek het standerd vier ge-"pass"... (geval 391)

Nou i.p.v. toe (3 voorbeelde):
Nou die emblins ("ambulance") het my gevat hospitaal toe. (geval 195)

Wat i.p.v. dat (2 voorbeelde)
Dit is maar nou weer wat ons nou hier is ... (geval 369)

Toe i.p.v. dan (2 voorbeelde):
Toe draai die bus by Oddy's Bodies. (geval 173)

Dat i.p.v. as (2 voorbeelde):
Dat ek waar is? (geval 425)

As i.p.v. dat (2 voorbeelde):
Sy vader het gesê hy wil nie as die meisiekind trou nie. (geval 502)

Nadát i.p.v. daarna (2 voorbeelde):
Nadát het ek die jakkals huis toe gebring. (geval 138)

Tot ons klaar gesing het... (Toe) (geval 172)
En wat ek van Longmore af gekom het ... (toe, met dié dat) (geval 188)
Ons was baie bang, dat ons gedurig gekuier het. (sodat) (geval 428)
In my skool is daar baie speletjies dat die kinders hou. (waarvan) (geval 147)
Dit het in Durban twee dae nadat ingetrek. (later)(geval 154)
So het hy ingekom en hy het by die huis vir iets gesoek. (Dus) (geval 44)
Hy het daardie kontrak op sy naam geskryf toe dit tyd wat ek nou afgestaan het dat ek skool toe gegaan het. (gedurende die) (geval 453)
Nee, dat sal niks gebeur nie. (pronomen-funksie, daar) (geval 458)
En hoe kry ons lekker. (dan) (geval 470)
Ek kyk as daar nie 'ets onder die trekker is nie. (of) (geval 495)
Ek gaan moeite maak dat die huis dood te kry (om) (geval 438)
Agter dan, dan vee ek die huis. (Daarna) (geval 353)
Buiten dat jy moet nou met die voete loop. (Behalwe as) (geval 467)
Ek moenie te lank vat nie wat ek weer gaan. (voor)(geval 479A)
Agter ek my wasgoed gewas het ... (Nadat) (geval 47)
Ek moet nogal gaan en die Bantoes se kinders te onderwys. (om) (geval 412)
Ek sal skree, as sal ek die mense roep. (dan, so) (geval 343)
Nee, as kan nie praat nie. (ek) (geval 291)
Dan moet ek maar wag dan lat hy trek. (totdat) (geval 73)
En daar af ek sal sand gooi. (daarna) (geval 43)
... dat ek nie in baie dinge kom dat ek kan sien nie. (wat) (geval 52)
En nou, my oompie, toe vat ... (toe) (geval 315)

3.2.3 Verkeerde hulpwerkwoorde

Slegs hulpwerkwoorde word onder sintaktiese afwykings bespreek, omdat die gebruik van verkeerde hoofpredikaatvorme (bv. kom i.p.v. gaan) noodwendig 'n leksikale verandering teweegbring. Die verkeerde gebruik van hulpwerkwoorde, daarenteen, is slegs 'n aanduiding dat die spreker nie in staat is om saamgestelde predikaatvorme korrek te hanteer nie. 'n Relatief klein aantal van hierdie soort afwykings kom voor, nl. 34, of 2,69% van alle gevalle van verkeerde gebruik. Daarom dien dit net kortliks behandel te word.

3.2.3.1 Het i.p.v. is

Voorbeelde hiervan is die volgende:

> Ek is ouer as toe die plek gebou het. (geval 206)
> Ek het hiersô op Engcobo gebore. (geval 290)
> Soos die wind daarheen geblaas het, het die vlam van die lamp geblaas na my bock. (geval 304)

3.2.3.2 Is i.p.v. het

Feitlik ewe frekwent, maar relatief dan ook nie van soveel belang nie, is die gebruik van is waar die hulpwerkwoord onmiskenbaar het moes gewees het. 'n Geval soos hieronder is waarskynlik 'n vermenging van twee vorme (klaar wees met en het klaar ge-):

> Ek is klaar my sopper gekook. (geval 213)

Maar in sinne soos

> Daar is borde wat name op geskryf het. (geval 402)

is dit duidelik dat aan is en het dieselfde funksie toegeken word.

3.2.3.3 Was i.p.v. het

Saam met die gebruik van het i.p.v. is, is hierdie afwyking die mees frekwente op die terrein van die hulpwerkwoorde. M.i. is Engelse invloed hier nie uitgesluit nie, veral in gevalle soos

> Ek was verdrink. (geval 33) (Vgl. "I was drowned".)
> Ek was op Lady Frere gebore. (geval 391) (Vgl. "I was born".)
> Sy was vas geslaap. (geval 5[illegible] (Vgl. "She was fast asleep".)
> Toe was die huis gebrand. (geval 180) (Vgl."Then the house was burned (down).")

3.2.3.4 Was i.p.v. is

In elke geval waar was i.p.v. is gebruik is, is dit moontlik om die Engelse ekwivalent aan te dui, 'n afwyking wat trouens reeds ontstellende afmetings in die Afrikaanse nuusmedia aanneem, en dus hoegenaamd nie beperk is tot die Afrikaans van swartmense nie. Die volgende voorbeelde is opgeteken:

Ek was in Pretoria gestuur. (geval 18)
Die fiets was nooit gevind nie. (geval 80)
Florence Nightingale was in 1820 gebore. (geval 419)
Toe was hy gestuur ... (geval 65)

3.2.3.5 Minder frekwente voorbeelde

'n Interessante afwyking wat etlike kere voorgekom het by 'n respondent van Bethulie se wêreld, is die gebruik van die hulpwerkwoord sal vir verledetydsvorming, bv.

Wat ons daarsô kom, toe sal die baas te baie geld vra vir sy skape. (geval 470)

Dit is nie ongewoon dat sal in spreektaal-Afrikaans gebruik word om insidente uit die verlede mee te deel nie, maar dan is die strekking gewoonlik komies of ongunstig, soos in die volgende sin:

Toe sal ou Piet mos opstaan en 'n klomp twak verkoop.

By die Bethulie-respondent het die gebruiklike konteks egter vervaag en het dit die plek van die verledetydsvorm ingeneem.

'n Soortgelyke veralgemening, of konteksvervaging, het by drie ander respondente voorgekom, nl. waar gaan by die vorming van die futurum die sal-vorm totaal verdring het, (vgl. par. 3.4.1) soos in

Dan gaan ek na my pa toe gaan. (geval 358)
Hy gaan daar uitgaan. (geval 396)

Die tweede nie by ontkenning is soms vervang deur 'n herhaling van die hulpwerkwoord, bv.

Ek het nie in daardie rigting geloop het ...
... maar hulle het nie hemel toe gegaan het. (geval 210)

'n Enkele keer is die sal by die vorming van die futurum vervang deur 'n duplisering van die hulpwerkwoord word in die passief:

Hulle word gevang word. (geval 328)

Moontlik het ons hier t doen met die verwarring van die tydsvorm, iets wat toegeskryf kan word aan die analities meer gekompliseerde passiewe vorm in Afrikaans, terwyl dit in Xhosa slegs deur die invoeging var 'n -w- voor die ausiaut-a van die werkwoord weergegee word (Louw 1963 : 111),

soos bv. thengisa (verkoop), maar thengiswa (word verkoop).

3.2.4 Verkeerde lidwoorde

Die meerderheid afwykings van dié soort (altesaam 26), nl. 17, is gevalle waar die bepaalde pleks van die onbepaalde lidwoord gebruik word, of andersom, soos in

> Die mens vat bus. (geval 42)
> As die mens wil stasie toe gaan? (geval 443)
> Ons vang mos nie bôl met 'n hand nie. (geval 376)

Aangesien die klassesisteem in Xhosa geen onderskeid tref tussen bepaalde en onbepaalde substantiewe nie (Du Plessis 1974 : 20), sou 'n afwyking van dié aard verstaanbaar wees. Die frekwensie van die verskynsel is egter nie van so 'n omvang dat daar veralgemeen kan word nie.

3.2.5 Frases buite sintaktiese verband

As gevolg van gebrekkige gebruikskennis het daar soms in die gesprekke sinsnedes ingesluip wat verkeerdelik òf na analogie van 'n Engelse ekwivalent, òf as direkte vertaling, òf na analogie van 'n ander Afrikaanse voorbeeld gebruik is. Omdat daar uit die aard van die onderhoudsituasie nie veel taalmateriaal van swak sprekers beskikbaar is nie, sou daar ook verwag kon word dat voorbeelde van sulke taalgebruik maar skaars sal wees – wat dan ook die geval is: Slegs 11 gevalle is opgeteken, waarvan enkeles hier aangehaal word.

> Hoekom is die huis op vuur? (geval 160) (Vgl. "on fire")
> Ek het nooit weer in die veld geval (op die tennisbaan gegaan) nie. (geval 373) (Vgl. "In die pad geval")
> Gooi sommer die kopple daar's water. (geval 341) ("vol water")
> Ek kan niks alles doen nie. (geval 345) (Na aanleiding van die vraag "Wat kan jy alles doen?")

3.3 Weglatings

Die weglating van bepaalde sinsdele vorm die volgende grootste kategorie van die groep sintaktiese afwykings, nl. 566 uit 'n totaal van 2 252 gevalle, of 25,1%. In volgorde van frekwensie, verteenwoordig dit weg-

latings van die volgende grammatikale kategorieë: lidwoorde, pronomina, predikaatvorms, eerste of tweede nie by ontkenning, voorsetsels, voeg= woorde, en bywoorde en adjektiewe. Gevalle waar groter sinsdele wegge= laat is, word as elliptiese sinne in hierdie kategorie behandel.

3.3.1 Weglaat van lidwoorde

Daar is altesaam 122 voorbeelde van hierdie soort afwyking opgeteken, of 'n persentasie van 21,56 van alle weglatings. 'n Moontlike verklaring vir die verskynsel is die feit dat die klassisteem in Xhosa nie voor= siening maak vir afsonderlike lidwoorde, of selfs vir die gebruik van substantiewe sonder die betrokke prefikse nie (Du Plessis 1974 : 20). Met inagneming van die moedertaalkonvensie, kan gevalle waar Afrikaanse substantiewe sonder lidwoord gebruik word (bv. onbepaalde meervoudsvorme) vir die Xhosasprekende die gebruik van die substantief as selfgenoegsame eenheid vergemaklik. Dit is veral by Afrikaanse voorsetselverbindings dat die lidwoord maklik wegval, wat weer teruggevoer kan word na die plekaanduidende vorm in Xhosa, waar slegs 'n wysiging van die prefiks vereis word, soos in ekhaya (tuis, by die huis), wat gevorm word uit ikhaya (n tuiste), of soms deur die verdere byvoeging van die suffiks -ini, soos in esipilini (in die spieël), uit isipili (Louw 1963 : 121). Teen hierdie agtergrond is die weglating van lidwoorde soos in die vol= gende gevalle heeltemal verstaanbaar:

My dogter bly in huis. (geval 251)
Daar is groentetuin in ons skool. (geval 256)
Jesus was die man van hemel. (geval 210)
Ons moet hier na lokasie toe kom. (geval 318)
Ek werk by Dairymaid-fabriek. (geval 351)
Ek kan 'n bus kry na stasie toe. (geval 405)
Dit gaan lang tyd vat. (geval 39)
God het ons present gegee. (geval 380)

3.3.2 Weglaat van pronomina

Met byna dieselfde frekwensie as die vorige subkategorie, te wete 116,

is die weglaat van pronomina 'n ewe prominente struktuurafwyking as die weglaat van lidwoorde. Die oorgrote meerderheid is persoonlike voornaamwoorde in die onderwerpsfunksie, bv.

As ek terugkom, maak (...) my ontbyt. (geval 88) (ek)
Nee, man, (...) kan nie storie vertel nie. (geval 178) (ek)
Dan moet (...) hom gaan rapporteer. (geval 334) (ek)

'n Moontlike verklaring hier is dat die alleenstaande persoonlike (absolute) voornaamwoord in Xhosa (mna, wena, yena, ens.) net vir klem gebruik word (Louw 1963 : 87). [16] Die onderwerpskakel (ndi-, u-, ens.) vorm so 'n integrerende deel van die finiete werkwoord dat die alleenstaande werkwoordsvorm in Afrikaans waarskynlik as voldoende beskou word.

Ook by onpersoonlike konstruksies is daar talryke weglatings van die betrokke pronomen, nl. dit, daar, 'n mens/jy in gevalle soos die volgende:

Toe hy doodgaan, is (...) toe dat hy weer van die dode af kom. (geval 487) (dit)
(...) is 'n lang pad. (geval 77) (Dit)
Eendag was (...) 'n leeu en 'n muis. (geval 30) (daar)
As 'n mens van die stasie af gaan, gaan (...) die grootpad deur. (geval 487) (jy)

Betreklike voornaamwoorde is 'n gewilde slagoffer, waarskynlik omdat Xhosa ook nie die alleenstaande vorm ken nie – umlaut van die onderwerpskakel verrig die funksie (Riordan 1969 : 212), soos in

Ndibona umntu ohamba endlele. i.
(Ek sien 'n mens wat in die pad loop.)

Voorbeelde soos die volgende kom dikwels voor:

Die eerste (...) ek gaan doen, is om ... (geval 171) (wat)
Dis al (...) kan gebruik 'n mens. (geval 488) (wat)
As jy die boons' pad vat (...) stasie toe gaan ... (geval 371) (wat)

'n Paar voorbeelde van die weglaat van persoonlike voornaamwoorde in die

---

16) Soos in Italiaans, waar die fleksie-uitgang by die werkwoord normaalweg 'n voldoende aanduiding van die persoonsvorm is.

voorwerpsfunksie is ook opgeteken:

> Daarna sit ek (...) in rat in. (geval 495) (hom)
> Toe ek vyf jare was, het my ouers (...) na die skool toe gestuur. (geval 198) (my)

Slegs twee gevalle waar die besitlike voornaamwoord weggelaat is, kom voor, nl.

> Ons doen (...) allebes om die kinders te leer. (geval 346) (ons)
> (...) baba is 'n seun. (geval 329) (My)

3.3.3 Weglaat van predikaatvorme

Altesaam 88 gevalle van hierdie afwyking kom voor, waarvan 36 hulpwerkwoorde, 26 finiete werkwoorde en kort infinitiewe, 17 kopulas en 9 verlede deelwoorde is. Voorbeelde van e.g. is

> Dit het nie so gekom dat daardie meneer daardie kruis afgehaal (...) nie. (geval 487) (het)
> Hy het huis toe gehardloop en sy moeder gevertel waar hy die geld gekry (...). (geval 44) (het)

Terwyl die saamgestelde vorm (hulpwerkwoord + verlede deelwoord) in Xhosa nie voorkom nie, is dit moontlik dat 'n Xhosasprekende wat nie vertroud is met die spesifieke predikaatvorm in Afrikaans nie, die verlede deelwoord as voldoende sal beskou, soos in die gevalle hierbo.

Die oorsaak van die weglaat van finiete werkwoorde, soos in die geval van

> As jy daai pad (...), miskien jy kry gevaar. (geval 474) (vat)
> Sy werk in 'n hospitaal waar mense wat siek met die kop is (...). (geval 376) (lê)

is moontlik dat die sinstruktuur te ingewikkeld vir die spreker word om te hanteer, of dat die betrokke werkwoord hom vir die oomblik net ontgaan het.

Gevalle waar die kopula ontbreek, is die volgende:

> Een man kom vertel my dat my pa siek (...). (geval 31) (is)
> As daar nie mense (...) om my te help om die vuur te blus nie, sal ek die brandweerstasie bel. (geval 382) (is)
> Dié kant (...) Orlando. (geval 26) (is)
> Wat ek nou drink (...) 'n bottel Stout. (geval 219) (is)

By die vorming van kopulatiewe predikaatverbindings in Xhosa word die onderwerpskakel of subjekkonkord direk aan die adjektief of adjektief= frase gekoppel en is die gebruik van 'n afsonderlike kopula onbekend (Louw 1963 : 109). Die oorsaak van bogenoemde afwyking is dus eintlik voor die hand liggend.

Vir die weglaat van verlede deelwoorde, wat maar 'n relatief klein per= sentasie van hierdie kategorie afwykings verteenwoordig, is daar m.i. geen ander verklaring nie as 'n gebrekkige woordeskat by die respondent. Die geïmpliseerde verlede deelwoord, wat uit die konteks afgelei kan word, word in die volgende voorbeelde tussen hakies ná elke sin geplaas:

> Daar het ek nogal na 'n skool (...) wat ... (geval 412) (gegaan)
> Toe die kar baie hard gehardloop het, het die uil so baie bang (...) dat sy oë het groter en groter geword. (geval 157) (geword)
> My suster het baie bang vir die spook (...). (geval 135) (gewees)
> My pa het nie die spook (...) nie. (geval 135) (gesien)

3.3.4 Weglaat van eerste of tweede nie by ontkenning

Van hierdie afwyking is daar 85 voorbeelde, wat meebring dat dit 15,02% van alle weglatings verteenwoordig. Bloot subjektief beoordeel teen die totale aantal kere wat ontkenning wel voorkom, maak dit m.i. 'n veel groter persentasie uit van alle sodanige gevalle. Alhoewel Xhosa self 'n dubbele negatief gebruik, [17] is die analitiese vorm van Afrikaans waarskynlik vreemd vir die Xhosasprekende, wat die negatief vorm deur voorvoeging van 'n a by die onderwerpskakel en 'n gepaardgaande umlaut van die uit= gangs-a van die werkwoord tot 'n i (Riordan 1969 : 110). Dus is dit nie ondenkbaar nie dat die sintaktiese implikasies van negativering in Afri= kaans 'n aansienlike struikelblok kan wees. Die afwykende vorme sien soos volg daar uit:

---

17) Soos in "Andiqondi ndoda" ("Ek verstaan nie die man nie"), teenoor "Ndiqonda indoda" ("Ek verstaan die man".)

Dit was nie lank (...), toe is die honde daar. (geval 366)
Niks sal gebeur (...). (geval 184)
Ek moet nie klagtes hê (...). (geval 489)
Die volgende dag het ek nie na die bos toe gegaan (...). (geval 138)
Dis woorde wat ek (...) weet nie. (geval 170) [18]

3.3.5 Weglaat van voorsetsels

Hier is daar 81 voorbeelde opgetoken, of 14,31% van alle weglatings. Die verklaring van die verkeerde gebruik van voorsetsels (sien par. 2.2.1.3) kan moontlik ook die oorsaak van die weglaat van voorsetsels aandui. Aangesien daar in die moedertaal geen aparte vorm vir plek= aanduiding gebruik word nie, maar die funksie van die voorsetsel in die vorm van die substantief ingebou is (Louw 1963 : 121), behoort die weglating van die voorsetsel nie so opvallend te wees vir 'n persoon wat nie baie vertroud is met die sintaksis van Afrikaans nie. Hier volg enkele verteenwoordigende voorbeelde:

'n Storie wat ek hier sal vertel in Afrikaans, is (...) die bewoners van die dorp. (geval 421) (oor)
Om stasie (...) te gaan? (geval 448) (toe)
Dan klim jy (...) die trein tot in Worcester. (geval 332) (op)
(...) sy perde moet alles goed gegaan het. (geval 61) (Met)
Mense vertel nie (...) ons nie. (geval 397) (vir)

3.3.6 Weglaat van voegwoorde

Daar is reeds in par. 2.2.2 gemeld dat voegwoorde by sprekers van ge= broke taal nie baie dikwels voorkom nie. Die weglaat van voegwoorde is 'n direkte uitvloeisel hiervan. Die 35 voegwoord-weglatings verteen= woordig 6,18% van die groottotaal van hierdie kategorie, en kom voor in gevalle soos

Ek wil nie kerk toe gaan nie, (...) dan hinder ek vir die Here. (geval 219) (want)
Ek onthou die tyd (...) ons het mense van Kaapstad gehad het

---

18) Die enigste keer dat die eerste nie weggelaat word.

hier by die skool. (geval 45) (toe)
Dis daarom (...) die uil se oë baie groot is. (geval 157) (dat)
Elke môre (...) ek opstaan, ek maak skoon my stoof. (geval 47) (as)

3.3.7 Weglaat van bywoorde en adjektiewe

Slegs 19 gevalle van hierdie soort afwyking het voorgekom, of 3,36% van die totale aantal weglatings. Onvolledige woordeskat of bloot gebrekkige kennis van die taal blyk die enigste bevredigende verklaring te wees. Voorbeelde van sulke weglatings kom in die volgende gevalle voor:

Maar ek was (...) oud om die taal mooi te leer. (geval 384) (te)
Daar was (...) soorte diere, voëls, soos tarentale ... (geval 398) (allerhande)
Jy gaan kom daar (...) mooi eenuur in Petrusburg. (geval 467) (net)
Die (...) môre het ek nie skool toe gegaan nie. (geval 471) (volgende)

3.3.8 Elliptiese sinne

Afwykings van hierdie aard dui op òf gapings in die woordeskat, òf psigolinguistiese oorsake wat uit die onderhoudsituasie spruit. Daarom kan daar beswaarlik verwag word om enige patroonmatigheid hier aan te tref. In die onderhoude het elliptiese sinne soos die volgende voorgekom:

(...) klaar gebed gemaak het, dan gaan slaap ons. (geval 483) (As ons)
Hoe kom mens, as jy by die stasie (...)? (geval 451) (wil kom)
Ja, (...) 'n stasie hier naby. (geval 342) (daar is)
Skilpaaie sal jy baie skilpaaie kry (...) daar bo die rivier se wal loop. (geval 467) (as jy)

Die laaste voorbeeld bevat terloops 'n interessante verskynsel wat soms in die streektaal van blankes aangetref word. Die substantief wat as onderwerp optree, vervul sintaktiès die funksie van 'n inleidende bywoord of voegwoord, en word dan herhaal in die posisie wat deur die volgordereël bepaal word (vgl. par. 3.4.8). Inleidende bywoorde en adjektiewe word soms op dieselfde wyse herhaal, soos in

Koud sal jy koud kry in daardie water.

Die funksie is klaarblyklik om verdere klem te plaas op die betrokke sinsdeel.

3.4 Oorbodige gebruik

Hierdie groep afwykings vorm 18,21% van die totale sintaktiese komponent en beslaan 410 gevalle. Twee hooftipes kom voor, nl. herhaling van 'n bepaalde grammatikale kategorie, of enkelvoudig oorbodige gebruik van die sinsdeel. Beide bogenoemde tipes word aangetref in die mees frekwente kategorieë, in welke geval hulle dan ook afsonderlik bespreek word.

3.4.1 Persoonlike voornaamwoord in onderwerpsfunksie

Die oorbodige gebruik van die persoonlike voornaamwoord kom in die meeste gevalle (83 keer) in werklikheid neer op 'n pronominale herhaling van die onderwerp as substantief of eienaam. In slegs enkele gevalle (nl. vyf) is daar 'n werklike herhaling van die onderwerp as pronomen, bv. in die sinne

Ek vat ek so 'n grote klip. (geval 367)
Ek is nou 'n man wat ek met matsjiene werk. (geval 355)

In sewe gevalle word pronomina gebruik sonder enige direkte sintaktiese verband met die ander sinsdele in die sintagma, bv. in

Nee, dit is niks gaan gebeur nie. (geval 475)
'n Dogter het ek 'n pop. (geval 251)
Soos hy nou my huis hier so plat lê ... (geval 328)

Origens neem hierdie afwyking deurgaans die vorm subjek + pronomen + predikaat aan, soos in die onderstaande voorbeelde:

Drie klein meidjies hulle het my na aan dood geslaan. (geval 471)
Dracula hy lewe net van mensebloede. (geval 487)
My antie en my oompie hulle het nie ooreens gekom nie. (geval 473)
Die manne hulle dinges. (geval 205)
Een van die tsotsi's hy het die ou vrou in hom hand. (geval 400)
Ek sal sê my huis hy het klaar gebrand. (geval 329)

In slegs vier gevalle vind daar ook oorbodige inversie plaas, in samehang

met die pronominale herhaling hierbo geïllustreer, waarvan twee voorbeelde volg:

Daai vuur gaan hy dood. (geval 492)
Al die mielies wat in die land was, het hulle nie gegroei nie. (geval 302)

3.4.1.1 Persoonlike voornaamwoord in voorwerpsfunksie

Die mees algemene konstruksie (in 15 van die 26 afwykings van bogenoemde klas) volg die patroon subjek + predikaat + voorwerpspronomen + objek, of objek + subjek + predikaat + voorwerpspronomen, soos in die sinne

"Well", ek huur hom 'n huurmotor. (geval 45)
Ek kan hom nie daai vuur doodmaak nie. (geval 451)
My geld ek gaan hom eers Vrydag kry. (geval 219)
Ons gooi hom net die water. (geval 376)
Die agterste ene jy kyk hom nie. (geval 496)

In 'n enkele geval word die voorwerpspronomen gebruik in 'n bysin wat op 'n kopulatiewe hoofsin volg, waar die voorwerpspronomen dan betrekking het op die onderwerp van die hoofsin:

Daar is 'n brug wat ons oor hom loop. (geval 478)

In al die ander gevalle (11 altesaam) word die voorwerpspronomen sonder verwysing na of noodsaaklikheid vir 'n objek gebruik, soos in

Hy draai (onoorganklik) hom daar anderkant. (geval 376)
Ek het hom gedink dat dit is die motorkar. (geval 131)
En weer vanmiddag, dan gooi ek hulle weer vir die varke kos. (geval 345)
Ekskuus my? (geval 104)

Die afwykings wat in hierdie twee paragrawe bespreek is, verteenwoordig 'n totaal van 123 gevalle, of 30% van alle gevalle van oorbodige gebruik. 'n Moontlike verklaring vir die herhalingsbeginsel by die gebruik van die pronomen in samehang met 'n subjek of objek is weer eens moedertaalversteuring, aangesien die gebruik van die onderwerp- en voorwerpskakel in Xhosa ooreenstem met hierdie afwyking (Riordan 1969 : 148). Die volgende konstruksies word algemeen aangetref:

Umfazi ujonga umntwana wakhe.
(Die-vrou sy-bekyk die-kind van-haar.)

Umfazi uyamjonga umntwana.
(Die-vrou sy-hom-bekyk die-kind.)
Ndiyalikhwela ihashe.
(Ek-hom-ry die-perd.)

In Xhosa kom hierdie verskynsel slegs by die derde persoon voor. Dit verklaar waarom die betrokke afwykings in die Afrikaans van die respondente ook net in die derde persoon aangetref word.

3.4.2 Oorbodige lidwoorde

Sonder die klasvoorvoegsel word substantiewe in Xhosa nooit gebruik nie.[19] Aangesien die gebruik van lidwoorde in Afrikaans gedeeltelik ooreenstem met dié van klasvoorvoegsels in Xhosa, sou dit normaal wees dat lidwoorde soms te onpas in die gebroke Afrikaans van Xhosas voorkom. In sommige gevalle word die onbepaalde lidwoord s am met ontelbare substantiewe gebruik, soos in

Dan kan ek 'n wyn koop. (geval 219)
Hy slaan die bobbejaan so, en hy vat 'n verf. (geval 499)
Huurmotors laai nie 'n mens sonder 'n geld op nie. (geval 421)

Soms word die bepaalde lidwoord saam met 'n onbepaalde substantief gebruik, bv:

En toe eendag by die pad sy t die swerm bye gesien. (geval 40)
Gaan soek julle die werk. (geval 59)
Hulle dra altyd die komberse. (geval 448)
As my huis brand, ek sal die water in die vuur gooi. (geval 104)
Daar by die trein ek het die groot rook gesien. (geval 104)

Ook eiename, wat in Xhosa in die indikatief met 'n klasvoorvoegsel gebruik word, kry soms in gebroke Afrikaans 'n lidwoord, soos deur die volgende voorbeelde geïllustreer word:

Ons leer hoe om die Afrikaans te praat. (geval 397)
Die Tafelberg is in die Kaapstad. (geval 84)

---

19) Behalw soms by die imperatief, soos in "Polisa!" (Polisie!) (Louw 1963 : 169).

Enkele gevalle kom selfs voor waar die onbepaalde lidwoord saam met substantiewe in die meervoud gebruik word, bv. in

Jy sien 'n baie skape. (geval 135)
Daar is 'n geboue van Tembalethu. (geval 154)

Die bepaalde lidwoord word 'n paar keer saam met besitlike en aanwysende voornaamwoorde gebruik:

Die mense is baie hiersô by die onse busstop. (geval 195)
Jy moet gaan by die daardie huise. (geval 136)

Altesaam 93 voorbeelde van oorbodige lidwoorde kom voor, wat 22,68% van alle gevalle van oorbodige gebruik verteenwoordig.

3.4.3. Oorbodige voorsetsels

Die analitiese aard van die voorsetselgebruik in Afrikaans onthef die spreker van kontekstoepassing, maar afhanklikheid van lg. kan weer aanleiding gee tot 'n gebrekkige begrip van die komponente van 'n voorsetselfrase, sodat vormvermenging soms onbewustelik in die Afrikaans van Xhosas voorkom. Die plekaanduidende vorm in Xhosa maak nl. geen voorsiening vir die aanduiding van rigting of beweging nie (vgl. die voorbeelde in par. 2.2.1.3) – dié moet uit die konteks afgelei word. So word daar dan soms nie onderskei tussen die verskillende voorsetsels in Afrikaans wat dié funksie vervul nie, en word hulle selfs saam gebruik, soos in die volgende voorbeelde:

Ek sal hardloop na by die predikant. (geval 481)
Dit vat 'n lang tyd totdat ons by die huis toe kom. (geval 38)
Ek kan 'n bus kry na stasie toe. (geval 405) [20]
Hy gaan na daar by die bushalte. (geval 408)
Kom leer op by onse skool. (geval 186) ("op skool", 'by die skool")
Moenie naby die leeus toe gaan nie. (geval 371)
Daardie straat af gaan na die masipaalplek toe. (geval 453)

In ander gevalle is daar nie sprake van vermenging met ander voorsetsels nie, en word voorsetsels gebruik waar dit glad nie nodig is nie. Die

---

20) 'n Voorbeeld van die vermenging van twee voorsetselfrases met 'n identiese funksie, nl. "stasie toe", en "na die stasie toe". Dit is 'n baie frekwente vorm.

oorsaak lê soms by verwarring met verwante werkwoorde wat wel die gebruik van 'n voorsetsel vereis. Vergelyk die volgende voorbeelde:

As die kinders in standard ses bereik.... (geval 165)
Ek het in Kaapstad besoek. (geval 427)
As ek met die Afrikaans praat ... (geval 242)
Jy loop en draai by die links. (geval 57)

'n Voorbeeld van moedertaalversteuring kom m.i. in die laaste sin voor, aangesien die plekaanduidende vorm saam met 'n substantief [21] in Xhosa gebruik word, terwyl in Afrikaans 'n bywoord van plek voldoende is.

In enkele gevalle word 'n versterkende vorm gebruik waar dit nie noodsaaklik is nie, en dan spesifiek die voorsetselkombinasie saam met. Hierdie verskynsel is uit persoonlike ondervinding redelik algemeen onder Kleurlinge (Vgl. Rademeyer 1938 : 80), veral in die Wes-Kaap, en dit is interessant dat die respondente by wie dit voorkom, juis in die Kaapse Skiereiland en die Worcester-vallei woon, waar Bantoes ten opsigte van Kleurlinge heeltemal in die minderheid is. Die kombinasie kom voor in voorbeelde soos

Hoe gaan dit met u saam? (geval 330)
Toe wil hy nou sommer baklei saam met die mense. (geval 337)
Jy gaan saam met 'n huurmotor. (geval 398)

Die aantal gevalle van oorbodige voorsetsels (79), uitgesonderd gevalle van herhaling, verteenwoordig 19,27% van die totaal vir hierdie kategorie. Wanneer herhalingsgevalle ingesluit word, is die syfer 86 en die persentasie 20,98.

3.4.3.1 Herhaling van voorsetsels

Dieselfde beginsel wat ter sprake is by die versterkingsvorm saam met speel hier 'n rol. In al die gevalle behalwe een is in die voorsetsel wat herhaal word, soos in [22]

---

21) Vgl. "Sijika yasekunene." (Ons draai na die regterkant toe.)
22) Vgl. Nienaber se beskrywing van die herhalingsverskynsel (1934 : 168).

Die mense in die bus in, hulle vra mekaar .... (geval 63)
Dan haal ons die klere in die huis in. (geval 176)
Ek het omtrent 'n rand gehad in my "pocket" in. (geval 35)

In 'n enkele geval word oor gebruik:

Dan gaan jy oor die brug oor. (geval 65)

3.4.4 Oorbodige werkwoorde

Die mees algemene patroon is die versterking van die finiete werkwoordsvorm deur die hulpwerkwoord gaan, wat somtyds as ongebruiklike variant van sal, en somtyds sonder tydsverandering gebruik word. Ongeveer een derde van alle oorbodige werkwoorde (31) bestaan uit voorbeelde van hierdie afwyking, wat in sinne soos die volgende voorkom:

Dan begin jy nou weer op daardie selfde grond gaan ploeg. (geval 484)
Toe hardloop die muis en hy gaan hol na die gat. (geval 30)
Dit is nou as jy die dorp kry, dat jy nou gaan by die winkels kan kom. (geval 334)

In 'n paar gevalle word loop vir dieselfde funksie gebruik:

Dan loop kry jy die tiekiestop. (geval 480)
As jy reg op ry, dan loop kry jy daar by die supperway. (!) (geval 480)

Die res van die gevalle vorm 'n uiteenlopende versameling afwykings van hierdie soort, bv.

Nee, dit is niks gaan gebeur nie. (geval 475)
Nee, dit word nie warm wees daar by daai plek nie. (geval 448)
Wanneer kom ek skool toe gaan, speel ek met my hond. (geval 264)

In twee verskillende gevalle word is oorbodiglik gebruik. Dit is interessant dat indien die woord kry, waarmee dit saam gebruik word, deur vind vervang sou word, die sin grammatikaal korrek sou wees. Die twee voorbeelde sien soos volg daaruit:

Partymaal dan kry ek die spruit is vol water. (geval 478)
Toe hulle daar kom, kry hulle daar is ouma in die huis. (geval 500)

Een respondent van Soweto het die infinitiefvorm om te sê konsekwent as stopfrase gebruik, iets wat, terloops, in die sg. "tsotsitaal" van die dorps- en stedelike Bantoe algemene gebruik is. Dit word op die volgende wyse gebruik:

Toe moet ons nou mekaar baklei met woorde, om te sê. (geval 35)
Toe vind hy uit, regtig, om te sê, dit was nie my skuld nie.

Saam met herhalingsgevalle verteenwoordig die oorbodige gebruik van werkwoorde (54 gevalle) 13,17% van hierdie kategorie.

3.4.4.1 Herhaling van werkwoorde

Weer eens is die mees algemene patroon die herhaalde gebruik van die skakelwerkwoord gaan (moontlik in die plek van die hulpwerkwoord sal), maar hierdie keer steeds in verbinding met die kort infinitiefvorm gaan, soos in die volgende sinne:

Ek het gesien die mense gaan by die lokasie gaan. (geval 145)
Ek gaan na die poliesstasie toe gaan. (geval 340)
Dan gaan ek in die tronk gaan lê. (geval 81)
Dan gaan jy daar met die pad op gaan. (geval 369)
Ek gaan dop gaan soek. (geval 219)
Ek gaan by die skool met die bus gaan. (geval 147)

Ook die hulpwerkwoord kan word 'n hele paar keer op dié wyse gebruik, bv. in

Jy kan die berge kan sien. (geval 147)
Ek kan vir jou soontoe kan dra. (geval 467)
Dan kan jy by die winkels kan kom. (geval 334)
Hulle kan niks ander werk of so iets kan doen nie. (geval 347)

Die merendeel van die res van die gevalle is ook herhalings van hulpwerk=woorde, veral het, moet en kom. Dit wil voorkom asof infinitiefkonstruk=sies soos kan doen, moet soek, en kom doodmaak deur sommige respondente as eenheidsvorme beskou word, en dat die effek van die finiete komponent sodanig verswak word dat 'n ekstra hulpwerkwoord benodig word, wat soms 'n herhaling van die finiete komponent meebring.

3.4.5 Oorbodige bywoorde en adjektiewe

'n Verklaring vir hierdie afwyking is moontlik 'n gebrekkige aanvoeling vir of kennis van die semantiese implikasies van die toevoeging van sodanige bywoorde of adjektiewe. Dit blyk m.i. taamlik duidelik uit die volgende

voorbeelde:

Ek is bang [illegible] die karre my nie sal omry nie. (geval 371) [23]
Jy sal m' [illegible] seker skollies kry. (geval 85)
Maar dit [illegible] nie onmoontlik vir ons. (geval 25)
Ons het 'n [illegible]ole lang tyd gevat. (geval 23)
Ons moet nou teruggaan, want hoekom jy is baie stout hierbo. (geval 84)

Die laaste voorbeeld is klaarblyklik 'n direkte Afrikaanse weergawe van die tipiese uitdrukking in Kleurling-Kaaps, because why, wat in sinne soos die volgende gebruik word:

Djy moenie moet my sikkel nie, because why djy gat moelageld optel.

Die waarskynlikheid word versterk deur die feit dat die betrokke respondent 'n inwoner van Nyanga, 'n Bantoe-woonbuurt naby die Kleurlingwoongebiede op die Kaapse Vlakte is.

Maar dit net terloops. Daar is geen patroonmatigheid uit die voorbeelde af te lei nie, en saam met die gevalle waar daar herhaling van bywoorde of adjektiewe plaasvind, vorm hierdie soort afwyking maar 'n klein persentasie van alle gevalle van oorbodige gebruik, nl. 8,05%, of 33 gevalle.

3.4.5.1 Herhaling van bywoorde en adjektiewe

Die beginsel wat by die herhalingspatroon optree, is waarskynlik die ervaring van die spreker dat sekere bywoorde of adjektiewe nie genoeg semantiese gewig dra nie en dus deur herhaling beklemtoon moet word, of dat, soos in die geval van werkwoordsherhaling (vgl. par. 3.4.4.1), sekere adjektiwiese of adverbiale frases 'n eenheid vorm en die adjektief of bywoord herhaal moet word om die verlangde waarde of betekenisgewigkrag te behou. Voorbeelde soos die volgende is in dié klas opgeteken:

Weet julle nie dat hier 'n heks hier woon nie? (geval 500)
Nee, hiersô is dit rêrig stil hiersô. (geval 481)
Ek het daar 'n een meidjie daar gekry. (geval 479A)
Hy kan vir homself niks self doen nie. (geval 347)

---

23) Vgl. die laaste twee voorbeelde in par. 3.4.6

3.4.6 Oorbodige nie by ontkenning

Die vreemdheid van die ontkenningskonstruksie in Afrikaans vir die Xhosasprekende (soos trouens vir enige andertalige) sou m.i. maklik aanleiding kon gee tot hiperkorreksie (Vgl. Nienaber 1965: 22-38). Die oorbodige nie by ontkenning kom egter nie so gereeld in die onderhoude voor nie - slegs 11 keer, wat 2,68% van alle gevalle van oorbodige gebruik verteenwoordig. Hieronder volg 'n paar voorbeelde van die afwyking:

Ek het nie geweet nie wat om te doen nie. (geval 22)
Nee, ek nie ken hom nie. (geval 174)
Mense vertel nie ons nie. (geval 397)
Ons gaan nie huis toe nie twaalfuur nie. (geval 342)

Twee gevalle van foutiewe ontkenning as sodanig het voorgekom:

Ek is bang dat die karre my nie sal ontry nie. (geval 371)
Daar kry jy 'n klomp van jou vrinde wat jy lank laas nie gesien het nie. (geval 76)

Blyktaar het ons hier te doen met denkfoute, waar, in die tweede geval, aan lank laas dieselfde negatiewe waarde toegeken word as adverbiale vorme soos nooit of lank nie.

3.4.7. Oorbodige voegwoorde

Nege gevalle (2,2% van die kategorie) is opgeteken waar voegwoorde oorbodiglik gebruik is. Daarvan was twee herhalings van soos in

Dan moet ons dan met die voet ook gaan. (geval 500)
Dan moet ek dan nou daar gaan werk ook. (geval 355)

'n Enkele geval kan as 'n anglisistiese konstruksie beskou word, nl.

Ek sal probeer en water gooi. (geval 64) ("I will try and ...")

Moontlik na analogie van dié patroon het een respondent die volgende sin kwytgeraak:

Tsjaka het 'n leeu gehoor en brul. (geval 490)

Maar origens is 'n voegwoord òf onnodiglik in kombinasie met 'n ander, òf

op sigself so gebruik, soos in

> Sy het my vertel dat om met hom na die bioskoop toe te gaan. (geval 432)
> Toe hy weer onder die boom verbygaan waar dat die kat bo in die boom sit en kyk ... (geval 366)

3.4.8 Herhaling van substantief as onderwerp of voorwerp

Hoewel daar slegs ses voorbeelde van hierdie afwyking voorkom, sluit dit aan by die laaste voorbeeld en illustrasie wat in par. 3.8 aangehaal is, en maak dit deel uit van 'n breër herhalingspatroon, waarvan twee voorbeelde in die volgende paragraaf aangehaal word. Die herhalingskonstruksie is baie algemeen in die spreektaal van Blankes, en dan veral herhaling van die persoonvorm (pronomen + predikaat).[23] Die substantiefherhaling kom voor in gevalle soos die volgende:

> Ja, ek kan Afrikaans 'n bietjie Afrikaans praat. (geval 236)
> Sy moeder het hierdie man gedurende die nag gekom om hierdie man te verpleeg. (geval 407)

3.4.8.1. Herhaling van persoonsvorm

Die genoemde voorbeelde van hierdie afwyking stem struktureel presies ooreen met dié wat J. Vorster in sy psigolinguistiese beskouing van die herhalingskonstruksie aanhaal, en so'n soos volg daar uit:

> Julle moet altyd moet julle links draai. (geval 500)
> Hier kom hierdie voorste ene kom na jou toe. (geval 496)

3.5. Slotbeskouing

Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid afwykings op sintaktiese gebied toe te skryf is aan foutiewe gebruik. In samehang met die feit dat die sintaktiese komponent as sodanig die grootste persentasie afwykings verteenwoordig, kan 'n mens op grond hiervan die hipotese stel

---

23) Vgl. J. Vorster se beskouing van die herhalingskonstruksie in Taalfasette, Deel 20 (1), 1976.

dat die vernaamste probleem van Xhosasprekendes wat gebroke Afrikaans praat, nie in die eerste plek 'n gebrek aan woordeskat, of selfs 'n onvermoë tot woordvorming is nie, maar die korrekte gebruik van 'n reeds verworwe taalskat. Die feit dat daar by die strukturering van die taalelemente skynbaar steeds teruggegryp word na moedertaalvorme, dui op een van of albei die volgende oorsake: (a) Informele taalverwerwing sonder 'n korrigerende element; (b) Verkeerde klemplasing by formele onderrig op skoolvlak. Indien (b) die oorsaak is, sou onderwysowerhede met vrug aanpassings in dié verband kom maak, op primêre en sekondêre sowel as tersiêre vlak. Indien (a) die oorsaak is, is die oplossing helaas nie so eenvoudig nie. Dit is 'n bekende feit dat blankes in die normale omgang met swartmense afwykende vorme bestendig en uiteindelik deur lgs. daarvoor kwalik geneem word dat hulle Afrikaanse taalgebruik as gevolg daarvan nooit die peil van ABA kan bereik nie. Die Afrikaanssprekende publiek behoort dus onder die besef gebring te word van die gevolge van die gebruik van 'n spesiale kode wanneer daar met swartmense Afrikaans gepraat word.

HOOFSTUK 4 - MORFOLOGIESE AFWYKINGS

4.0 Inleiding

Tweede in orde van frekwensie is morfologiese afwykings, wat veel minder prominent is as die sintaktiese komponent (slegs 823 gevalle teenoor die 2 252 sintaktiese afwykings), maar tog ook 'n duidelike patroonmatigheid vertoon. Soos in die vorige hoofstuk, word die morfologiese komponent in bepaalde hoofkategorieë (twee in hierdie geval) verdeel, te wete die nominale en die verbale, wat onderskeidelik 606 en 217 gevalle verteenwoordig.

4.1 Nominale vorme

Altesaam vier subkategorieë kan hier onderskei word, nl. verkeerde pronominale vorme, verkeerde adjektief- en bywoordvorme, verkeerde substantiefvorme en verkeerde getalsvorme by die substantief. Binne die subkategorieë kan daar ook 'n verdere verdeling van klasse volgens frekwensie gemaak word.

4.1.1 Verkeerde pronominale vorme

Hierdie subkategorie verteenwoordig selfs meer gevalle as die totaal verbale afwykings, nl. 234 teenoor 217, en kom voor by sprekers van alle grade van bedrewenheid. By 'n beoordeling van die verskynsel dien daar gelet te word op die basiese verskille tussen die pronominale stelsel van Afrikaans en dié van Xhosa. Die gebruik van onderwerpskakels by Xhosawerkwoorde veroorsaak dat 'n hele verskeidenheid vorme moontlik is vir derdepersoonspronomina, iets wat 'n aanvaarbare verklaring is vir die verwarring tussen *hy* en *sy* (32 gevalle). Die feit dat 'n enkele prefiks in Xhosa (behalwe 'n effense verskil in toonhoogte) vir *hy* of *sy*

en jy of u gebruik word, nl. u-,[24] sou ook kon aanleiding gee tot verdere verwarring, bv. tussen hy en jy, wat duidelik blyk uit die voorbeelde wat later verstrek word. 'n Faktor wat ook 'n rol kan speel, is die gebruik van beklemtoonde vorme (mna, wena, yena, ens.) afsonderlik van die gewone pronominale prefikse (ndi-, u-, u-, ens.), 'n konvensie wat in Afrikaans onbekend is. Die gebruik van besitlike voornaamwoorde in Afrikaans verskil ook radikaal van die soort konstruksie wat in Xhosa voorkom, nl. 'n kombinasie van die betrokke onderwerpskakel (gebaseer op en meestal identies aan die klasprefiks) en 'n persoonsuffiks (bv. intloko yam, umntwana wakho, ihashe lakhe, wat ooreenstem met my kop, jou/u kind, sy perd) (Louw 1963 : 45-47). Afwykings t.o.v. onderwerps- en voorwerpspronomina is egter oorwegend, soos uit die frekwensieaanduidings hieronder blyk.

4.1.1.1 Persoonlike voornaamwoorde

Pronomina in sowel die onderwerps- as die voorwerpsfunksie word in hierdie klas bespreek, aangesien funksieverwarring ook soms voorkom, soos jy i.p.v. jou , hy i.p.v. hom, ens. Altesaam 145 sulke gevalle kom voor, waarvan die mees algemene hy / sy [25] (32 voorbeelde) is. Die moontlike oorsaak van hierdie afwyking is reeds hierbo aangedui. Daar is egter een tipe afwyking wat nie spesifiek aan moedertaalversteuring toegeskryf kan word nie, en waarvan die moontlike oorsaak ook nog nie na verwys is nie. Dit is nl. die onbekendheid met die onpersoonlike konstruksie 'n mens en die pronomen jy wat daarmee saamgaan. Hierdie jy word in 19 gevalle deur hulle, in 9 deur hy, en in een geval elk deur ons, sy en julle vervang. Die konvensie in Afrikaans is eiesoortig, aangesien in ander Germaanse (en ook Romaanse) tale soortgelyke konstruksies deur 'n derdepersoonspronomen vervang word (bv. Men hoeft

---

24) Bv. uyabona = jy/u sien of hy/sy sien.

25) Die skuinsstreep (/) word in gevalle van vormverwarring gebruik as plaasvervanger vir in plaas van.

zich niet eraan te steuren, of Il faut que l'on garde sa chambre.), sy dit dan ook in ander funksies. Dus sou analogiese foute by hierdie konstruksie in die Afrikaans van Xhosas nie ongewoon wees nie.

Ander afwykings in dié klas is hy/jy [26] (16 voorbeelde), sy/hy (9 voorbeelde), hom/haar (7 voorbeelde), hy/hulle (5 voorbeelde), jy/u, hom/jou, hy/ek (elk 4 voorbeelde), ek/my (3 voorbeelde), hulle/hy, ons/ek, ek/dit, ek/jou, hy/jou, hulle/dit, dit/ek (elk 2 voorbeelde), en hom/hy, jy/hy, hy/u, my/hom, jou/jy, hy/hom, dit/hy, ek/my, hulle/jy, hy/hulle, sy/my, ek/jy, sy/jy, sy/haar (vir sy), u/jy en hy/dit (elk een voorbeeld).

4.1.1.2 Besitlike voornaamwoorde

Die mees algemene afwyking in dié klas is die gebruik van die verboë vorm onse (23 gevalle), selfs (en juis) waar ons voldoende sou wees. Die verskynsel hang moontlik saam met die afwesigheid van sekere konsonantgroepe ("consonant clusters") in die auslaut of elders in die moedertaal, sodat sprekers in Afrikaans die artikulatories maklikste weg volg waar daar maar enigsins 'n keuse is. 'n Soortgelyke verklaring is m.i. van toepassing by fonologiese afwykings soos verrekiés (verkies) en ende (en) [27], waar óf die svarabhakti, óf 'n ekstra auslautsvokaal bygevoeg word.

Origens kom daar verwarring van vorme voor, soos by sy/haar (9 voorbeelde), hom/sy (4 voorbeelde), sy/se (2 voorbeelde), en haar/sy, haar/hulle, jy/jou, hulle/jou en sy/jou (een voorbeeld elk). Enkele gevalle kom ook voor waar die besitlike voornaamwoord in Afrikaans dieselfde vorm as die persoonlike voornaamwoord het en die spreker dan

---

26) Die onpersoonlike jy wat as pronomen in die plek van 'n mens gebruik word, is hierby ingesluit.

27) Die invloed van die Engelse and is in die tweede geval natuurlik nie uitgesluit nie.

'n ekstra se byvoeg, soos in hulle se en u se.

4.1.1.3 Minder frekwente voorbeelde

'n Oorbodige of foutiewe meervoudsuitgang by anderes (i.p.v. ander, of andere) kom in 12 gevalle voor (waarvan 1 anderes). Hier is daar m.i. 'n sterk moontlikheid van Engelse invloed (na analogie van others, wat dikwels in die Afrikaans van Engelssprekende Blankes die vorm anders tot gevolg het). Verder is daar ses gevalle waar die onpersoonlike daar (bv. in Daar was baie mense daar) deur dit vervang is, en enkele losstaande voorbeelde van vormverwarring, soos watter/wat, dat/dit, wie/wat (as betreklike voornaamwoord — vgl. Eng. "who"), hy/daar (onpers.) en enkele/enkeles.

4.1.2 Verkeerde adjektief- en bywoordvorme

'n Totaal van 177 afwykings is hier opgeteken, waarvan die oorgrote meerderheid (107) voorbeelde van voorkeur vir die versterkte vorme hiersó en daarsó i.p.v. hier en daar verteenwoordig. Dit is die enigste klas waar bepaalde voorbeelde konsekwent voorkom. Die res van die klasse kan wel in elke geval as illustratief van 'n sekere soort afwyking beskou word, maar die voorbeelde is so uiteenlopend en het relatief tot eersgenoemde klas so 'n lae frekwensie dat 'n afsonderlike beskrywing van elke klas nie geregverdig kan word nie. Twee soorte afwykings, wat met mekaar in noue verband staan, verdien egter m.i. aparte vermelding, nl. gevalle waar daar probleme met (1) afleidings en (2) infleksie ontstaan.

4.1.2.1 Voorkeur vir versterkte vorme

Soos hierbo genoem, is die enigste versterkte vorme wat in die onderhoude voorkom, hiersó en daarsó, en wel 61 en 46 keer onderskeidelik. Enkele voorbeelde van die gebruik van beide is die volgende:

Hiersô, voor hiersô, is 'n bushalte. (geval 37)
Jy sal hiersô staan tot die bus kom. (geval 37) (Opeenvolgende sinne.)
Ek het hiersô op Engcobo gebore. (geval 290)
Daar is 'n stasie daarsô, op Kommadagga. (geval 218)
Man, daarsô, dis 'n wonderlike ding daarsô wat kan ek nou nie verstaan nie. (geval 340)

Dit is nie onmoontlik nie dat die voorkeur vir die vol of beklemtoonde vorm in die ontstaansjare van Afrikaans (bv. daar, daarvan) (Verhage 1965 : 173-183) ten koste van die oorspronklike Nederlandse onbeklemtoonde vorm (bv. er, ervan) ook hier 'n rol kan speel. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat ons hier met gesproke taal te doen het, en dat die vorme waarvan daar in die voorbeelde sprake is, uiteraard spreektaalvorme is en ook in die spreektaal van Afrikaanssprekendes 'n hoër frekwensie het as in die skryftaal; dit word m.i. ten onregte meestal as die normale standaard van taalgebruik van die individu beskou en beoordeel. Interessant is dat die versterkte vorm, op twee uitsonderings na,[28] slegs alleenstaande gebruik word. Die kort vorm (hier, daar), word feitlik deurgaans korrek gebruik in verbinding met oorsprong- of rigtingaanduidende suffikse.

4.1.2.2 Probleme met afleidings en fleksie

Altesaam 45 gevalle word onder hierdie subtitel gegroepeer, en sluit voorbeelde in van nie-infleksie, onnodige infleksie, die weglaat van afleidingsaffikse, en die oorbodige en verkeerde gebruik van dié affikse. Voorbeelde van die afwykings, in dieselfde volgorde, is die volgende:

koud water (geval 47)
Afrikaans stories (geval 339)
andere miesies (geval 4)
daar's mooiste strate daar (geval 15)
Julias was grootpraat (geval 160) (i.p.v. -erig)
Ons klok in oggend. (geval 342) (soggens)

---

28) Die uitsonderings is hiersô nanaf (hiervandaan af) en van hiersô (hiervandaan).

... dat hy 'n bietjie groterig word. (geval 53) (-ig oorbodig)
Tafelberg ... is binnekant in die dorp. (geval 84)(-kant oorbodig)
Toe loop ek, want ek was so geskrik. (geval 63) (ver-)
Hier is 'n gewoonlike straat wat keffies toe gaan. (geval 453) (-onc)

Die enigste gemeenskaplike eienskap wat die verskillende voorbeelde hierbo, sowel as dié waarop daar in die volgende paragraaf gewys word, kenmerk, is die gebrek aan enige sisteem. Die rede vir sulke afwykende vorme is m.i. analogiewerking sonder korrektief, waar in sommige gevalle afleidingsvorme as basisvorme gebruik word, en in ander gevalle die proses weer andersom verloop. Basies dui dit dan op 'n onvermoë om die funksie van sekere morfeemstrukture te snap en toe te pas. Daar moet egter daarop gelet word dat hierdie onvermoë nie 'n oorwegende verskynsel is nie en slegs by sommige respondente simptomaties is van 'n gebrekkige afronding in die leerproses.

4.1.2.3 Idiosinkratiese vorme

Voorbeelde van sulke vorme kom voor in die volgende gevalle:

Ons bly in die munisipalise lokasie. (geval 376)
Ek sit gestoel. (geval 115)
Dan gaan jy 'n entjie op wes-toe. (geval 370)
Jy gaan lokasie-kante toe. (geval 480)

Die feit dat hierdie afwykings eenmalig voorkom, en selfs nie t.o.v. soortgelyke voorbeelde enige patroon vorm nie, dui m.i. op spontane skeppings, waar vormtransformasies in die meeste gevalle sonder presedent toegepas word. Weer eens wil ek egter daarop wys dat dit nie 'n kenmerkende eienskap is nie, en slegs by enkele respondente voorkom.

4.1.3 Verkeerde substantiefvorme

'n Totaal van 119 van hierdie tipe afwykings kom voor, waarvan die oorgrote meerderheid fout'iewe meervoudsvorme is. Die res van die gevalle word weer eens gekenmerk deur 'n gebrek aan 'n bepaalde patroonmatigheid,

sodat slegs enkele voorbeelde van elke onderskeibare klas opgeteken kon word.

4.1.3.1 Foutiewe meervoudsvorme

Van die 65 afwykings in hierdie klas is 10 dubbele of oorbodige meervoudsvorme, soos

busses (geval 244)
mannes (geval 174)
huises (geval 143)
dinges (geval 15)
wilde (geval 474)

Waar die s-uitgang oorbodiglik gebruik word, soos in busses, huises en dinges, sou daar m.i. sprake kon wees van Engelse invloed.[29] Wat egter duidelik is, is dat daar dikwels nie onderskei kan word tussen die e- en die s-uitgang nie, soos blyk uit die volgende voorbeelde:

leerlings (geval 207)
dominee (geval 210)
mate (geval 140) (i.p.v. maats)
biers (geval 45)
jaarte (geval 61)
pils (geval 31)

Ook die auslautsreël t.o.v. woorde soos kas-kaste teenoor das-dasse, saad-sade (van die uitspraakvorm [sa:d]), ens., skep dikwels verwarring, iets wat op vorme soos die volgende uitloop:

kasse (geval 85)
buste (geval 56)
perte (geval 191)
tyte (geval 368) (tye)
drate (geval 49)
waglyse (geval 46)

Soms word die vorme geskep, meestal a.g.v. analogie, en dit gee aanleiding tot meervoudsuitgange soos dié:

skoeners (geval 278)
sandduie (geval 76)
broekte (geval 175)
hemte (geval 175)
slaaie (geval 180) (slae)
houde (geval 73) (-t-)

---

29) Vgl. buses, houses, things.

moeilikheide (geval 165)
naweekte (geval 356)
klering (geval 230) [30] (Ek wás die k.)
goete (geval 35)

As 'n mens 'n verklaring sou kon waag: Hier het ons m.i. weer met struktuurverskille tussen die moedertaal en Afrikaans te make, wat dan verwarring t.o.v. die verskillende vorme wat in Afrikaans moontlik is, veroorsaak. In Xhosa het elke klasprefiks van telbare substantiewe nl. sy eie meervoudsvorm, wat feitlik deurgaans so gebruik word. Die reëls vir meervoudsvorming in Afrikaans is egter veel meer gevarieerd, met die toepassing van umlaut (moeilikhede, stede), die Nederlandse auslautsvorme wat slegs in die meervoud na vore kom (kiste, grafte), die soms fakultatiewe gebruik van e- en s-uitgange, en les bes, die uitsonderingsgevalle (bv. kinders) wat soms in die onderhoude tot foutiewe analogiewerking aanleiding gegee het, soos in skoeners.

4.1.3.2 Adjektiefvorme vir substantiewe

Veral waar substantiewe van adjektiewe afgelei word deur die byvoeg van suffikse, is hierdie suffikse soms weggelaat en is die basisvorm, die adjektief, as substantief beskou en gebruik, soos in die volgende gevalle:

Jy praat die waar. (geval 84)
Eendag daar was 'n droog. (geval 302)
Die man was 'n kreupel. (geval 407)

Van hierdie afwyking is daar agt voorbeelde opgeteken.

4.1.3.3 Foutiewe of geen verbindingsklank

Enkele gevalle (7) is aangeteken waar voorbeelde van hierdie afwyking

---

30) Klere word nie as versamelterm beskou nie, soos duidelik deur die gebruik van die enkelvoudsvorm kleer in par. 4.1.3.5 aangetoon word.

voorgekom het, bv.

Die komponne van die manmense. (geval 62)
In die oseksant van hierdie lokasie. (geval 295)
Ek sal my buur manne vra. (geval 394)

Aangesien sulke verbindingklanke onbekend is in die moedertaal, sou afwykings van dié aard wel moontlik w

4.1.3.4 Omskrywing i.p.v. samestelling

Slegs ses voorbeelde is opgeteken waar die respondent 'n onvermoë geopenbaar het om samestellings uit afsonderlike woorde te maak, soos blyk uit die volgende:

Dan gooi ek die blare van tee. (geval 70)
As sy kom, kom sy met mens se vleis en dier se vleis. (geval 500)
Reivilo is geskryf na links se kant.[31] (geval 492) (aan die linker= kant)

4.1.3.5. Idiosinkratiese en minder frekwente vorme

Soos by ander kategoriee, is hier ook 'n redelike persentasie (24,37% van alle foutiewe substantiefvorme) afwykings wat slegs by een respondent 'n keer of wat voorkom en nie 'n uitvoerige bespreking of selfs afsonderlike kategorisering regverdig nie. Dit is 'n verdere aanduiding van die sisteemlooshei, van hierdie soort gebroke taal en werk die elemente wat die vorming van 'n pidgin begunstig, teen.

Drie gevalle kom voor waar 'n enkelvoudsvorm na analogie van 'n (in een geval gewaande) meervoudsvorm geskep is, nl. mater (uit maters), goeter (uit goeters), kleer (uit klere), en aard[32] (waarskynlik uit aarde). Origens ontbreek daar ook in drie gevalle die vroulike ge= slagsuffiks, nl. vriend (-in), onderwyser (-es), en 'n meervoudsvorm

---

31) Vergelyk par. 3.4.3 op bl. 55 (sintaktiese afwykings)

32) Die invloed van die enkelsillabige Engelse "earth" is hier nie uitgesluit nie, veral aangesien die respondent meld dat hy die gedeelte in "John three" gelees het.

van lg. voorbeeld. Oorbodige verkleining kom voor in huisietjie, bietjie reëntjie en kaartjies (pleks van kaarte). Die res van die gevalle bestaan uit afwykings wat oënskynlik momentane skeppings is.

4.1.4 Verwarring tussen enkelvouds- en meervoudsvorme

In hierdie subkategorie word die onderskeie vorme in elke geval korrek gebruik, maar dan die verkeerde vorm binne die konteks van die betrokke struktuur, m.a.w. die meervoudsuitgang word reg gebruik, maar dan binne die enkelvoudskonteks, en andersom. Altesaam 76 gevalle van getalskongruensiefoutering kom voor, of 12,54% van alle nominale afwykings.

4.1.4.1 Meervoud pleks van enkelvoud

Die meer algemene verskynsel waar die meervoudsvorm verkeerdelik gebruik word, is dié t.o.v. tyds- en kwantiteitsaanduidings waar die enkelvoudsvorm in Afrikaans verpligtend is, soos in

Ek het twee uur vir jou gewag.
Hulle woon tien kilometer van ons af.

Voorbeelde van afwykings, in volgorde van frekwensie, is die volgende:

Hy bly in die tronk ses jare. (geval 136)
Hierdie dorp is omtrent 38 kilometers van Kingwilliamstown af. (geval 99)
Dis omtrent vyf myle. (geval 61)
Van ons huis af? Ag, dis omtrent so 300 jaarte. (geval 61)
Twee ure. (geval 483)
Ons betaal daarvoor vyf rand en vyf-en-twintig sente per maand. (geval 376)

In ander gevalle word vaste uitdrukkings verkeerdelik gewysig om aan te pas by 'n (soms gewaande) meervoudsonderwerp of -voorwerp, soos in

Hulle het per fietse gery. (geval 101)
Ek is baie bang vir so ietse. (geval 52)
Per motors. (geval 54)

Dikwels word meervoudsvorme selfs saam met die onbepaalde lidwoord

gebruik, bv. in

> Toe ek geskrik het, het ek 'n krapgeluide aan die venster gehoor. (geval 102)
> Daar's 'n geboue van Tembalethu. (geval 165)

Of saam met die telwoord een:

> ... sy vriend wat nou dood is en nie een planne gebruik het nie. (geval 366)

In ander gevalle bots die meervoudsvorm eenvoudig met die strekking van die sin, soos in die volgende voorbeelde:

> Dis nou die werke wat ons manne daar het. (geval 355)
> Die kleur van my honde is wit. (Slegs sprake van een) (geval 264)
> Tsjaka het baie planne om die mense die kosse te gee. (geval 67)

Van die 76 gevalle in hierdie subkategorie is 43, of 58,9%, voorbeelde van die verkeerde gebruik van die meervoudsvorm.

4.1.4.2 Enkelvoud pleks van meervoud

Alhoewel daar minder voorbeelde van hierdie afwyking is as van die vorige, is die gevalle waar die enkelvoudsvorm verkeerdelik gebruik word, effens meer gevarieerd (28 teenoor 25 verskillende voorbeelde). Dit bring ook mee dat daar nie so maklik gekategoriseer kan word nie, aangesien die uiteenlopende aard van die gevalle dit juis bemoeilik. Hoewel nie onbetwisbaar nie, is daar een moontlike verklaring vir 'n bepaalde tipe substantief, nl. dié met 'n s-auslaut. Uit die beantwoording van die vraag "Wat sal gebeur as ('n) mens hierdie kant toe gaan?", is dit duidelik dat die respondent dikwels mens as 'n meervoudsvorm beskou het, moontlik vanweë die s-uitgang. Voorbeelde soos die volgende sou die hipotese kon staaf:

> Ek sal vir mens roep om my kom help. (geval 60)
> Daar is vier onderwyseres in my skool. (geval 155)
> Ons het twee bus (ge-)haal. (geval 433)

Daar moet egter gemeld word dat hierdie gevalle ver in die minderheid is en feitlik net by swak sprekers voorkom. Foutering m.b.t. getalskongruensie is wel baie opsigtelik in gevalle waar die substantief

saam met meervoudige telwoorde of -adjektiewe gebruik word, soos in die laaste twee voorbeelde, en in die volgende:

Daar gaan baie motorkar verby. (geval 62)
Daar is vier kamer in my huis. (geval 152)
Ek kan net vir jou ... so twee, drie woord sê. (geval 55)
Ons kan so tien of ag boom afsaag. (geval 191)
Die tsotsi is baie daar. (geval 86)
Ons sien baie hulse en winkel. (geval 166)
Daar is baie lekker op die winkel se rak. (geval 463)

Die res van die 33 gevalle (43,4% van die gevalle van enkelvoud/meervoudsverwarring) is losstaande voorbeelde wat enige kategorisering ontwyk.

Die verwarring tussen enkelvouds- en meervoudsvorme kan m.i. toegeskryf word aan die totaal verskillende morfologiese hantering van substantiewe by meervoudsvorming in Xhosa, waar dié funksie uitsluitlik deur klas-prefiks- en onderwerpskakelverandering uitgevoer word (Louw 1963:37) soos in

Abantwana babini bayagoduka. (Die-kinders hulle-twee hulle-gaan-huis-toe).

van

Umntwana unye uyagoduka. (Die-kind die-een hy-gaan-huis-toe.)

Dit kan egter nie primêr as moedertaalversteuring beskou word nie, maar slegs as onvermoë om 'n vreemde woordstruktuur in die sekondêre taal baas te raak.

4.2 Verbale vorme

Van alle morfologiese afwykings verteenwoordig die verbale komponent 26,37% of 217 uit die 823 gevalle. Ten spyte van die frekwensieverhouding word hier 'n groter mate van eenvormigheid aangetref as by die nominale afwykings. Drie breë indelings kan gemaak word, nl. affiks- en ander struktuurprobleme, infinitiefvorme en tydsvorme, wat onderskeidelik 56,2% 34,1% en 8,7% van alle verbale afwykings verteenwoordig.

4.2.1 Affiks- en ander struktuurprobleme

Onder hierdie indeling kan daar vier redelik eenvormige klasse afwykings

onderskei word, te wete die weglaat van affikse en predikaat-komponente, oorbodige affikse en predikaatkomponente, verkeerde vorme, en die nieskeiding van skeibare werkwoorde, wat, in dié volgorde, min of meer gelyk is aan 35%, 33%, 27% en 5% van die totaal.

4.2.1.1 Weglaat van affikse en predikaatkomponente

Dit kom baie dikwels voor dat affikse, en in die meerderheid gevalle die verledetydsvormende affiks ge- (22 uit die 38 gevalle in die klas), by saamgestelde werkwoorde weggelaat word (Vgl. Hymes 1971 : 15), soos in die volgende voorbeelde:

Toe ek het baie sukkel, want ek was net by myself. (geval 17)
My suster het gaan na die bus se kant. (geval 135)
Julias het grootpraat. (geval 160)
Die hasie het baie vinnig hardloop. (geval 138)

In enkele gevalle word die prefikse be- en ver- ook weggelaat, soos bv.

Ek sal help nodig.[33] (geval 353)

Die res van die voorbeelde beslaan hoofsaaklik weglatings van die voorsetselkomponente (of morfeme met voorsetselkorrelate) van saamgestelde werkwoorde, en 'n enkele geval waar die morfeem met werkwoordkorrelaat gaan weggelaat word, te wete

Hulle sal dood... (geval 302)
Hulle sal dood ... (geval 302)

4.2.1.2 Oorbodige affikse en predikaatkomponente

Ook hier is die probleemgeval die gebruik van die affiks ge, wat in 28 uit die 32 gevalle oorbodiglik gebruik is, soos in

Die ouman het hom gevertel wat hy moet doen. (geval 32)
Ek sal vir my ma 'n kar gekoop. (geval 33)
Hulle hardgeloop aanmekaar. (geval 173)
Sal hom die vuur doodgemaak. (geval 208)

Soos uit die voorbeelde duidelik is, kom die afwyking in die toekomende en

---

33) Die vermoede van Engelse invloed (vgl. "need") word versterk deur die gebruik van die substantief help.

die teenwoordige, sowel as in die verlede tyd voor, voor prefikse soos ver-, tussen die komponente van skeibare sowel as onskeibare werkwoorde, en as kort infinitiefvorm [34] saam met die hulpwerkwoord sal.

In die enkele oorblywende gevalle is 'n werkwoord of hulpwerkwoord in sy geheel sonder noodsaak gebruik, bv.

Maak sommer teewater kook. (geval 341)
Ek dink nie dit sal iets wees wat sal gebeure wees nie. (geval 52)

'n Oorsaak van die meerderheid afwykings in hierdie sowel as in die vorige, en in 'n sekere mate ook die volgende paragraaf, is waarskynlik die saamgestelde verledetydsvorm in Afrikaans, wat vreemd is vir die Xhosasprekende, sodat die ge-affiks, na analogie van gebruiksgevalle, as deel van die infinitief beskou word en die ge-ook vir ander funksies behou word.

4.2.1.3. Verkeerde vorme

Die meeste voorbeelde van die 18 verkeerde vorme is weer eens van affiksverwarring, waarvan ses tussen ge- en ver- is, soos in

Ek het so verhuil en amper geval. (geval 69)
Dit kan niks verbeur (nie). (geval 440)
Ons het hulle met ses by twee geslaan. (geval 452)
Die groentetuin is in plotte gedeel. (geval 164)

Verwarring tussen be-, ge-, en her- kom ook voor, sowel as tussen die werkwoordsvorme is en wees, had en hê, het en hê, en was en het, waarvan 'n voorbeeld van lg. hier volg:

Daar was op die pad 'n bus (ge-)gaan. (geval 131)

4.2.1.4 Nie-skeiding van skeibare werkwoorde

Hierdie afwyking kom oorvleuelend voor by infinitiefvorme en struktuurprobleme.

---

34) Met "kort infinitiefvorm" word bedoel die vorm sonder om + te, terwyl die lang infinitiefvorm óf albei, óf te insluit.

As deel van lg. klas kan dit nie beskou word as deel van 'n breër struk= tuurafwyking nie, maar by infinitiefvormafwykings speel die ordening van die komponente 'n meer bepalende rol as die nie-skeiding van die verbale komponent daarvan. Dit is veral by die nie-skeiding van die werkwoorddele deur te waar dit moeilik is om vas te stel of die weglaat van die te meer verband hou met 'n onvermoë om die werkwoord te skei of dan 'n onver= moë om die infinitiefvorm as sodanig volgens die bepaalde volgordereëls te gebruik. In enkele gevalle word die te wel in 'n ander posisie in die konstruksie gebruik, soos in

om te die vuur doodmaak (geval 318)

Hier is die probleem klaarblyklik die hantering van die infinitiefvorm self. Maar in die meerderheid gevalle (14 uit die 20 infinitiefafwykings) word die te heeltemal weggelaat, soos in

om die vuur uitblaas (geval 384)
om daai vlam doodmaak (geval 65).

Dit is moontlik dat albei faktore hier 'n rol speel, en dat die weglaat van die te as deel van die infinitiefkonstruksie gedeeltelik die gevolg is van 'n onvermoë tot werkwoordskeiding.

As struktuurprobleem op sigself beskou hou die nie-skeiding van skeibare werkwoorde moontlik verband met 'n sintaktiese probleem, veral waar dit die uiteenplasing van die werkwoorddele oor verskeie ander sindele heen behels, bv. in die volgende voorbeelde:

Waaroor optel jy dié vroumens? (geval 195)
Ek voorberei die middagete. (geval 414)

Hoe dit ook al sy. dit is duidelik dat die spreker in sulke gevalle nie bewus is van afsonderlike komponente in die werkwoord nie. Dit word nog duideliker wanneer posisionele foutering by infinitiefvorming ontleed word. Volledige frases word as deel van die werkwoord beskou, soos in

om te die skottels was (geval 481)
om te water bring (geval 184)

Weer eens is hier meer as een diagnostiese moontlikheid, maar die feit bly s t die uiteenplasing van die komponente van skeibare werkwoorde in die

genoemde gevalle probleme oplewer.

Die konsekwente voorkoms van die probleem is beperk tot swak sprekers van Afrikaans, maar dit kom tog sporadies by meer bedrewenes ook voor (vgl. Rademeyer 1938 : 70-71). Altesaam 25 voorbeelde (insluitende infinitiefvorme) is opgeteken.

4.2.2 Infinitiefvorme

By die bespreking van infinitiefafwykings is daar uitsluitlik aandag geskenk aan die lang infinitief, nl. om + te + ww. Die kort vorm (sonder om + te) wat saam met hulpwerkwoorde en as substantief gebruik word, is onderskeidelik as saamgestelde verbale vorm en as nominale vorm bespreek. Die 74 voorbeelde van infinitiefafwykings wat hier in oënskou geneem word, kan basies in drie hoofgroepe verdeel word, te wete ontbrekings, oor= bodige gebruik en foutiewe gebruik. Ontbreking van komponente verteen= woordig 64,9% v[illegible] d[illegible] atwyk[illegible]gs, foutiewe gebruik 31,1% en oorbodige komponente s[illegible] In dié volgorde word die afwykings dan ook bespreek.

4.2.2.1 Ontbrekings

Uit die aard van die samestelling van die infinitiefvorm vind 'n mens dat die komponente om en te om die beurt en soms gesamentlik ontbreek. Die mees oorwegende (75%) is te, wat in voorbeelde soos die volgende weggelaat word:

om vir my water (...) gaan skep (geval 17)
om my (...) kom help (geval 18)
om na die telefoonhokkie (...) gaan (geval 99)
om hom (...) verduidelik (geval 210)
om al die tale (...) praat (geval 393)
om daai vlam dood (...) maak (geval 65) 35)

Om en die kombinasie om + te ontbreek elk in 12,5% van die gevalle, soos

---

35) Hierdie besondere tipe word later, in aansluiting by 'n ander, meer uitvoerig bespreek.

bv. in

> Nadat ek klaar is (...) vuur te maak..
> Hulle "like" (...) te baklei. (geval 481)
> Mense huur buste (...) na die stasie toe (...) kom. (geval 184)
> Dan gaat ek dorp toe, agterna (...) vir my kos (...) gaat koop. (geval 353)

4.2.2.2 Foutiewe gebruik

In 20,3% van alle infinitiefafwykings word die te posisioneel verkeerd gebruik. Streng gesproke hoort 'n bespreking van hierdie afwyking dan eintlik tuis by die sintaktiese komponent, maar aangesien dit in die eerste plek deel uitmaak van die infinitiefvorm om + te + werkwoord, word dit as sodanig bespreek. Voorbeelde van die posisioneel verkeerde gebruik van te sien soos volg daaruit:

> om te die beseerde mense kom help (geval 24)
> om te stasie toe gaan (geval 366)
> om te die skottels was (geval 481)
> om die vuur te doodmaak (geval 131)
> om te die vuur doodmaak (geval 318)

In die laaste twee voorbeelde vind ons 'n verskynsel wat wyer uitkring as bloot die gebruik van te, of trouens van die infinitiefvorm as sodanig. Oorkoepelend met gevalle waar te weggelaat word en in aansluiting by par. 4.2.1.4, kan hierdie voorbeelde beskou word as 'n uitbreiding van die voorkoms van die nie-skeiding van skeibare werkwoorde in gevalle waar skeiding noodsaaklik is, hier dan in 'n ander gebruiksituasie. In wese raak dit hier die fundamentele verskil tussen die analitiese gebruik van taalelemente in Afrikaans en die agglutinerende aard van Xhosa, wat kennelik versteurend inwerk op die realisering van sekere funksies in Afrikaans in die mond van Xhosasprekendes, sodat (korrekte) skeiding in baie gevalle probleme oplewer.

Die orige gevalle in hierdie klas behels die gebruik van foutiewe infinitiefkomponente. Slegs enkele voorbeelde kom voor, en daar is weinig

eenvormigheid te bespeur.

Vier gevalle kom voor waar die om deur voegwoorde en voorsetsels vervang word, soos in

dat die vuur dood te kry (geval 348)
vir water by die rivier (te) gaan haal (geval 37)

Drie gevalle kom voor waar die te deur die prefikse ge- en be- vervang word, soos in

om die brand uitgemaak (geval 394)
om my huis bered (geval 425)

Die verwarring t.o.v. infinitiefvorme kan verder verklaar word indien ons let op die vorm en gebruik van die infinitief in Xhosa (Louw 1963 : 168). Daar is geen verskil tussen lang en kort infinitiewe nie, bv.

Ndifuna ukuhleka. (Ek-wil om-te-lag)
Uyakwazi ukubaleka. (Hy-dit-weet om-te-hardloop)

Daarby word infinitiefkonstruksies dikwels gebruik in gevalle waar die Afrikaanse vorm nie as infinitief beskou word nie, bv. in negatiewe bevele:

Musa ukuhamba! (Moenie om-te-loop!)

Ook by die vorming van die toekomende tyd word die volle infinitief gebruik, soos in

Sizakufunda kakuhle namhlanje. (Ons-sal-om-te-leer mooi vandag.)

In alle gevalle word die infinitief as 'n enkele vorm gebruik, òf in kombinasie, òf alleenstaande. Die variasies wat die Xhosasprekende in Afrikaans teenkom sal dus uiteraard die gebruik van die infinitiefvorm vir hom bemoeilik.

Opsommenderwys sou die gevolgtrekking gemaak kon word dat, uit die oogpunt van die sekondêre taal, die moedertaal konstruksies gebruik met die infinitieffunksie wat in so 'n mate van die gebruik van die (lang) infinitief in Afrikaans verskil dat allerhande interne versteurings by lg. voorkom

wat toegeskryf kan word aan 'n ondoeltreffende gebruikskennis van die infinitiefvorme.

4.2.3 Tydsvorme

Alhoewel afwykings van hierdie klas 'n relatief klein persentasie (9,4%) van die verbale komponent uitmaak, illustreer dit feitlik deurgaans 'n enkele probleem, nl. 'n onvermoë by swak sprekers om die verledetydsvorm te gebruik. Vgl. die volgende voorbeelde:

> Ek het agter en voor gekyk en dink wat moet ek doen. (geval 22)[36]
> As ek klaar eet, dan gaan ek dorp toe. (geval 88)

Probleme met onreëlmatige verledetydsvorme en umlaut kom meermale voor, soos in

> (Toe) ek 'n leerling is ... ek het my boek op die tafel gesit. (geval 304)
> Op die tweede (jaar) het ek goeie werk gekry, sodat ek kan vir my goed geld verdien. (geval 305)

In enkele gevalle word die verledetydsvorm vir die teenwoordigetydsfunksie gebruik bv.

> 'n Mens op die pad moes op sy regterkant loop. (geval 180)

Dit is egter heeltemal die uitsondering en moontlik 'n voorbeeld van momentane verkeerde gebruik, soos by enige spreker van 'n sekondêre taal kan voorkom.

4.3 Slotbeskouing

Soos in die geval van sintaktiese afwykings, is foutiewe gebruik ook hier oorwegend. 'n Soortgelyke gevolgtrekking as aan die einde van die vorige hoofstuk kan dus gemaak word t.o.v. die vernaamste probleem wat die Xhosasprekende met Afrikaans ondervind. Hierdie veronderstelling word verder versterk deur die feit dat die sintaktiese en die morfologiese kom=

---

36) Dit kan moontlik 'n analogiese afwyking n.a.v. 'n voorbeeld soos "Hy het geloop en sing" wees.

ponente in Xhosa uit die aard van die taalstruktuur moeilik te onderskei is.

Moedertaalversteuring op strukturele vlak is egter baie minder opvallend as by die sintaktiese komponent, waar sommige Xhosa-strukture sonder veel moeite in die Afrikaans van respondente herken kon word. [37] 'n Groot persentasie van die morfologiese afwykings kan eerder beskryf word as onsistematiese, foutiewe vorme wat ontstaan a.g.v. die moeilik oorbrugbare woordvormverskille tussen Afrikaans en Xhosa. Die afwykings ontstaan dus waarskynlik nie a.g.v. analogiewerking uit die moedertaal nie, maar a.g.v. 'n gebrek aan 'n basis vir sodanige analogiewerking.

---

37) Vgl. paragrawe 3.1.4, 3.2.1.3 en 3.4.1.1.

HOOFSTUK 5 — LEKSIKALE AFWYKINGS

5.0 Inleiding

By 'n beskouing van leksikale afwykings in die Afrikaans van Xhosas blyk die verskynsel van versteuring meer prominent te wees as in enigeen van die reeds behandelde komponente. In dié verband meld N. Brooks (1964 : 180) die volgende:

> Of the four strands of language, sound, form, order, and choice, the last — that is, vocabulary — is the least characteristic. This is why vocabulary items are so easily borrowed by one language from another, but sound-patterns or syntax patterns are not.

Ook U. Weinreich lewer soos volg kommentaar oor "lexical borrowing" (1953 : 56):

> There is no doubt that lexical borrowing is less restricted to the bilingual portion of a language community than phonic or grammatical interference. The vocabulary of a language, considerably more loosely constructed than its phonemics and its grammar, is beyond question the domain of borrowing par excellence.

Van die 790 gevalle van leksikale afwykings wat opgeteken is, is 459 of 58,1% versteurings van die een of ander aard. Twee hoofkategorieë kan hier onderskei word: Primêre versteuring vind plaas wanneer vorme uit die moedertaal net so, of direk vertaal, in die plek van die korrekte Afrikaanse vorm gebruik word, terwyl sekondêre versteuring plaasvind wanneer daar direkte of indirekte gebruik van Engelse vorme gemaak word (Vgl. Van Wyk 1966 : 29). "Indirekte gebruik" impliseer dat daar tussen ekwivalente Afrikaanse en Engelse vorme wedersyds 'n fonologiese, morfologiese of semantiese invloed uitgaan, sodat foutiewe vorme, wat elemente van albei tale bevat, ontstaan.

Die res van die afwykings bestaan uit onsistematiese variante of eenmalige skeppings wat tipies van gebroke taal is.

Die betrokke kategorieë word in logiese volgorde bespreek, en nie streng in volgorde van frekwensie nie, aangesien lg. indeling 'n andersins makliker hanteerbare geheel sou verbrokkel. Frekwensieaanduidings word egter wel by elke kategorie verstrek.

5.1 Primêre versteurings

Slegs 'n baie geringe persentasie afwykings kan aan primêre versteurings toegeskryf word, t.w. 36 uit die totaal van 459, of 7,8% van alle versteurings.

5.1.1 Leenwoorde uit Xhosa

Dit het dikwels voorgekom dat verduidelikings in Xhosa teenoor die veldwerker gegee is, maar wanneer daar oorgeslaan is na Afrikaans, is daar, hoe gebrekkig ook al, daarby gebly. Enkele Xhosawoorde het egter deurgeglip, waaronder die volgende:

maXhosa (die Xhosas) (geval 84)
mhlekazi (meneer!) (geval 303)
vela (kom) (geval 160)
(isi-) Afrikanisi (Afrikaans) [afrikansi] (geval 489)
ikhaya (huis, tuiste) (geval 266)
tshayile (uitskei) (geval 467)

Die lg. twee voorbeelde het in Afrikaans respektiewelik semanties en fonologies effens gewysigde ekwivalente, maar die betrokke voorbeelde kom slegs eenmaal in al die onderhoude voor. 'n Psigolinguistiese verklaring vir die lae voorkomssyfer van moedertaalleenwoorde is moontlik die volgende: Afrikaans is struktureel en fonologies so ver van Xhosa verwyderd dat daar eerder na Engelse ekwivalente gesoek word wanneer 'n Afrikaanse vorm onbekend is.

5.1.2 Direkte vertalings uit Xhosa

Die merendeel primêre versteurings (29 uit 36, of 80,6%) is direkte ver-

talings. Die mees frekwente voorbeelde is loop (hamba) i.p.v. gaan of ry (7 keer), en hoor (ukupha) i.p.v. verstaan (4 keer), soos in

> My ouers het saam met my geloop om my standerd vyf op Umtata (te behaal). (geval 198)
> Sometimes hulle loop met die bus. (geval 201)
> Die Afrikansie ek kan jou sê ek kan goed hoor. (geval 489)

Dit toon dat die spreker nie 'n voldoende begrip het van die semantiese grense van verskillende woorde wat gesamentlik 'n enkele ekwivalent (benaderd) in die moedertaal het nie. Dit is ook die geval met voorbeelde soos maak en doen, wat albei deur enza in Xhosa vertaal kan word:

> Daar is werk wat ek maak.

Ander voorbeelde is klim (khwela) i.p.v. ry, ontmoet i.p.v. kry (fumana), roep i.p.v. vra (biza), sononder toe i.p.v. weswaarts (entshonalanga), sê (thi) en praat i.p.v. vertel, vertel i.p.v. beveel, ken i.p.v. weet (azi), ens. In verband word dié afwykings soos volg gebruik:

> En dan klim jy die trein tot in Worcester ... (geval 332)
> As jy bokant gaan, sal jy 'n winkel ontmoet. (geval 418)
> Toe roep hulle minder geld as daar. (geval 470)
> Ek gaan na sononder toe. (geval 75)
> Ek kan ook nie Afrikaans stories praat, sê nie. (geval 339)
> Ek kan nog nie stories praat nie. (geval 474)
> Hy het hom geslaan en hom vertel nie om dit te doen nie. (geval 44)
> Ek ken nie hoekom nie. (geval 329)

lg. voorbeeld is nie uitsluitlik toe te skryf aan primêre versteuring nie — Engels know kan weergegee word deur sowel ken as weet.

Primêre versteuring van dié aard vind waarskynlik onbewustelik plaas en is bloot die gevolg van 'n gebrekkige woordeskat t.o.v. die betrokke register.

5.2 Sekondêre versteurings

'n Veel groter aantal, en verskeidenheid, sekondêre as primêre versteurings is opgeteken, t.w. 423 teenoor 36. Hiervan is die grootste komponent (306 voorbeelde) Engelse leenwoorde wat direk as leksikale items in Afrikaanse sinne gebruik is. Die res bestaan uit gevalle van leksikale,

fonologiese en morfologiese integrasie.

5.2.1 Leenwoorde uit Engels

Alhoewel daar 306 voorbeelde van leenwoorde is, verteenwoordig die totaal slegs 146 afsonderlike woorde, waarvan 96 slegs eenkeer voorkom. Van die res kom 25 slegs tweekeer voor, en word in die meeste gevalle deur dieselfde respondent gebruik. Dit beteken dat daar slegs 25 Engelse leenwoorde voor= kom wat enige noemenswaardige frekwensie het. Hieronder volg 'n lys van dié woorde:

bus (19) [38]
fire brigade (17)
weil (14)
or (9)
seven (9)
police (8)
try (8)
auntie (8)
yard (6)
lorry (-ies) (6)
bioscope (6)
bicycle (5)
report (5)
straight (5)
robot (4)
ball (4)
because (3)
club (3)
like (3)
miles (3)
nine (3)
order (3)
'phone (3)
six (3)
ten (3)

In 'n paar van hierdie gevalle is daar 'n sterk Afrikaanse fonetiese invloed merkbaar en word die woorde blykbaar nie bewustelik as Engels uitgespreek nie, bv. "antie", "jaart", "lôrie", "iorriedrywer" en "poélies". Feit is natuurlik ook dat sommiges, soos "bicycle", "lôrry" en "yard", ook in die spreektaal van baie Afrikaanssprekende blankes voorkom, en dus nie as kenmerkende afwykings beskou kan word nie.

---

38) Frekwensiaanduiding.

5.2.2 Fonologiese versteurings

As maatstaf by die bepaling van fonologiese versteurings, in teenstelling met bloot Afrikaanse (of Engelse) fonetiese invloed, word assimilasie en umlaut as toepaslik beskou. Variasie t.o.v. timbre en klem, soos in die vorige paragraaf, tree slegs aksentbepalend [39] op. Voorbeelde van fonologiese versteurings, waarvan daar 38 opgeteken is, is die volgende:

help i.p.v. hulp (12 keer)
lyk n.a.v. "like" (4 keer)
tap i.p.v. kraan (3 keer)
orraait n.a.v. "all right" (2 keer)
nomber n.a.v. "number" (2 keer)

In die eerste drie gevalle (die frekwentstes) is dit opmerklik dat daar wel soortgelyke Afrikaanse vorme met 'n ander betekenisinhoud bestaan. By die mees frekwente vorm, nl. help i.p.v. hulp, is die verskil bloot kategoriaal. Dit wil dus voorkom dat, hoe kleiner die verskille tussen verwante vorme, hoe makliker vind versteuring plaas.

5.2.3 Semantiese versteurings

Altesaam 34 voorbeelde van dié klas kom voor, en dit behels hoofsaaklik werkwoorde en adjektiewe wat normaalweg as anglisismes beskryf sou word. Dieselfde beginsel is hier van toepassing as by direkte vertalings uit die moedertaal, waar daar meer as een ekwivalent in die Afrikaans vir die betrokke vorm bestaan, en dié ekwivalente besliste funksionele beperkings het waarvan die spreker onbewus is. Die volgende voorbeelde kom almal meermale voor:

meen i.p.v. bedoel
meen i.p.v. beteken
bedoel i.p.v. beteken
weet i.p.v. ken
ken i.p.v. weet [40]
ken i.p.v. kan
verloor i.p.v. verdwaal (as werkwoord én as verlede deelwoord)

---

39) "Aksent" beteken hier "foneties tiperend". Vgl. ook Van Wyk 1976: 146.

40) Die moontlikheid van fonologiese versteuring (n.a.v. Engels "can") is hier nie uitgesluit nie.

Minder frekwent maar tog simptomaties is die volgende:

sien i.p.v. spreek
groei i.p.v. kweek
dryf i.p.v. bestuur
wakker op i.p.v. ontwaak, wakker word
vang i.p.v. haal ('n bus)
krag i.p.v. mag
'n skrik kry i.p.v. skrik
hondmoeg i.p.v. doodmoeg
by myself i.p.v. alleen
spaarbed i.p.v. ekstra bed

5.2.4 Morfologiese versteurings

Slegs 'n geringe aantal (16) van hierdie klas is opgeteken, maar dit is tog van belang, aangesien voorbeelde daarvan wel dikwels in die om= gangstaal van blanke Afrikaanssprekendes voorkom. Die versteurings onder bespreking neem in alle gevalle die vorm aan van samestellings tussen òf die Afrikaanse prefiks ge- plus 'n Engelse werkwoord, òf 'n Engelse substantief plus die Afrikaanse meervoudsuitgang -(s)e. Voor= beelde van e.g. soort is die volgende

ge-like
ge-sign
ge-try
ge-light
ge-grocer

Die meervoudsvorme sien o.a. soos volg daar uit:

fense (fences)
spèise (spaces)
maaile (miles)
djoppe (jobs)
bènde (bands)

In drie gevalle is die meervoudsvorm onnodiglik gebruik:

fire brigade-se
army-se
poliese

Dit is moontlik dat die kollektiewe aard van die betrokke terme nie as sodanig deur die spreker beskou word nie, en dat die meervoudsuffiks gebruik word om meer as een individu aan te dui.

5.3 Hibridiese vorme

Twee subkategorieë kan hier onderskei word, nl. substantiefverbindings en kategoriale oorvleuelings. E.g. bestaan deurgaans uit samevoegings van Engelse en Afrikaanse leksikale morfeme, en lg. uit vorme waar meer as een tipe versteuring 'n rol speel. Altesaam 29 voorbeelde is opgeteken, en die subkategorieë verteenwoordig onderskeidelik 59% en 41% van die hibridiese vorme.

5.3.1 Substantiefverbindings

Vanweë die klein getal voorbeelde in hierdie klas is daar feitlik geen vorme wat 'n noemenswaardige frekwensie het nie. Die enigste uitsondering is police-stasie (4 keer) en police-kamp (2 keer), e.g. waarvan ook nie juis tot die Afrikaans van Xhosas beperk is nie. Ter illustrasie dan enkele ander voorbeelde:

vuur-squad
fire-mense
begrafnis-yard
song-stukkes
Scotch-mense
ses o' clock
lefterkant

Lg. twee voorbeelde is wel nie substantiefverbindings pur sang nie, maar die versteurende element dra tog by tot die vorming van 'n substantief.

5.3.2 Kategoriale oorvleuelings

Drie soorte kategoriale kombinasies kom in hierdie klas voor: Fonologiese plus morfologiese versteuring (6 voorbeelde), fonologiese versteuring plus hibridiese substantiefverbinding (4 voorbeelde), en een voorbeeld van fonologiese plus semantiese versteuring. E.g. kombinasie sien soos volg daaruit:

tjommies (chums) (4 voorbeelde)
pymente (pavements)
toun-toe (to town)

In al drie gevalle is daar fonologiese versteuring van die Engelse basiswoord, met onderskeidelik 'n Afrikaanse diminutief- en meervouds= uitgang in die eerste, meervoudsuitgang in die tweede, en adjektivering= suffiks in die derde geval.

Van die tweede kombinasie is die volgende voorbeelde opgeteken:

vuur-brighaad (2 voorbeelde)
bus-rank /bœsrank/
sopper-tyd (suppertime)

In die eerste twee gevalle vorm 'n Afrikaanse morfeem die eerste komponent van die samestelling, en word die daaropvolgende Engelse komponent fonologies versteur; in die laaste geval is die proses omgekeer.

Die derde kombinasie het as voorbeeld die woord direksies (aanwysings), wat in die volgende aanhaling voorkom:

> Wil jy die direksies van hier af hê? As 'n mens van die stasie af gaan, gaan die grootpad deur. (geval 487)

In hierdie geval is die kombinasie nie gelee in die woordvorm self nie, maar in alternatiewe interpretasies, nl. as Afrikaanse woord onder Engelse semantiese invloed, of as Engelse woord onder Afrikaanse fono= logiese invloed.

Die belangrikheid van hierdie klas lê nie in sy frekwensie nie — want dié is la — maar in die verskynsel van hibridiese vorme as sodanig, wat as 'n gevolg van taalkontak tussen sekondêre kodes beskou kan word.

5.4 Die sinonieme en verkeerde vorme wat meermale voorkom

Dit is opmerklik dat sommige verkeerde vorme idiosinkraties of by verskeie respondente herhaaldelik gebruik word, sonder enige ooglopende verklaring of oorsaak wat as òf primêre òf sekondêre versteuring bestempel kan word. Die afwykings is semanties of fonologies van aard, maar sal

slegs deur psigolinguistiese ontleding bevredigend verklaar kan word. Volledigheidshalwe volg hier dan 'n lys van (a) algemene vorme, en (b) idiosinkratiese vorme:

a) afbrand i.p.v. blus
afsit i.p.v. blus
bêre i.p.v. plaas, sit
brand se mense (brand-mense) i.p.v. brandweer
brandwag i.p.v. brandweer
doodblaas i.p.v. blus
doodblus i.p.v. blus
dooddruk i.p.v. blus
gestig i.p.v. geleë
huis doodmaak i.p.v. vuur doodmaak
kom i.p.v. gaan
langs i.p.v. ver
reg i.p.v. regs
uitblaas i.p.v. blus
uitmaak i.p.v. blus
vat i.p.v. gaan
vuurmense i.p.v. brandweer

b) busring i.p.v. bushalte
drye i.p.v. rye
het geword i.p.v. was
laboratorie i.p.v. laboratorium
muil(e) i.p.v. mol
klaarmaak i.p.v. doodmaak
klaar raak i.p.v. sterf
tiekiestop i.p.v. stopstraat

5.5 Leksikale variante vir begrippe wat gereeld voorkom

As gevolg van die aard van die vrae deur die veldwerker gestel, het sekere begrippe in feitlik elke bruikbare onderhoud opgeduik. 'n Hele verskeidenheid benamings vir hierdie begrippe is opgeteken, waarvan die volgende voorbeelde in volgorde van frekwensie aangehaal word:

brandweer:

fire brigade
fire brigade-se
fire brigade-e
faibriekyta
fara brigade
fara magade
fire migage
fire gade
brigade
fireman
fire-mense
vuur-brighaad

vuur-squad
mense van die vuur
vuurmense
vuurmanne
vuurblussers
vuuraanstekers
brandwag
brandmense
brand se mense
liksensie
huisafbrander

blus:
afbrand
afblaas
afsit
afdruk
doodblaas
doodblus
dooddruk
drank
toemaak
uitblaas
uitbrand
uitmaak
uitneem
verdoon

vertel:
gaan maak
gee (met)
praat 41)
tel
verduidelik

vuur blus:
huis doodbrand
huis doodgooi
huis doodmaak
huis uitsmyt van die vuur

polisie:
poeliese
police
polliese
regters

brandweerwa:
brandwa
brandwagmotor
firmabus
vuurtuig
van (Eng.)

gooi:
gedoen
gee
gehou

bure:
biermanne
beersmanne

---

41) Waarskynlik Engelse semantiese invloed.

munisipaliteit:
masipaalplek
maspalle

5.6 Sporadiese vorme

Volledigheidshalwe word die vorme wat vanweë hulle sporadiese en onsistematiese voorkoms nie gekategoriseer is nie, maar tog die geheelbeeld van die kategorie leksikale afwykings aanvul, hieronder gerubriseer:

aangaan/heers (droogte)[42]
aangesê/betig
aankom/ terugkom
afgly/wegbly, padgee
agter die slot/agter tralies
agterstevoort/êrens, oral
ander ding/nog iets
bak/brand (huis)
bakkie/masjienkap
Bantoetaalmense/Bantoetaalsprekendes
beëer kry/onder beheer kry
bedien/verdien
bedouwen/dronk
bered/red (2 keer)
bereik/aangekom
bert/beurt kry
bespreek/praat (Afrikaans)
bestuur/haal (bus)
bietjie/baie (- mooi en vet)
bokser/boksgeveg
bottel van die vuur/brandblusser
brand kan kry/vlam kan vat
bul/koei (wat moet klaf)
by regterhand kom/regs draai
daar/toe
dokter/doktersbehandeling (onder dokter)
dwaal/hadloop, vlug
einaar/werkgewer, baas
gaai/gat
gaai/assegaai
gaan/laat gaan, stuur
gaan maak/vertel
gawe (adj.)/lekker, aangename (plek)
gedurende/gedurig
gelief/wil graag
gesla n/verslaan
gespandeer/sou bespaar
gesprek/gesels (verl.deelw.)
gewyse/aanwysingsborde
geteken/toegeken
gooi/groei
groot, die/baie (die groot)
haal die bushalt/wag by die bushalte

---

42) Vir hierdie lys beteken die skuinsstrepie (/) in plaas van.

hê/slaag ('n standerd)
hêl aan/vra vir
help/doen
herhaal/gehaal
het geword/was (2 keer)
hier/nou
huis/winkel
inkom/ingaan
inkomste/verlies
is/kan
kasse/tasse
ken/leer
ken/hoor
koel/koop
koel/lekker [43]
kom/gebeur
kom wakker/word wakker
koptoe vat/ter harte neem
kostig/duur
kry/doen
kry/stig, aanlê [44] (die plek is gekry)
kry/vind (dat daar geld in was)
kwaad/kwaad word
kyk na/soek
laas/gelede
laat kôm/beland (oorg. ww.)
land/beland, kom uit by (die stasie)
land-besigheid/boerdery
langs mense/mense langsaan
lank/ver
lappe/materiaal (fabriek van die lappe)
leef/liefhad
lesig/lui
lingweg/linkerkantste pad
linkskant/linkerkant
los/gesluit (die deur)
maak/word
maak/gaan (stukkend)
maak/opsê (resitasie)
maak/skryf (brief)
maak/was (wasgoed)
manie/kêrel, vent, man
met hierdie jaar/vanjaar
meubeliers/meubels
mislei/laat verdwaal
moeilik wees aangaan/probleme teenkom
more-oggend, in die/in die oggend
na ... afgaan/na ... toe gaan
nadát/later
neem/roep, ontbied
niggies/familie
niks/nee
niks/glad nie
nog/altyd
nooi/vra, smeek
omring/omhein
ontslae/verstreke

---

43) Eng. slang, bv. "a cool cat".

44) Moontlik n.a.v. die Engels "founded".

oopgetrek/uitgetrek
oplewer/lewer
op 'n huur/per huurmotor
pak klere/klere (dames-)
ploeg/plant
reggeding/regterkantste pad
regterhand/regterkant
saai/gesaaides
sien/kyk
sing/roep
sinke/sinkplate
skeur/loop (bloed)
skoolman/onderwyser
slaaie/slae
smaak/hou van
snikwarm/snikheet
snoek/suinig wees
so ver/verder
sover, en/sovoorts (en sover)
speelgoete/rugbymondering
splinter/flenters
spoedig/dadelik
staan/is (Daar staan gevaar van polisie voor.)
steek/raak
stem/sê
stoel/stoof
stop/versperring
suie/soog
swaarder/sterker
syne/eienaar
taat/tante
tafeldoek/vadoek
tale/storie
tale/woorde
tant/tante
tevrees/tevergeefs
tieres/diere
toe kom/beland
toelaat/in staat stel
trappe/pedale
trombel/pot, kastrol
tuis/huis
tyd/werk
uitmaak/verstaan
uitgaan met/verlaat
val/beland
vang/gryp
vang/vat
vat/draai (Dan vat jy nou links.) (2 keer)
vat/gaan (2 keer)
vels/veld
verby/verbygaan
verduidelik/vertel
verdwaal/verlaat
verdwaal/verdwaas, verstrik (adj.)
verlede/afgelope (die verlede vakansie)
verstaan/onthou
verstaan/verduidelik

verwonderd wees/wonder
vinnig/klein
vlaghouer/grensregter
voort/voor op die wa, spandabel
waar, die/die waarheid (die waar)
waarsku/help
w rm/nat
weer/meer (byw.)
wees/word
wees/aangekom
weg/pad
weggelaai/oorlaai
wegkom/wegbly
werk/doen ('n werk)
woel/voel (2 keer)
wountoe/waarnatoe

Uit die mengelmoes van vorme is daar m.i. tog twee eienskappe wat in die meeste gevalle 'n rol speel: (a) As die spreker twyfel, skep hy of gryp hy na 'n vorm wat fonologies of semanties na aan die korrekte een staan; en (b) Daar is dikwels 'n gebrek aan begrip van die verband waarin sekere woorde gebruik kan word, d.w.s. die grammatikaliteit van sommige konstruksies waarin die betrokke leksikale items 'n bepalende rol speel.

5.7 Slotbeskouing

Alhoewel versteuring, en meer spesifiek sekondêre versteuring, so kenmerkend is van leksikale afwykings, is daar selfs hier nie naastenby die relatief hoë frekwensie en patroonmatigheid te bespeur wat by struktturele afwykings merkbaar is nie. Wat die res van die leksikale komponent betref, illustreer dit nog meer die sporadiese aard van die afwykende vorme en die gebrek aan sisteem wat selfs 'n betekenisvolle persentasie van die voorbeelde in die ander komponente kenmerk.

Die verskynsels wat by die ontleding wel na vore gekom het, kan m.i. as verteenwoordigend beskou word van die gevolge van beperkte taalkontak. Faktore soos sosiale en kulturele skeiding, wat uitgebreide sosiolinguistiese gevolge (en oorsake) het, speel uit die aard van die saak ook 'n rol wat betref die omvang van beïnvloeding en gevolglike patroonmatige afwykende vorme, wat dan juis, volgens sowel Weinreich as Brooks, op leksikale

terrein baie prominent sal wees. Maar sosiologiese faktore m.b.t. die taalsituasie word in die volgende hoofstuk meer uitvoerig behandel.

HOOFSTUK 6 - UITEENSETTING EN INTEGRASIE VAN SOSIOLINGUISTIESE GEGEWENS

6.0 Omskrywing van veranderlikes

6.1 Sosiologiese veranderlikes

Die stratifikasie van die ondersoekgroep volg 'n verskeidenheid patrone, waarvan 'n indeling in ekonomiese klasse, anders as in ander sosiolinguistiese ondersoeke, van relatief weinig belang is. Die rede is dat dit in die lig van die sosiologiese situasie in Suid-Afrika baie moeilik is om streng afgebakende sosiale grense onder die swartmense te trek wat sou kon korreleer met tipiese linguistiese kenmerke blykende uit 'n tweede, derde of vierde taal, soos Afrikaans vir die oorgrote meerderheid respondente is. Ten opsigte van 'n ondersoekgroep wie se eerste taal onder beskouing is, sou dit veel makliker wees om sulke taalgrense te definieer, aangesien dié taal alle vlakke van die menslike ervaring dek en as barometer kon dien vir sosiale verskille wat eie is aan die betrokke groep. Wat die Xhosas betref, sou dit vir 'n Westerse buitestaander nie sonder meer moontlik wees om sosiale grense te trek wat 'n getroue weerspieëling is van die stratifikasie wat vir die Xhosa self relevant is nie. Dus word die sistematiese integrasie van subdimensies hoofsaaklik volgens ander maatstawwe bepaal, en word die volgende veranderlikes deurgaans gebruik: Geslag, ouderdom en woonplek (lg. volgens 'n vierledige indeling). Sommige psigolinguistiese veranderlikes, soos gesindheid teenoor die taal en die sprekers daarvan, sowel as die rol wat 'n faktor soos opvoeding ten opsigte van taalvaardigheid speel, word sporadies gebruik om moontlike korrelasiepatrone te identifiseer. Trouens, in die laaste afdeling van die hoofstuk word 'n wye verskeidenheid faktore wat enigsins met taalvaardigheid sou kon kovarieer, deur middel van kruistabulerings, ontledings en die berekening van gemiddeldes by die evaluering betrek.

6.1.1 Geslag

Die verspreiding van die geslagte in die algemene, landswye steekproef hou naastenby verband met die werklike verspreiding soos deur die 1970-sensus vasgestel, nl. in die verhouding 2:1 vir vroue in tuislande en provinsies onderskeidelik, en andersom met betrekking tot mans. Dié verhouding word in hierdie ondersoek gehandhaaf deur die onderskeie frekwensies van mans en vroue wat Afrikaans magtig is. Die verspreiding van die geslagte in die huidige ondersoek korrespondeer dus taamlik noukeurig met die werklike verspreiding van Xhosas oor die algemeen. As veranderlike sou geslag ten opsigte van linguistiese faktore 'n redelik verteenwoordigende korrelaat verskaf.

6.1.2 Ouderdom

Slegs 'n breë indeling is in die meeste gevalle ten opsigte van ouderdom gevolg, om dieselfde rede dat 'n gedetailleerde stratifikasie in sosio-ekonomiese klasse nie so maklik uitgevoer kan word nie. Vir sinvolle korrelering met linguistiese gegewens is dit m.i. voldoende om tussen 'n jonger en 'n ouer groep te onderskei, nl. die groep van 15 tot 35 jaar oud, en dié daarbo.[45] 'n Soort diachroniese evaluering van die taal-situasie met betrekking tot 'n jonger en 'n ouer geslag sou by die bepaling van die ontwikkelingsgang van Afrikaans ook waardevol kon wees. Ek noem dit 'n soort diachroniese evaluering, omdat die integrasie van sosiolinguis-tiese faktore ten opsigte van elke ouderdomsgroep nie deur enige tyds-verloop geskei word nie. In hierdie verband sê C. Pählsson (1972: 32) die volgende:

---

45) Die perk wat in die beplanning gestel is, was 54. Slegs enkele oorskrydings het in die data-ontleding aan die lig gekom.

> In order to study the synchronic and diachronic aspects simultaneously the temporal dimension has to be subdivided. Thus, a distinction can be made between real time and apparent time. Real time refers to actual developments in linguistic evolution over an arbitrary length of time. Thus, it relates to conditions through time, i.e. the diachronic aspect. Apparent time refers to the pattern of distribution of linguistic behaviour through various age groups at any particular point of time. Thus, it relates to conditions in time, i.e. the synchronic aspect.

Die verskil tussen die ouer en die jonger geslag is dus, volgens Påhlsson, slegs "apparent time" in 'n sinchroniese ondersoek soos die huidige. Niete-min sal daar met vrug gelet kan word op die gesindhede, vaardighede en ontwikkelingspeil van die jonger geslag vergeleke by dié van die ouer garde.

6.1.3 Geografiese verspreiding

Die parameter wat gebruik word om die geografiese verspreiding as 'n faktor te bepaal, bestaan uit twee oorvleuelende subdimensies, nl. provinsie teenoor tuisland en stedelike teenoor nie-stedelike gebeid. Die gebruik van "geografiese verspreiding" as 'n veranderlike noodsaak dus 'n vierledige ontleding van die gegewens wat daarmee gekorreleer word. 'n Vergelyking tussen die vaardighede, gesindhede en ontwikkelingspeile van respondente ten opsigte van hulle geografiese verspreiding sou 'n insiggewende bydrae kan lewer tot 'n geheelbeeld van die Afrikaanse taalsituasie onder die Xhosas.

6.1.4 Ander sosiologiese veranderlikes

"Algemene opvoedingspeil" word sporadies as veranderlike gebruik, en in nege punte verdeel op 'n skaal wat strek van geen opvoeding tot tersiêre opvoeding. Ook die lewenswyse van die respondente betrek ek soms by 'n kruisontleding. Dié word verdeel in drie moontlikhede, nl. tradisioneel, westers, en tradisioneel en westers gemeng. Alhoewel 'n buitestaander, soos vroeër gemeld, moeilik sosio-ekonomiese klasse kan onderskei, is daar tog op grond van inkomste 'n sekere indeling gemaak wat 'n aanduiding

behoort te gee van die lewenspeil van respondente. Altesaam ses kategorieë met betrekking tot maandelikse inkomste is geskep en daarvolgens is die inkomste (of geïmpliseerde lewenspeil) gekorreleer met sekere linguistiese gegewens. In enkele gevalle is die beroep van respondente ook in verband gebring met die algemene praatbedrewenheid van respondente, maar aangesien die frekwensie van respondente met betrekking tot die onderskeie beroepe (met die uitsondering van 'n paar) so laag is, sou statistieke wat oor alle beroepe versprei is, nie betroubaar wees nie.

6.2 Linguistiese veranderlikes

Benewens 'n suiwer linguistiese veranderlike soos taalgebruikspeil, word verwante of semi-linguistiese faktore ook hierby ingereken. Dit sluit in die graad van meertaligheid, selfgeskatte taalvaardighede (praat, luister, skryf en lees), die posisie van Afrikaans, kwalitatief bereken, in die respondent se repertorium, peil van onderrig in Afrikaans, situasies waarin Afrikaans gebruik word, en die reeds genoemde gesindheid teenoor Afrikaans in keusesituasies. 'n Omskrywing van die betrokke linguistiese veranderlikes word saam met die statistiese ontleding daarvan in verhouding tot die toepaslike sosiologiese veranderlikes verstrek.

6.3 Algemene agtergrond van ondersoekgroep

As definisie van "Xhosa" vir die doel van die huidige ondersoek is daar uitgegaan van die antwoord van die respondent op die vraag na sy etniese verband. Dit het meegebring dat die huistaal van 'n sekere persentasie (6,3%) van die respondente nie Xhosa was nie, maar wel 'n ander Bantoetaal, en in vyf gevalle selfs Afrikaans (!).

Van die 504 respondente wat ondervra is, was 261 (51,8%) mans en 243 (48,2%) vroue. Die algehele gemiddelde ouderdom was 31,2 jaar, en dié van die mans en vroue onderskeidelik 32,6 en 29,8 jaar. Indien 'n breë

verdeling tussen die jonger en die ouer groep op die basis van 'n skeidslyn tussen dié jonger as 36 en dié ouer as 35 gemaak word, verteenwoordig dit onderskeidelik 66,3% (334 respondente) en 33,7% (170 respondente) van die totale ondersoekgroep. Indien hierdie twee subdimensies van die veranderlike "ouderdom" afsonderlik met die toetsmateriaal gekorreleer word, sou uiteenlopende gevolgtrekkings oor die betrokke linguistiese veranderlike in vergelyking met die algemene patroon duideliker op 'n patroonmatigheid by die ouer groep kan dui as andersom, gesien die groot getalleverskil.

Geografies is die ondersoek, waarvan die veldwerk gedurende die tydperk Julie tot Oktober 1975 plaasgevind het, versprei oor vier provinsies en vyf tuislande. Die tuisland waarin die meeste respondente ondervra is (Transkei), het intussen onafhanklikheidstatus verkry. Volledigheidshalwe volg hier 'n lys van die 66 distrikte wat gedek is, met die getal respondente wat in elk aangetref is, in hakies:

Transvaal (71)

Alberton (2)
Benoni (3)
Bethal (4)
Brakpan (2)
Bronkhorstspruit (1)
Johannesburg (Soweto) (19)
Kemptonpark (1)
Klerksdorp (8)
Krugersdorp (6)
Lichtenburg (3)
Potchefstroom (4)
Pretoria (2)
Roodepoort (1)
Rustenburg (4)
Standerton (2)
Vanderbijlpark (3)
Vereeniging (2)
Waterberg (1)
Witbank (1)
Witrivier (1)
Wolmaransstad (1)

Kaapprovinsie (195)

Albanie (19)
Barkley-Wes (3)
Bathurst (3)
Cathcart (2)
De Aar (6)
Graaff-Reinet (15)
Hartswater (4)
Kimberley (2)
Mount Currie (Kokstad) (10)
Port Elizabeth (28)
Postmasburg (2)
Queenstown (29)
Stutterheim (17)
Uitenhage (8)
Vryburg (2)
Worcester (33)
Wynberg (Nyanga) (12)

O.V.S. (45)

Bethulie (14)
Bloemfontein (6)
Boshof (3)
Bothaville (3)
Brandfort (1)
Hoopstad (4)
Kroonstad (6)
Petrusburg (2)
Virginia (3)
Welkom (3)

Natal (2)

Durban (2)

Transkei (152)

Encgobo (25)
Flagstaff (3)
Lusikisiki (13)
Mount Fletcher (10)
Mount Frere (16)
Mqanduli (14)
Ngqeleni (7)
St. Marks (2)
Tabankulu (13)
Umtata (40)
Willowvale (9)

Ciskei (34)

Mdantsane (11)
Peddie (10)
Zwelitsha (13)

KwaZulu (1)

Nkandla (1)

Bophuthatswana (2)

Ditsobotla (2)

Lebowa (2)
Mogodumo (2)

(Sien Bylae I vir 'n kaart om die fisiese verspreiding van die distrikte voor te stel.)

Uit die antwoorde op die vraag oor die respondent se lewenswyse het geblyk dat 21% (104) oorwegend tradisioneel en 30% (153) oorwegend westers lewe, en 49% (247) in 'n ongeveer gelyke mate 'n westerse en tradisionele lewenspatroon volg.

Die ouderdomsperke vir die ondersoek was 15 en 54 jaar, wat dan die ekonomies en akademies mees aktiewe deel van die bevolking sou insluit.[46] Uit 'n ontleding van die besonderhede met betrekking tot beroep en inkomste blyk egter dat indien e.g. maatstaf (beroep) gebruik word, slegs 56,5% (285) van alle respondente ekonomies aktief is, en indien lg. maatstaf (inkomste) gebruik word, die syfer daal tot 51,2% (258). Daar kan egter nie summier tot 'n gevolgtrekking oor die beeld wat die inkomste-maatstaf verskaf, geraak word nie, aangesien die veldwerkers by verskeie respondente 'n onwilligheid om 'n inkomste syfer te verstrek, opgemerk het. Dit was veral die geval op sommige boereplase. Indien slegs diegene wat wel 'n inkomste-syfer aangegee het, in aanmerking geneem word, kom die gemiddelde inkomste op ongeveer R87 per maand te staan. 'n Arbitrêre indeling van inkomstegroepe in vyf kategorieë, nl. R1 tot R50, R51 tot R100, R101 tot R200, R201 tot R300, en R301 en hoër (maandeliks), bring die volgende verspreiding van respondente mee:

---

46) Hiermee word die redelike groot aantal studente bedoel wat onder 'n bepaalde ouderdomsperk verwag kan word.

Inkomste	R1-R50	R51-R100	R101-R200	R201-R300	R300+
Aantal respondente	105 (40,7%)	77 (29,8%)	61 (23,6%)	9 (3,5%)	6 (2,3%)

Hierdie indeling, tesame met die groep wat geen inkomste het of verstrek het nie (246 in getal), sal ook gebruik word by korrelering met linguis= tiese gegewens.

Wat die opvoedingspeil van die ondersoekgroep betref, sien die skaal op die vraelys soos volg daaruit:

Het nie skool bygewoon of 'n substanderd geslaag nie	1
Substanderds A-B	2
Standerds 1-2	3
Standerds 3-4	4
Standerds 5-6	5
Vorms I-II	6
Vorms III-IV	7
Vorm V	8
Tersiêre kwalifikasie	9

By die ontleding van verbandhoudende gegewens word hierdie punte soms saamgegroepeer om bv. die primêre en sekondêre vlakke as eenhede te verteenwoordig, en soms word dit as 'n kontinue skaal gebruik om bv. die gemiddelde opvoedingspeil van sekere groepe uit te druk. So kan die gemiddelde opvoedingspeil van die volgende kategorieë respondente op die negepunt-skaal weergegee word:

Alle respondente	4,964 (tussen st. 4 en st. 5) [47]
Mans	5,042
Vroue	4,889
Jonger groep	5,228
Ouer groep	4,441
Respondente in provinsies	4,593
Respondente in tuislande en Transkei	5,568
Respondente in stedelike gebiede	5,609
Respondente in nie-stedelike gebiede	4,364

6.4 Uiteensetting van taalagtergrond

In hierdie afdeling val die soeklig op die gebruik en onderrig van Afrikaans, sowel as die geskatte en vasgestelde vaardigheid van ver= skil=

47) Die gemiddeldes vir die onderstaande subdimensies kan op dieselfde wyse d.m.v. die negepunt-skaal geïnterpreteer word.

lende kategorieë respondente. Ook die posisie van Afrikaans as gebruikstaal ten opsigte van ander tale word kategoriaal uiteengesit.

6.4.1 Afrikaans as skoolvak

Uit die totale ondersoekgroep het 348 (69%) op een of ander stadium Afrikaans op skool bestudeer, terwyl 162 mans (62,1% van alle mans), 186 vroue (76,5% van alle vroue), 286 van die jonger groep (85,6% van alle jong respondente), 62 van die ouer groep (36,5% van alle ouer respondente), 199 respondente in die provinsies (60,6% van dié subtotaal), 158 respondente in die tuislande (82,3% van dié subtotaal), 172 stedelike respondente (70,8% van dié subtotaal) en 176 nie-stedelike respondente (68 van dié subtotaal) Afrikaans reeds as skoolvak gehad het. Ten opsigte van slegs dié respondente wat skoolopleiding gehad het, sou die statistieke uit die aard van die saak aanmerklik verskil, maar vir die doeleindes van hierdie ondersoek is slegs bogenoemde data relevant. Dié kan deur middel van 'n histogram [48] soos volg weergegee word:

* = 4%

Alle respondente	****************** (69%)
Mans	***************** (62,1%)
Vroue	********************** (76,5%)
Jonger groep	*********************** (85,6%)
Ouer groep	********* (36,5%)
Provinsies	***************** (60,6%)
Tuislande en Transkei	*********************** (82,3%)
Stedelik	******************* (70,8%)
Nie-stedelik	***************** (68%)

6.4.2 Aantal tale magtig

Die doel met hierdie berekening is om Afrikaans as gebruikstaal posisioneel in perspektief te plaas. 'n Benadering tot die naaste heelgetal sou moontlik meer realisties wees, maar dit is tog nuttig by

---

48) Die term "histogram" word in die rekenaarwetenskap gebruik vir 'n diagram wat kwantiteit horisontaal deur middel van 'n reeks verteenwoordigende eenhede volgens 'n sekere skaal weergee.

'n vergelyking om die aantal tale wat elke kategorie gemiddeld magtig is, soos volg weer te gee:

Alle respondente 3,833
Mans 4,173
Vroue 3,486
Jonger groep 3,743
Ouer groep 4,029
Provinsies 4,117
Tuislande en
Transkei 3,375
Stedelik 4,358
Nie-stedelik 3,341

6.4.2.1 Posisie van Afrikaans

Dit is belangrik om daarop te let dat die posisie van Afrikaans in die repertorium van die betrokke respondente hier kwalitatief bereken is. Anders gestel, verskeie ander tale sou 'n tweede, derde of vierde plek met Afrikaans deel indien die selfgeskatte bedrewenheid van die respondent in daardie tale ooreenstem met dié van Afrikaans. So het baie respondente bv. dieselfde bedrewenheidspunt toegeken wat hulle gebruik van sowel Engels as Afrikaans betref. Volgens hierdie metode is die posisie van Afrikaans, kwalitatief bereken, vir die verskillende kategorieë soos volg:

Alle respondente 2,4de
Mans 2,5de
Vroue 2,2de
Jonger groep 2,3de
Ouer groep 2,5de
Provinsies 2,6de
Tuislande en Transkei 2,1ste
Stedelik 2,7de
Nie-stedelik 2,1ste

6.4.3 Selfgeskatte praatbedrewenheid in Afrikaans

Vir die beoordeling van alle taalvaardighede is 'n gehaltekontinuüm gebruik volgens die skaal 1 tot 6, waar 1 = baie goed, 2 = goed, 3 = redelik, 4 = swak, en 6 = glad nie. By die berekening van gemiddeldes sou sekere resultate uit die aard van die saak tussen hierdie

punte val, en dié is dan tot die derde desimaal benader. Die rede vir die insluiting van punt 6 (glad nie) by die beoordeling (selfgeskat) van die gemiddelde praatbedrewenheid van die gewone kategorieë is die feit dat sommige respondente van mening was dat hulle geen Afrikaans hoegenaamd magtig was nie, maar tog aan die minimum kwalifikasie voldoen het. Teen hierdie agtergrond is die gemiddelde selfgeskatte praatbe= drewenheid van die onderstaande kategorieë respondente die volgende:

Alle respondente	3,964
Mans	3,796
Vroue	4,152
Jonger groep	4,042
Ouer groep	3,812
Provinsies	3,506
Tuislande en Transkei	4,708
Stedelik	3,547
Nie-stedelik	4,372

6.4.4 Taalgebruikspeil op band

'n Subjektiewe beoordeling van elke respondent se taalgebruik in die mono= loog op die band is, onafhanklik van die selfskatting, volgens sekere breë maatstawwe gemaak. Daarby is daar gepoog om steurende faktore, soos ondiplomatiese optrede aan die kant van die veldwerker, die ongewenste teenwoordigheid van toehoorders, die fisiese en gemoedstoestand van die respondent self, gebrek aan voldoende geleentheid om reg te laat geskied aan sy/haar vermoë ("competence"), was deur 'n verskeidenheid faktore veroorsaak kon wees, ensovoorts, in ag te neem. Die maatstawwe sluit in die gemaklike hantering van basiese konstruksies en die korrekte ge= bruik van woordeskatitems met betrekking tot die betrokke onderwerp. Tyd het ontbreek om die groot aantal beoordelings elk aan 'n paneel van objek= tiewe beoordelaars voor te lê, maar steekproewe het 'n minimum afwyking getoon. Die reeds genoemde skaal word hier ook gebruik, maar die laagste punt is in hierdie geval 5 (baie swak), aangesien alle respondente wat voldoen aan die minimum kwalifikasie by die ondersoek betrek is. Die gemiddelde peil vir die onderskeie groepe volg hieronder:

Alle respondente	3,857
Mans	3,665
Vroue	4,070
Jonger groep	3,934
Ouer groep	3,712
Provinsies	3,519
Tuislande en Transkei	4,406
Stedelik	3,621
Nie-stedelik	4,085

6.4.5 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans in verskillende situasies

Die vraag is aan respondente gestel watter tale hulle as medium gebruik teenoor sowel Swartmense as Blankes (a) by die winkel, (b) by die werk, (c) teenoor hulle bure, en (d) tuis. Uit die antwoorde is toe kategoriaal vasgestel watter persentasie Afrikaans gebruik in elk van die genoemde situasies. Sowel die aantal gevalle as die persentasie ten opsigte van die geheel in elke geval word verstrek.

6.4.5.1 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans by die winkel

Van alle respondente het 268 (53,2%) geantwoord dat hulle Afrikaans òf pal, òf soms, as voertaal gebruik wanneer hulle inkopies doen. Altesaam 61,3% van alle mans (160 respondente), 44,9% van alle vroue (109 respondente), 44,3% van die jonger groep (148 respondente), 71,2% van die ouer groep (121 respondente), 81% of 252 van alle respondente in die provinsies, 9,4% of 18 van alle respondente in die tuislande, 68,7% of 167 van alle stedelike respondente, en 39,4% of 102 van alle nie-stedelike respondente het dienooreenkomstig geantwoord. Histogrammaties sou die statistieke so voorgestel kan word:

* = 4%

Alle respondente	**********	(53,2%)
Mans	**********	(61,3%)
Vroue	**********	(44,9%)
Jonger groep	**********	(44,3%)
Ouer groep	**********	(71,2%)
provinsies	**********	(81%)
Tuislande en Transkei	**	(9,4%)
Stedelik	**********	(68,7%)
Nie-stedelik	**********	(39,4%)

6.4.5.2 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans by die werk

Van alle respondente wat ekonomies aktief is (284), het 163 geantwoord dat hulle Afrikaans òf pal, òf soms, as voertaal by hulle werksplekke gebruik. Altesaam 118, of 62,1%, van alle ekonomies aktiewe mans, 45, of 47,9% van alle ekonomies aktiewe vroue, 84, of 52,2% van die jonger groep (ekonomies aktiewes), 79, of 64,2% van die ouer groep (ekonomies aktiewes), 151, of 69,9% van alle ekonomies aktiewe respondente in die provinsies, 12, of 17,6% van alle ekonomies aktiewe respondente in die tuislande, 94, of 57,7% van alle ekonomies aktiewe respondente in stedelike gebiede, en 68, of 57,1% van alle ekonomies aktiewe respondente in nie-stedelike gebiede het ook "ja" geantwoord op die vraag oor hulle gebruik van Afrikaans in die betrokke sfeer. Histo-grammaties kan die statistieke so voorgestel word.

* = 2,5%

Alle respondente	**********************	(57,4%)
Mans	**********************	(62,1%)
Vroue	*********************	(47,9%)
Jonger groep	*********************	(52,2%)
Ouer groep	**********************	(64,2%)
Provinsies	**********************	(69,9%)
Tuislande en Transkei	*******	(17,6%)
Stedelik	**********************	(57,7%)
Nie-stedelik	**********************	(57,1%)

6.4.5.3 Gebruiksfrekwensie van Afrikaans teenoor bure

Van alle respondente het 48 (9,5%) geantwoord dat hulle soms Afrikaans as voertaal teenoor hulle bure gebruik. Altesaam 27, of 10,3% van alle mans, 21, of 8,6% van alle vroue, 28, of 8,4% van die jonger groep, 20, of 11,8% van die ouer groep, 48, of 15,3% van alle respondente in die provinsies, geen respondente in die tuislande nie, 24, of 9,8% van alle respondente in stedelike gebiede, en 24, of 9,3% van alle respondente in nie-stedelike gebiede het ook so geantwoord. 'n Histogram van die statistieke lyk so:

* = 0,5%

Alle respondente	**********	(9,5%)
Mans	**********	(10,3%)
Vroue	**********	(8,6%)
Jonger groep	**********	(8,4%)
By die korrelering van praatbedrewenheid met sosiolinguistiese gegewens is daar in wisselende mate patroonmatighede te bespeur, veral wat betref inkomste- en opvoedingspeil. Die verband tussen gesindheid en bedrewenheidspeil blyk uit verskeie korrelasies, terwyl betrokkenheid by taalbedrywighede (praat, luister, lees en skryf) ook 'n verwagte hoër peil weerspieël.

Laastens toon 'n vergelyking tussen die bedrewenheidspeil van respondente en die mate van onderrig in Afrikaans wat hulle gehad het, dat ten spyte van die veel hoër opvoedingspeil en (moontlik slegs) akademiese betrokkenheid van die jonger geslag by Afrikaans, hulle nie 'n ooreenstemmende hoër gebruikskennis besit. Daar is trouens 'n negatiewe neiging by die jonger groep op te merk, beide wat taalvaardigheid en gesindheid betref, iets wat taalkundige sowel as kulturele en politieke implikasies kan inhou.

HOOFSTUK 7 - SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

7.0 Inleiding

By 'n beskouing van die resultate wat 'n ontleding van die beskikbare data opgelewer het, is dit gepas om kortliks te verwys na par. 1.4 (Doelwit van die huidige ondersoek), waarin spesifieke oogmerke van hierdie ondersoek as probleemstelling genoem word. Die bevinding na aanleiding van die eerste doelwitte, nl. om vas te stel of daar tipiese sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings van standaard-Afrikaans by die ondersoekgroep voorkom, en watter afwykings die hoogste voorkoms het, kan sonder meer verstrek word. Die hoë frekwensie van bepaalde voorbeelde en kategorieë het 'n onmiskenbare patroonmatigheid by die afwykings geopenbaar, sodat tipiese sintaktiese, morfologiese en leksikale foute beslis geïdentifiseer kon word. Gepaardgaande daarmee blyk dit ook duidelik dat sintaktiese afwykings verreweg die grootste komponent vorm (2 252 voorbeelde, of 58,3% van die totaal), en dat morfologiese en leksikale foute in volgorde van frekwensie feitlik 'n gelyke posisie inneem, met onderskeidelik 823 en 790 voorbeelde, of 21,3% en 20,4% van die totaal.

Die derde, vierde en vyfde oogmerke, nl. om vas te stel watter sosiologiese veranderlikes toepaslik sal wees by korrelasie met linguistiese gegewens, watter sosiolinguistiese gevolgtrekkings op grong van lg. korrelasie gemaak kan word, en watter suiwer linguistiese gevolgtrekkings gemaak kan word op grond van die ontleding van die materiaal, sal in die volgende paragrawe in oënskou geneem word. Ook die kwessie van primêre en sekondêre versteurings, soos dit in die taalgebruik aangetref is, word kortliks aangeraak.

7.1 Sosiolinguistiese bevindings

Die keuse van sosiologiese veranderlikes uit die totaal wat die vraelys

opgelewer het, is reeds in hoofstuk 6 gemotiveer en met verbandhoudende linguistiese veranderlikes gekorreleer. By 'n beoordeling van die taal= gebruikspeil soos dit op band beoordeel is (vgl. par. 6.4.4.), is die gemiddelde praatbedrewenheid van alle respondente effens beter as swak, dié van mans beter as dié van vroue, dié van die ouer groep beter as dié van die jonger groep, dié in die provinsies (soos te verwagte) heelwat beter as dié in die tuislande, en dié in stedelike gebiede insgelyks heelwat beter as dié in nie-stedelike gebiede. Wat betref die gebruiks= frekwensie van Afrikaans op handelsterrein (vgl. par. 6.4.5.1), het net meer as die helfte van alle respondente op die vraag oor hulle gebruik van die taal positief geantwoord. Die verhouding tussen die subdimensies is dieselfde as dié ten opsigte van praatbedrewenheid (mans hoër as vroue, ouer groep hoër as jonger groep, provinsies hoër as tuislande, en stedelik hoër as nie-stedelik), behalwe dat die verskil tussen die gebruiksfrekwen= sie van Afrikaans by die jonger groep en by die ouer groep, en tussen die respondente in die provinsies en dié in tuislande aansienlik groter is. Met betrekking tot die gebruik van Afrikaans in die werksituasie, verskil die posisie in dié opsig dat slegs ekonomies aktiewe respondente by die berekening betrek is. Die resultate word in par. 6.4.5.2 uiteengesit. Daaruit blyk dat meer as die helfte (57,4%) van alle sodanige respondente Afrikaans in die beroepsfeer gebruik, en dat die verhouding tussen die subdimensies verder ooreenstem met dié ten opsigte van die gebruiksfrek= wensie van Afrikaans op handelsterrein, behalwe dat van stedelike en nie-stedelike respondente feitlik 'n presies gelyke persentasie in beide ge= valle (57,7% en 57,1%) positief geantwoord het. Die resultate bevestig oor die algemeen die patroonmatige kenmerk wat elke subdimensie ten op= sigte van Afrikaans as gebruikstaal in die openbare sfeer toon.

Relatief weinig Xhosas (9,5% van die totaal) gebruik Afrikaans teenoor hulle bure, terwyl die verhouding tussen die subdimensies naastenby kovarieer met dié ten opsigte van praatbedrewenheid. Die persentasies

vir die onderskeie subdimensies verskil nie aanmerklik van die algemene gemiddelde nie, behalwe dat alle Xhosas wat Afrikaans in die betrokke sfeer gebruik, in die provinsies woonagtig is. Dit bring dan die veel hoër persentasie (15,3%) mee wat Afrikaans hier gebruik uit die totaal in die provinsies wat Afrikaans magtig is.

Dit is interessant dat 'n aansienlik groter persentasie van die ondersoekgroep Afrikaans soms as voertaal tuis gebruik, te wete 16,7% van alle respondente. Die verhouding tussen die subdimensies ten opsigte van die ander gebruiksfere word ook hier gehandhaaf, terwyl die skerp onderskeid tussen provinsies en tuislande (22,8% teenoor 8,3%), net soos in die geval van die gebruik van Afrikaans teenoor bure, opvallend is.

Die selfgeskatte luisterbedrewenheidspeil van die ondersoekgroep volg dieselfde patroon. Die algemene peil vir alle respondente is effens beter as swak, en daar is skerp verskille tussen die peil van respondente in die tuislande en nie-stedelike gebiede aan die een kant, en dié van respondente in die provinsies en stedelike gebiede aan die ander (onderskeidelik 4,427 en 4,171 teenoor 3,260 en 3,222).

Ook die frekwensie van diegene wat na Afrikaans oor die radio luister, volg die bekende patroon, met opvallende skerp verskille tussen mans en vroue en tussen die provinsies en die tuislande. Hier is die algemene frekwensie 18,5% van die totale ondersoekgroep.

Die gemiddelde selfgeskatte skryfvermoë in Afrikaans van alle respondente is halfpad tussen swak en baie swak. Die enigste aanmerklike verskil ($\pm$ 1 punt op die gehalteskaal) is tussen die subdimensies stedelik en nie-stedelik, nl. 4,021 teenoor 4,969, terwyl die jonger groep 'n hoër peil toon as die ouer groep (4,3 teenoor 4,9), waarskynlik as gevolg van 'n hoër skoolbywoningsyfer onder die jongeres.

In ooreenstemming met die patroon ten opsigte van luisterbedrewenheid en frekwensie van respondente wat luister na radio-Afrikaans, is daar ook 'n direkte kovariasie tussen skryfvermoë en -ervaring, met die uitsondering dat die jonger groep dan ook 'n hoër frekwensiepersentasie ten opsigte van skryfervaring as die ouer groep toon (11,1% teenoor 8,2%).

Dieselfde kovariasie word aangetref tussen selfgeskatte leesvermoë en -ervaring, maar hier vind ons 'n uitsondering by die subdimensies jonger groep / ouer groep. Terwyl die algemene peil 4,014 is, is dié van die jonger groep 3,880 en dié van die ouer groep 4,276. Daarteenoor het 13,9% van alle respondente leeservaring in Afrikaans, maar van die jonger groep slegs 13,8% teenoor die 14,1% van die ouer groep.

Die kwessie van taal- en ander voorkeure en die gepaardgaande kovariasie met praatbedrewenheid is reeds in par. 6.6 uiteengesit en gekommentarieer. Opsommend kan gekonstateer word dat 'n wetenskaplik-statistiese ontleding toon dat daar wel 'n noue verband tussen gesindheid en vermoë ten opsigte van taal bestaan, en dat bloot akademiese kontak met Afrikaans nie voldoende blyk om 'n hoër bedrewenheidspeil te bewerkstellig nie. 'n Eksterne, buite-linguistiese stimulus is noodsaaklik.

7.2 Suiwer linguistiese bevindings

Uit hoofstukke 3, 4 en 5 blyk duidelik dat daar in hoofsaak twee linguistiese "kwale" gediagnoseer kan word, waarvan die aangehaalde voorbeelde van sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings simptomaties is. Die eerste is 'n onvermoë om korrek te struktureer, op sowel die sins- as die woordvlak. Die tweede is die verskynsel van versteuring, wat grammatikaal sowel as leksikaal in die taalgebruik van die ondersoekgroep na vore kom. Die onvermoë tot korrekte strukturering is waarskynlik ook die oorsaak van versteuring op grammatikale vlak,

omdat dit logies is dat daar teruggegryp sal word na moedertaalvorme as die gepaste vorme in die sekondêre taal (veral in die gespreksituasie) nie geredelik beskikbaar is nie. Uit die evaluering van die monoloë blyk dat die taalgebruik van diegene wat uit die aard van hulle lewens- of beroepsomstandighede voordurende ondervinding van die gespreksituasie in Afrikaans het, die minste tekens toon van bogenoemde twee "kwale", al het die respondente moontlik 'n relatief lae opvoedingpeil of al het hulle weinig formele onderrig in Afrikaans gehad.

Sommige grammatikale versteurings kan teruggevoer word na soortgelyke strukture in Engels, in welke geval daar dan sprake is van sekondêre versteurings. Uit die ontleding blyk egter dat versteuring hoofsaaklik op die leksikale vlak plaasvind. In die geheel beskou, beslaan sekondêre leksikale versteurings dan ook verreweg die merendeel van alle afwykings in hierdie kategorie (vgl. par. 5.2). Belangrik is dat die versteurings egter nie dui op 'n konsekwente oorname van die sg. "lexical stock" (Fishman 1968a : 539) van óf Xhosa, óf Engels nie. Die omvang van strukturele versteuring, primêr of sekondêr, is aan die ander kant ook nie so groot dat Afrikaans as 'n "volwaardige" pidgin in die mond van Xhosasprekendes beskou kan word nie. Vanweë die onsistematiese aard van 'n beduidende persentasie van die afwykings kan daar hoogstens van gebroke taal sprake wees. In dié verband sou 'n mens R.H. Pheiffer se definisie van gebroke taal, [50] nl. taal

> ... wat, sonder om op 'n sistematiese wyse die basiese Nederlandse norme en patrone oorboord te gooi, op talle punte (maar veral morfologies), op 'n onbestendige wyse van die agtiende-eeuse Nederlands afgewyk het.

effens kon wysig en aanpas by die omstandighede en bevindings van die huidige ondersoek, om soos volg te lui:

---

50) Vergelyk Pheiffer 1976 : 225.


> (Taal) wat, sonder om op 'n sistematiese wyse die basiese Afrikaanse norme en patrone oorboord te gooi, op talle punte (maar veral sintaktiese) op 'n onbestendige wyse van algemeen beskaafde Afrikaans afwyk.

Gebroke taal word, anders as 'n pidgin, wat as 'n kode in sy eie reg beskou word, kwalitatief gemeet aan die norme van die algemeen beskaafde taal, veral ook omdat dit in die gebruiksfeer van die standaardtaal voorkom en nie soos 'n pidgin sy eie gebruiksfeer besit nie.[51] In die lig hiervan moet die Afrikaans van Xhosas dan ook ten opsigte van ABA as 'n onselfstandige kode beskou word wat, om as doeltreffende kommunikasie-instrument te kan ontwikkel, deur kennisname van die tipiese afwykings en besondere behoeftes by die sprekers daarvan by moderne gesproke Afrikaans aansluiting moet vind. Dit kan slegs geskied deur korrekte klemplasing by formele onderrig en 'n doelbewuste poging by die Afrikaanssprekende publiek om nie die pidgin-eienskappe van die Afrikaans wat hulle teenoor Xhosas (en swartmense in die algemeen) gebruik, te bestendig nie, maar as taalonderwysers teen wil en dank,[52] in alle situasies Afrikaans in sy natuurlike vorm teenoor hulle te gebruik.

---

51) Vgl. die gebruik van Fanagalo in Suid-Afrika.

52) E.B. van Wyk, in 'n referaat gehou in Julie 1976 by die RAU, voer aan dat alle sprekers van die taal in een hoedanigheid taalonderwysers is, dat alle doserende personeel in 'n dubbele hoedanigheid taalonderwysers is, en dat taaldosente dit in 'n driedubbele hoedanigheid is.



VERKLARING

TVL.

1. Alberton
2. Benoni
3. Bethal
4. Brakpan
5. Bronkhorstspruit
6. Johannesburg (Soweto)
7. Kemptonpark
8. Klerksdorp
9. Krugersdorp
10. Lichtenburg
11. Potchefstroom
12. Pretoria
13. Roodepoort
14. Rustenburg
15. Standerton
16. Vanderbijlpark
17. Vereniging
18. Waterberg
19. Witbank
20. Witrivier
21. Wolmaransstad

K.P.

22. Albanie
23. Barkley-Wes
24. Bathurst
25. Cathcart
26. De Aar
27. Graaf-Reinet
28. Hartswater
29. Kimberley
30. Mount Currie (Kokstad)
31. Port Elizabeth
32. Postmasburg
33. Queenstown
34. Stutterheim
35. Uitenhage
36. Vryburg
37. Worcester
38. Wynberg (Nyanga)

O.V.S.

39. Bethulie
40. Bloemfontein
41. Boshof
42. Bothaville
43. Brandfort
44. Hoopstad
45. Kroonstad
46. Petrusburg
47. Virginia
48. Welkom

NATAL

49. Durban

TRANSKEI

50. Encgobo
51. Flagstaff
52. Lusikisiki
53. Mount Fletcher
54. Mount Frere
55. Mqanduli
56. Ngqeleni
57. St. Marks
58. Tabankulu
60. Willowvale

CISKEI

61. Mdantsane
62. Peddie
63. Zwelitsha

KWAZULU


64. Nkandla


BOPHUTHATSWANA

65. Ditsobotla

LEBOWA


66. Mogodumo


x
REDELIK = 3
SWAK = 4
BAIE SWAK = 5
4,061
3,895
3,623
3,443
3,222
3,167
y
GEEN INKOMSTE
R1-R50
R51-R100
R101-R200
R201-R300
R301+
x = BEDREWENHEIDSPEIL y = INKOMSTE PER MAAND


x
REDELIK = 3
SWAK = 4
BAIE SWAK = 5
3,722
3,474
3,867
4,203
4,124
3,934
3,667
3,431
3,000
y
GEEN OPVOEDING
SUB A-B
ST1-2
ST 3-4
ST 5-6
VORM I-II
VORM III-IV
VORM V
TERSIÊR
x = BEDREWENHEIDSPEIL
y = OPVOEDINGSPEIL

BYLAE III

BYLAE IV



x = BEDREWENHEIDSPEIL OP BAND
y = SELFGESKATTE BEDREWENHEIDSPEIL
z = VERWAGTE KORRELASIELYN

1 = BAIE GOED
2 = GOED
3 = REDELIK
4 = SWAK
5 = BAIE SWAK
6 = GLAD NIE

TRANSKRIPSIES VAN ONDERHOUDE : VOORBEELDE UIT ELKE GEHALTEKATEGORIE

1. Baie goed

Geval 356:-

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Wat sal gebeur as ek dié kant toe gaan?

Respondent: Ek wonder wat kan gebeur.

Veldwerker: Hoekom?

Respondent: Ek self was seker nog nie aan dié kant nie.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Ek sal probeer om die vuur dood te maak.

Veldwerker: Is dit al?

Respondent: Ja. Ek sal probeer doodmaak, en as ek nie kan nie, enne natuurlik 'n mens probeer om jou goete te red, die vernaamste wat jy kan bykom. Dan red jy ... jy dra jou goete uit wat jy kan uitdra, in daai opsigte, as jy nou sien dat jy kan nie die vuur doodkry nie, en so ... As daar enige hulp is wat by mense of so iets, wat ek kan dink wat ek kan roep of skakel, wat moet kom doodmaak, sal ek dit doen. Sien, soos byvoorbeeld, daar's mos 'n ... brandweervoertuie, ambulanse en dié goete. As ... naweekte ... ons is by plase hier eintlik, en ons doen maar altyd die doodmaakwerk self, ensovoorts.

Veldwerker: Vertel my van jou kerk.

Respondent: Ja, ek kan u vertel van my kerk, want ons noem my kerk is eintlik die "gaan"-kerk. Hoekom is k die "gaan"-kerk? Want die Skrif sê: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom." "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word." Nouja, dit is reeds in ons harte, die werk van die Here, om dit te verkondig aan

al die mense. Reeds ... ek is hoeka 'n man ... ek hou kerk dwarsdeur die jaar. Daar's nie 'n dag lat ek sê ek's by die huis nie, ek doen niks nie. Met ander woorde, Pinkster gaat nie by my ... hy raak nie klaar nie. Dis dwarsdeur die jaar Pinkster. En ek hou daarvan om ook uit te gaan tot die dorp in die strate in, opelugdienste. Dan verkondig ons God se Woord, en die Here werk saam deur mense te verlos uit die bande en [illegible] van sonde, die ongeregtigheid, soos die lewe nou reeds is. "Want die dae is boos", sê die Byb .... Die Here sê, "koop die tyd uit, omdat die dae boos is", en so aan. Daarom hou ons daarvan.

Geval 46:-

Respondent: Ek praat nou Afrikaans. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die stasie van hier af?

Respondent: Van hier af ry 'n mens na die noord toe tot by die stasie.

Veldwerker: Wat sal gebeur as 'n mens hierdie kant toe gaan, daar waar ek wys?

Respondent: As 'n mens soontoe ry, sal hy tot by die nuwe hospitaal kom.

Veldwerker: Kan u vir my iets sê in Afrikaans, net om te wys dat u Afrikaans ken?

Respondent: In onse Bantoedorp is daar baie probleme. Daar is probleme van huisvesting van die mense; en hierdie huisvesting word ... die owerhede probeer om dit op te los, want hulle het aansoek gedoen om huise te bou, en ons wag nou net vir die goedkeuring van hierdie huisbouery. Daar is baie mense op die waglyse, en ons hoop dat as hierdie huise kan gebou word, dan sal al hierdie mense gehuisves word. Dan is onse probleem opgelos.

2. Goed

Geval 487:-

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die stasie van hier af?

Respondent: Wil jy die direksies van hier af hê?

Veldwerker: Hm.

Respondent: As mens van die stasie af gaan, gaan die grootpad deur. Dan draai jy regs. Dan gaan jy aan. Daar's twee maniere om die stasie toe te gaan: Jy kan net hier opgaan, met die (onhoorbaar) pad op. Dan draai jy links van die teerpad op ... die teerpad op, en dan vat jy ... dan draai jy regs op, regs deur stasie toe. Of jy kan (onhoorbaar) vat, dan draai jy regs op, stasie toe.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: As my huis brand, ek sal gou help sock by my bure om my te vra om die huis dood te maak as hulle kom, met warm sakke, met nat sakke of grond doodgooi. En die ander mense sal my ook help met water.

Veldwerker: Kan jy my ietsie sê in Afrikaans, 'n storie of 'n film wat jy gesien het, of so iets?

Respondent: Ek kan van 'n film praat wat ek gesien het. Ek het eens op 'n tyd 'n film gesien van Dracula. Dracula sommer is 'n dier, soos hulle dit noem. Dis 'n mens wat uit die dood uit daar kom, wat nou in die wêreld kom ... wat nou slegte dinge kom doen op aarde. Die Dracula, hy lewe net van mensebloede, en as hy 'n mens in sy krag gehad het, dan kan daai mens enigiets doen wat hy hom beveel om te doen. Voor, as hy jou net vaskyk ... dan vat hy jou met daai staal van sy oë. Dan is jy nou totaal in sy beheer. Dan

kan jy enige ding doen. Nou, Dracula was eers 'n predi= kant, soos ek dit van die teacher af geleer het. Toe't hy 'n predikant geword het, het dit so gekom dat hy slegte dinge doen. Toe gaan ... toe't hy doodgaan, is toe dat hy weer van die dode af kom. Toe gaan bly hy by 'n paleis ver uit die dorp uit, in 'n berg. Dis sy paleis. Nou, die Dracula was bang vir die kruise van die Here Jesus. As jy hom net 'n kruis wys, dan swenk hy weg. Dan wil hy nie meer kyk na die kruis nie. So, een predikant het hom reggekry om 'n groot kruis daar voor sy paleis te gaan plant. Toe wil Dracula nie meer daar gaan nie. Dis toe wat hy saam met sy handlanger gaan soek na daai meneer, om daai kruis af te haal. Dit het nie so gekom dat daai meneer daai kruis afgehaal nie.

Geval 76:-

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die stasie as jy van Nyanga se kantoor moet gaan?

Respondent: Van Nyanga se kantoor moet jy 'n bus vat by die busterminus na Nyanga-stasie toe. Die bus hou net by ... voor die stasie stil.

Veldwerker: Watter kant toe gaan die bus?

Respondent: Die bus gaan Kaap se kant toe.

Veldwerker: Maar sê nou 'n mens vat die pad hier agter om, waar kom 'n mens dan uit, as jy hier deur die bos gaan?

Respondent: Hier bo by die sementfactory, dan draai jy links. Dan gaan jy reg af na die Lansdowne-pad. Die tweede straat wat in= draai regs gaan reguit na die stasie toe.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Eerste ding wat ek sal maak, ek sal probeer om die vuur te uitneem.

Veldwerker: Sê nou maar jy kan dit nie regkry nie?

Respondent: Dan sal ek moet help moet soek.

Veldwerker: Was jy al by die see gewees, by Mnandi?

Respondent: Ja, ek was al by Mnandi gewees.

Veldwerker: Vertel my 'n bietjie hoe's dit daar?

Respondent: Daar by Mnandi is dit 'n baie gawe plek, want daar kry jy 'n klomp van jou vrinde wat jy lank laas nie gesien het nie. En dis nou die enigste tyd wan jy jou vrinde kan sien daar. Daar's dit baie ... baie ... en daar by Mnandi is dit baie koel, want by party plekke soos Mnandi gebeur daar bakleiery en al daai goed, maar daar is dit baie koel. Polisie hou "order" daar en al daai goed, en die "home guards" is ook daar. Daar's 'n "band" ook wat elke dag speel daar, by die see, en hulle speel dit verniet. Betaal nie. Daar's 'n kafee ook daar waar jy kan eet. Daar's sandduie daar ... jy lekker in die sand kan lê daar. En daar's baie buste wat daar na Mnandi toe gaan. En dis baie maklik om daar te kom. Party kere kamp ons somner daar by Mnandi Beach, so omtrent vir 'n week of twee. Dis 'n baie aangename plek daar, want die see is ook nie so gevaarlik daar nie. Baie veilig daar.

Veldwerker: Vang jy vis?

Respondent: Nee, ons vang nie vis daar nie. Vis vang ons hier bo, by Swartklip.

3. <u>Redelik</u>

Geval 377:-

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom mens by die stasie van hier af?

Respondent: As jy stasie toe gaan jy af grootstraat. As jy oor die brug kom, draai jy links tot jy by die robbots kom. Van die robbots af draai jy regs, en voor jou is die stasie.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: As my huis aan die brand is, sal ek die ... sal ek mense roep om my te help om die vuur uit te slaan.

Veldwerker: Gesels 'n bietjie in Afrikaans.

Respondent: Wat kan ek nou sê? Ek het nou die dag vir my buurman gesê dat hy moenie in die aand loop nie, want in die nag daar is baie kwaaddoëners. Hy, hy, hy sê hy kan 'n kierie slaan, en ek het hom gesê die rowers by die straat is knap met die mes. Hulle steek 'n mens met die mes. Hy kan net sy kierie op die kop slaan, maar as die mes hom steek, dan sal hy dadelik dood is. Maar hy wil nie hoor nie. En een nag het hy die rowers ontmoet. Hy het maar darem sy kierie gebruik, maar dit het niks gehelp nie. Nou is hy in die hospitaal.

Veldwerker: Foeitog! Baie dankie, hoor!

Geval 81:-

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom ek by die busterminus?

Respondent: As u wil busterminus toe gaan, loop jy verby die bier "hall". Dan stap u reg uit.

Veldwerker: Wat sal gebeur as ek hierdie kant toe gaan?

Respondent: Dan loop jy verkeerd.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Ek sal met venster uitspring.

Veldwerker: En wat doen?

Respondent: En mense skree lat hulle my kom help.

Veldwerker: Vertel my enige ding wat miskien interessant is vir jou in Afrikaans.

Respondent: 'n Storie?

Veldwerker: Enige ding. Hoe hou jy van jou familie, ensovoorts.

Respondent: Ek bly saam met my moeder. My pa is tien jaar afgesterwe. Ek is die enigste seun wat agter my ma kyk, maar nou is ek siek, en onder dokter. Nou kan ek nie vir my moeder werk nie. Nou sukkel my ma. Nou weet ek nie wat om te maak nie. Moet ek 'n inbreker wees? Nee! Dan gaat ek in die tronk gaat lê. Moet ek mense "rob"? Nee! Dan sal ek weer in die moelagheid wees. Die beste plan om te doen, is om te wag tot lat die dokter vir my sê ek moet werk. Daai's amper al.

4. Swak

Geval 397:-

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die stasie?

Respondent: Hy kom met die bus.

Veldwerker: Wat sal gebeur as 'n mens hierdie kant toe gaan?

Respondent: Watter kant?

Veldwerker: Dié kant.

Respondent: Ek verstaan jou nie, man.

Veldwerker: Vertel my wat het die meisie gedoen toe sy dié kant toe gegaan het.

Respondent: Die meisie?

Veldwerker: Ja.

Respondent: Sy kom by 'n paar mense.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Ek gooi water. Ek gooi water op die vuur om dood te maak, en my buurmense help my om die vuur dood te maak. Ander mense gooi grond. Ander gaan haal water, want ons tap is nie by nie.

Veldwerker: Kan jy my 'n kort storie vertel in Afrikaans?

Respondent: Ja. Lank, lank gelede in die draadloos daar was 'n lekker storie wat ons luister na. Die storie was net "Ons Afrikaanse Hoekie". Ons leer om die Afrikaans te praat, mooi Afrikaans. En hierdie draadl... nou ons kry nie meer hierdie stoor. Die fout ons weet nie, en ek was baie interessant by die stoor, by hierdie storie. Alle tyd as Afrikaanse storie is, ek is naby die draadloos. Ek luister en luister. Nou ons vra: "Hoekom is daar's nie storie?" Mense vertel nie ons nie.

Geval 42:-

Respondent: Nou ek sal die Afrikaans praat. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die bus van hier af?

Respondent: Askies?

Veldwerker: (Herhaal)

Respondent: Die mens vat die bus.

Veldwerker: Miskien kom ek van die "bus stop" toe, en ek wil hierna-toe kom. Hoe moet ek loop?

Respondent: Jy moet te voet loop.

Veldwerker: Kan jy my die pad wys?

Respondent: Jy moet by Romestraat kom tot jy by Jumba inkom. Dan, toe jy by Jumba aankom, jy moet by regterhand kom.

Veldwerker: Wat sal gebeur as ek miskien hierdie kant toe vat?

Respondent: Hierdie kant is te ver.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Wat?

Veldwerker: (Herhaal)

Respondent: As ek my huis brand...

Veldwerker: Miskien jou huis brand, wat sal jy....?

Respondent: ... ek sal bel die ... waterpyp daar by die tap vas, en die tap oopmaak.

Veldwerker: Kan jy my 'n kort storietjie of 'n kort verhaaltjie vertel in Afrikaans?

Respondent: Eendag ek het kerk toe gegaan. Toe ek van die kerk af aankom – die son was amper on.., – toe ek daar by Sotho Street kom, die twee tsotsi's het voor my ingekom. Toe die tsotsi's by my kom, hulle vra my geld. Ek vertel hulle dat ek het nie geld nie. Die tsotsi's vir my .... slaan. Ek het by die huis gehardloop.

5. Baie swak

Geval 115:-

Veldwerker: En nou, tel in Afrikaans as van een tot tien!

Respondent: Ek gaan. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

Veldwerker: Waar's die bushalt van hier?

Respondent: Ek gaan ...

Veldwerker: Die bushalt, waar's dié?

Respondent: Ek gaan na die deur toe.

Veldwerker: Nee, ek vra waar is die bushalt?

Respondent: Die bus ... ek ...

Veldwerker: Jy ken die bus?

Respondent: Dink die bus.

Veldwerker: Jy ken die bus? Ek vra jou.

Respondent: Die ken die bus.

Veldwerker: Wat sal ek gesien toe ek gaan die binnekant toe?

Respondent: Ek gaan na die ber.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Ek gaan ... ek het ...

Veldwerker: Praat in Afrikaans!

Respondent: Ek gaan na die deur toe. Ek sit gestoel. Ek ... daar is die deur toe. Die deur huis. Ek gaan ... ek ... ek sit op die stoel.

Ek ...

Geval 48:

Respondent: Ek praat Afrikaans nou.

Veldwerker: Kan jy tel van een tot tien?

Respondent: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, negen, tien.

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die stasie van hier af?

Respondent: Hoekom?

Veldwerker: Hoe kom 'n mens by die stasie van hier af? Of hoe kom jy van die stasie van hier af?

Respondent: Ek?

Veldwerker: Ja.

Respondent: ...

Veldwerker: Moet ek jou net bietjie duidelik?

Respondent: Ja.

Veldwerker: Loop jy te voet, ry jy kar, en so aan?

Respondent: 'n Kar, ek ry 'n kar.

Veldwerker: Wat sal gebeur as 'n mens hierdie kant toe gaan?

Respondent: Watter kant?

Veldwerker: Hier, daar waar ek wys. Hiernakant.

Respondent: Ongeluk.

Veldwerker: Wat sal gebeur?

Respondent: 'n Ongeluk.

Veldwerker: Wat sal jy maak as jou huis brand?

Respondent: Ek sal water gooi.

Veldwerker: Kan jy 'n storietjie sê, net om te wys ...?

Respondent: Hieechiehie. Gedurende die Junievakansie my oom het my genooi om ... ei!

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

Akhmanova, Olga S. et al: Exact methods in linguistic research. University of California Press (1963).

Anderson, N.: Studies in Multilingualism (red.) E.J. Brill, Leiden (1969).

Beneš, E. & Vachek, J.: Stilistik und Soziolinguistik (reds.) Detlef C. Kochan, Berlyn (1971).

Bold, J.D.: Fanagalo phrase-book, grammar and dictionary. Hugh Keartland, Johannesburg (1974).

Botha, J.J.: Die saamgestelde onderwerp in Xhosa. Taalfasette 19, Deel 2 (1975).

Bright, W.: Sociolinguistics. Mouton (1966).

Brooks, N.: Language and language learning. Harcourt, Brace & World (1964).

Cohen, M.: Pour une sociologie de langage. Paris Sedes (1972).

Cole, D.T.: Fanagalo and Bantu languages in South Africa (in Hymes: 1964).

De Klerk, W.J. en Ponelis, F.A.: Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe (reds.). Van Schaik (1976).

Du Plessis, J.A., et al: Xhosa-oefeninge en -dialoë. Universiteit van Stellenbosch (1974).

Fishman, J.A.: Language maintenance and language shift as a field of enquiry. (1964).

Readings in the sociology of language (red.). Mouton (1968a).

Bilingualism in the Barrio (et al). Mouton (1968b).

Language in sociocultural change. Stanford University Press (1972a).

The sociology of language. Newbury House (1972b).

Fromkin, Victoria A.: Speech errors as linguistic evidence. Mouton (1973).

Giglioli, P.P.: Language and social context. Penguin (1972).

Greenberg, J.H.: Language, culture and communication. Stanford University Press (1971).

Gumperz, J.J.: Types of linguistic communities. Anthropological Linguistics Deel 4 nr. 1 (1962).

Halliday, M.A.K.: The users and uses of language (in Fishman: 1968a).

Hannah, Elaine P.: Applied linguistic analysis. Joyce Motion Picture Co. (1975, 3de druk).

Hertzler, Joyce O.: A sociology of language. Random House, New York (1965).

Hymes, D.H.: Linguistic aspects of cross-cultural personality stu . (in Kaplan: 1961).

Language in culture and society (red.). Harper & Row (1964).

The ethnography of speaking (in Fishman 1968a).

Pidginization and creolization of language (red.). Cambridge University Press (1974).

Kaplan, B.: Studying personality cross-culturally (red.). Harper & Row (1961).

Labov, W.: The social stratification of English in New York City. Washington Center for Applied Linguistics (1966).

Lambert, W.E.: A study of the role of attitudes and motivation in second-language learning (et al). Newbury (1972).

Langacker, R.W.: Fundamentals of l nguistic aralysis. Harcourt Brace Jovanovich (1972).

Le Roux, J.J.: Oor die Afrikaanse sintaksis. Swets & Zeitlinger (1923).

Lieberson, S.: Language questions in censuses. Sociological Inquiry, Deel 36, pp. 262-279 (1966a).

Explorations in sociolinguistics (red.). Bloomington, Indiana University (1966b).

Lindenberg, E., Raidt, Edith en Verhage, J.A.: Dietse Studies (reds.). Academica (1965).

Lockwood D.G.: Introduction to stratificational linguistics. Harcourt Brace Jovanovich (1972).

Louw, J.A.: Handboek van Xhosa. Bonapers, Johannesburg (1963).

Lyons, J.: New horizons in linguistics (red.). Penguin (1973).

Malmberg, B.: Readings in modern linguistics (red.). Läromedels förlagen, Mouton (1972).

Ngcongwane, S.D.: Aspekte van taalkontak tussen Afrikaans en die Bantoe-tale met besondere verwysing na die leenwoord. Honneurs-verhandeling, Universiteit van Zoeloeland (1972).

Nienaber, G.S.: Oor die Afrikaanse taal - 'n bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enige versterkingswyses. Swets & Zeitlinger (1934).

Påhlsson, C.: The Northumbrian burr, a sociolinguistic study. CWK Gleerup Lund (1972).

Pheiffer, R.H.: Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die agtiende eeu. Ongepubliseerde doktorale tesis, Universiteit van die Witwatersrand (1976).

Polomé, E.: Cultural languages and contact vernaculars in the Republic of the Congo. Studies in Literature and Language, Deel IV, nr. 4. University of Texas (1963).

Multilingualism in an African urban centre: the Lubumbashi case. Empirical Studies within Africa, artikel XXI (1969).

Sociolinguistic problems in Tanzania and Zaïre. The Conch, Deel IV, nr. 2. (1972).

Problems and techniques of a sociolinguistically-oriented survey: the case of the Tanzania survey. Ongepubliseerde verslag (1973 (?)).

Rural versus urban multilingualism in Tanzania - an outline. Referaat by die Agste Wêreldkongres oor Sosiologie in Toronto (1974).

Pride, J.B.: The social meaning of language. Oxford University Press (1971).

Pride, J.B. en Holmes, Janet: Sociolinguistics (reds.). Oxford University Press (1972).

Prinsloo, K.P.: Die tweetaligheid van twee groepe universiteitstudente, en hul insteldhede teenoor die tweede taal - 'n voorondersoek tot 'n landswye opname. Verslag H.K/L-1 van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, goedgekeur as doktorale proef= skrif aan die Universiteit van Suid-Afrika (1972).

Rice, F.A.: A study of the role of second languages in Asia, Africa and Latin America (red.). Washington Center for Applied Linguistics (1962).

Rademeyer, J.H.: Kleurling-Afrikaans - die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters. Swets & Zeitlinger (1938).

Riordian, J. et al: Lu-ko Xhosa self-instruction course. Rhodes University (1969).

Rosencvejg, V.Ju.: Linguistic interference and convergent change. Mouton (1976).

Scholtz, H.v.d.M.: Taal en taalverskynsels: 'n inleiding tot die studie van die taalkunde. (1948).

Schuring, G.K.: Handleiding vir streeksleiers. R.G.N. (1975).

Shuy, R.W.: Social dialects and language learning (et al). NCTE (1964).

Field techniques in an urban language study (et al). Washington Center for Applied Linguistics (1972).

Stewart, W.A.: An outline of linguistic typology for describing multi= linguality. Washington Center for Applied Linguistics (1962)

Trudgill, P.: Sociolinguistics - an introduction. Pelican (1974).

Van den Berghe, P.C.: Language and nationalism in South Africa (in Fishman: 1963).

Van der Merwe, H.J.J.M.: Belgies-Kongo; 'n sosio-linguistiese studie. UNISA (1960).

Van Overbeeke, M. Inleiding tot het tweetaligheidsprobleem. Steppe-Ninove, Labor-Brussel (1970).

Van Wyk, E.B.: Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes. Taalfasette, Deel 2, pp. 27-60 (1966).

Die begrip "Tweedetaalversteuring" (in De Klerk en Ponelis 1976).

Verhage, J.A.: 'n Nederlandse adverbiale doeblet en die Afrikaanse taalsisteem (in Lindenberg et al 1965).

Vildomech, V.: Multilingualism. Sythoff (1963).

Vorster, J.: Persoonsvormherhaling. Taalfasette, Deel 2, nr. 20 (1976).

Weinreich, U.: Languages in contact. Mouton (1968, 6de druk).

Wolfram, W.A.: A sociolinguistic description of Detroit Negro speech. Washington Center for Applied Linguistics (1969).

The study of social dialects in American English (& Fasold, R.W.). Prentice-Hall (1974).

SUMMARY

Recent systematic research, based on data elicited by means of tape recordings and questionnaires, revealed noteworthy facts about the use of Afrikaans by Xhosas in South Africa. The survey group numbered 504 respondents, of whom each provided a speech sample, as well as his/her views on a variety of subjects. From the processing of the available data resulted (a) a taxonomy and diagnostic description of the most typical errors encountered, and (b) a correlation of interrelevant sociological and linguistic variables. Xhosa and Afrikaans are spoken as home languages by respectively 3,9 and 4 million people in S.A., constituting approximately 37% of the total population. It is therefore inevitable that a certain amount of contact between the speakers of these two languages should occur. Especially in the metropolitan areas the medium of communication between them is mostly Afrikaans. An attempt was made to assess the general standard of fluency achieved, to determine the frequency of usage in various spheres, to detect and classify typical errors (which could presumably be ascribed to mother tongue and other interferences in many instances), and to establish the measure of covariance between extralinguistic variables, such as attitude, age, area of residence, etc., on one hand, and linguistic performance on the other. An impressionistic assessment of fluency by a mother tongue speaker based on both grammatical correctness and communicative performance, was made and numerically recorded in terms of five categories of proficiency, viz 'very good' (1), 'good' (2), 'reasonable' (3), 'poor' (4) and 'very poor' (5). The numeric scale served as a continuum for calculating average proficiency of certain specified groups.

The classification of typical errors into syntactical, morphological and lexical deviations was motivated by the material itself. Phonological deviations formed such a wide and varied field that the available material provided sufficient data for a separate study. An analysis of the bulk of language errors showed that syntactic errors occur by far the most fre-

quently, namely 2 252 (or 58,3%) out of a total of 3 865. Three main error categories are to be found: Incorrect usage (56,2%), omissions (25,1%) and redundancies (18,2%). Morphological deviations, forming 21,3% of all errors detected, are classified in order of frequency under the headings nominal and verbal forms. Evidence of structural interference is to be fount in various syntactic and morphological deviations, although a variety of other causes can be indicated as well. At the impressionistic level, however, lexical interference seems to be the most jarring. Of the 790 examples of lexical deviations recorded (20,4% of all deviations), 58,1% were interferences of one kind or another.

The correlation of sociological variables with the proficiency coefficient, or average fluency, showed a significant covariance in several instances, of which a few will be discussed in brief. It appeared that the self-rating of respondents was slightly exaggerated, in that the average impressionistic assessment for those rating themselves 'very good' was closer to 'reasonable', and those rating their ability to speak Afrikaans 'not at all' appeared to be better than 'very weak'. The degree of multilingualism had a marked influence on the average proficiency. Oral fluency in Afrikaans increased gradually with the number of languages the respondent was able to speak. As regards language medium preference for education purposes, it became evident that the mother tongue was preferred at the low levels, but that the languages of wider communication, English and Afrikaans, in that order, was rated the highest at the secondary levels. The correlation of oral fluency with language medium preference revealed no covariance. This suggested a variety of motives for individual choices, although the contents of some monologues suggested an explanation: It appeared that when a parent had a weak command of the language, he desired his children to improve on his own position by receiving his education through the medium of Afrikaans. The attitude towards Afrikaans as a school subject was favourable in 89,7% of all cases, and the level of proficiency of respondents covaried roughly with their attitude. A clear-cut relation between accul-

turation and language proficiency was proved by an analysis of the data. In the local context, acculturation is closely connected with a higher income bracket, and language proficiency gradually increase with the average income of respondents. A high level of education, as well as a westernised lifestyle also brought about a higher fluency coefficient; although education per se proved to be no guarantee of oral fluency, since respondents who had received only primary education, did worse than those with no education at all. Most respondents (63,5%) had a favourable attitude towards the speakers of Afrikaans as colleague/employer, but only 47,2% was in favour of having them as possible neighbours. The result of correlation provided scientific proof of interaction between attitude (and thus motivation) and linguistic performance in a secondary code, since those favourably inclined showed a notably higher fluency coefficient than those who had an unfavourable attitude.

Calculating average coefficients of proficiency could serve, on the one hand, as a barometer to gauge the efficacy of language teaching (as far as effecting a certain measure of fluency is concerned) and on the other, to confirm or disprove sociolinguistic suppositions about psycological motivations influencing the success with which a secondary code is learnt. Furthermore, instead of just contributing to theory-building as such, research of this sort could relate theoretical conclusions about language usage to the practice of applied linguistics, such as the compiling of language courses for a specific target group, concentrating on those areas where typical errors are likely to occur, and to recognizing speaker attitudes and preferences in language planning as part of an education programme.

* * *

Author Kotze E F
Name of thesis n Sosiolinguistiese ondersoek na sintaksiese, morfologiese en leksikale afwykings in die Afrikaans van Xhosa 1977

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.